

HOOFSTUK IX

DIE AFWERING EN BEHANDELING VAN SIEKTE EN TEENSPOED DEUR DIE NGAKA

Afgesien van al die ander vertakkinge van die ngaka se beroep, is hy nie alleen by uitstek nie, maar ook eintlik die enigste persoon tot wie die Motswana kranke, of sy familie, hulle wend in tye van siekte. - So was dit voor die koms van die westerse geneesheer, en selfs ook vandag met die talle fasiliteite om van sendinghospitale en die moderne geneeskunde gebruik te maak, is die ngaka nog steeds in aanvraag, want dit was tog hy en sy voorgangers wat "ons Batswana voorgeslagte bedien het in tye van siekte, lank voordat die Witman gekom het." In Hoofstuk XI volg 'n analitiese bespreking oor die Tswana denke, om enigszins 'n begrip te probeer formuleer van hoe die Motswana redeneer, ook in tye van siekte en die aanwending van middele wat 'n gunstige verandering moet teweeg bring. Daar sal gewys word hoe hy die magiese met die empiriese kombineer. Hier wil ons voorlopig daarmee volstaan deur daarop te wys dat siekte eintlik die afname van krag is.

A. SIEKTE

Elke mens het 'n God-gegewe lewenskrag, wat dag vir dag uitgebou en versterk moet word. Wanneer die mens eet, dan vul hy daardie krag aan. Wanneer hy werk dan gebruik hy van daardie krag op. Daar is middele in die plant- en diereryk wat die krag in die mens kan aanvul en daar is ook plante en diere wat daardie krag kan verminder. Hulle kan aangewend word om die mens gesond, of siek te maak. Maar aangesien daar honderde van hierdie middele is spreek dit vanself dat 'n onkundige of half-opgeleide persoon die middele verkeerd kan gebruik en 'n siekte kan vererger in plaas van te genees indien hy die verkeerde middele, of kombinasie van middele sou gebruik.

In die geval van die Motswana word die behandeling van siekte daardeur gekompliseer deurdat siekte nie altyd 'n natuurlike oorsaak het nie, maar net so dikwels veroorsaak kan word deur 'n mens se vyande, waarvan daar vele is wat sy ondergang begeer en selfs help bewerkstellig. Laasgenoemde is een van die openbaringsvorme van boloi of toordery wat gewoonlik as die oorsaak gegee word van ernstige of langdurige siekte. Die dolosse sal bepaal wat die oorsaak is, maar dit is te begrype dat met die herhaalde kere van dolos 'gooi' by 'n langdurige siekte hulle vroeër of later in een of ander van die boloi posisies sal val. (Vgl. B.37/11, 12, 30, B.40 e.a. of soos in B.41/50 sê hulle dat dit nie toordery is nie). Dit is dan te begrype dat 'n Motswana sal praat soos in A.8 as hy sê: "Siekte, vandag, is van tweërlei aard. Daar is die siekte wat van God (kom); en ook is daar die siekte wat deur die mense veroorsaak word; deur toordery.

Die siekte (wat) van God kom kan deur 'n Motswana-ngaka genees word, maar eerder nog deur Blanke-dokters. Maar wat siekte van toordery betref, is die Blanke-dokters nie in staat (om dit te genees nie). Slegs Tswana-'dokters' kan dit genees." Van tyd tot tyd sal 'n siek Mokgatla dan ook beweer: "Dit sal nie help as ek hospitaal toe gaan nie want hierdie is Tswana-siekte. (Bolwetse bo ke ba Setswana)" d.w.s. dit is weens toordery deur ander Batswana.

1. Afweringsmiddele

Voorkoming van siekte is ook vir die Motswana van groot belang daar dit makliker is om 'n gesonde persoon gesond te hou, as om 'n kranke terug te lei op die pad van herstel. Aangesien baie siektes deur toordery bewerkstellig word, is dit van groot belang om reeds daár 'n voorsprong te kry. En daarom word die 'medisynehoring' berei met al die nodige teenmiddele daarin teen toordery, soos verderaan in hierdie Hoofstuk bespreek sal word. Elke lid van die gesin moet nou vroegtydig beskerm word met hierdie afweringsmiddel, deur met 'n skerp lemmetjie ingekerf te word op al die ledemate en ingevryf te word met die preparaat in die horing. Ook word daarvan bo in die verhemelte gesmeer en aan die oë en ore.

Vervolgens is daar sekere plante wat mogato (trapper) genoem word (vgl. E.32) soos bv. Blepharis serrulata en Sphedamnocarpus pruriens en die groot bitterappel. "'n Mogato (trapper) beteken 'n kragmiddel om 'n mens te laat afkoel, d.w.s. dat die "slegte dinge" van hom af moet padgee... Dit beteken dat as daar goed sou wees wat kom om 'n mens dood te maak, hulle "vertrap" moet word."

Wanneer daar 'n ernstige siekte in 'n lapa was wat gelei het tot die dood van die kranke, dan is dit noodsaaklik om die agtergeblewenes te beveilig sodat dieselfde ramp hulle nie ook tref nie. In K.2 word die siekte van so 'n persoon in die pastorie, behandel en hoedat die ngaka 'n afwerings-behandeling aan die inwoners gegee het om hulle te beveilig en hulle almal 'gewas' het deur besprenkeling.

2. Die behandeling van siekte

Wanneer 'n persoon reeds siek is en die ngaka ontbied word, en hy dan die aard van die krankheid bepaal het met sy dolosse, dan sal hy begin met die behandeling self. Gewoonlik waar 'n siekte pas begin het en hy na die kranke se lapa ontbied word, vind die behandeling daar by die kranke se tuiste plaas. Indien dit 'n langdurige siekte is, verkies die 'dokter' dat die pasiënt na sy eie tuiste moet kom, waar hy beter toesig kan hou en ook meer van sy middele vir behandeling beskikbaar het.

Met die drie keer gooi van die dolosse word die aard van die siekte bepaal (vgl. Hoofstuk VIII A) en ook die behandeling vir hierdie siekte voorgeskryf. In die meeste gevalle sal die voorskrif een of ander plant wees wat by nog

twee tot vier ander plante gevoeg sal word, na gelang van die erns van die siekte. Heel dikwels moet daar dan ook 'n insiek of dierebestanddeel bykom. Soos in Hoofstuk X A behandel word, het die ngaka hier besondere oorgelewerde kennis van die geneeskragtige bestanddele van sekere plante, wat hy dan ook aanwend by sy behandeling van siekte. Hierdie middele word gekook met water in 'n kleipotjie en die aftreksel daarvan aan die pasiënt gegee om te drink (vgl. 0.1), gewoonlik 3 keer per dag, oor 'n tydperk van 3 dae tot 'n week of langer na gelang van die siekte.

Soos in Hoofstuk X en XI behandel sal word, maak die Tswana ngaka soms gebruik van 'analoge behandeling' of soos dit soms genoem word 'imitation magic', waar 'n gesogte eienskap van 'n plant of dier oorgedra word op die pasiënt.

(a) Die hart en bloedstelsel

Vir die Motswana is die normale funksionering van die hart en vloei van bloed deur die liggaam van primêre belang. Die hart moet reg werk en ook die nodige rus kry. In teks L.1 word die hart wat nie reg werk en ook nie behoorlik 'rus' nie, behandel met die eienskap wat 'n hoender se poot besit, nl. om bedags te kan skrop en hardloop en snags 'opgetrek' heerlik uit te rus. "Die hart wat so siek is dat dit groot pyn veroorsaak, wat 'n mens snags geen slaap laat kry nie, en bedags pyn, - die behandeling van die hart sodat 'n mens rustyd kan slaap, - ek genees die hart met 'n hoender. Ek neem net (die hoender) se pote. Ek kook die hoender se een poot saam met medisyne wat genoem word Tshuku-ya-pôô: Hypoxis rooperi; net een knol. Die pote word albei afsonderlik gekook vir 'n week lank. Die hart sal dan slaap met behoorlike rus soos voorheen. Ek sal die twee pote van die hoender by sy knieë afsny, terwyl hy nog leef, en daarna maak ek hom dood aangesien dit 'n 'sonde' voor Modimo sal wees om hom te los terwyl hy ly sonder pote! 'n Hoender skrop en as hy slaap dan tel hy sy poot op - dikwels die linker een. Ek wil hê dat ook die pasiënt so moet slaap wat sy liggaam betref! Om dit te doen beteken dat die kranke van nou af maklik aan die slaap sal raak, en dat sy hart hom voortaan nie meer sal pla nie." Die Hypoxis rooperi-plant, Tshuku-ya-pôô word dikwels deur die dingaka gebruik en o.a. sê Watt en Breyer-Brandwijk (1962 p.41) dat dit deur die Tswana en Kwena gebruik word as 'n tonika vir swak kinders. Die dingaka beweer dat Mosokela-tsebe: haasoor of Bantoewortel (Sansevieria, pr. thyrsiflora of ook guineensis) 'n kalmerende uitwerking op die hart het (L.2 en L.6). Maar wat baie sleg is vir 'n mens is wanneer sy hart vol 'skuim' word, want dit maak hom na bewering besete, en hy dwaal dan rigtingloos in die veld rond (L.3). Bogokgwe: Scilla marginata word dan deur die ngaka voorgeskryf.

(b) Besetenheid of malheid

"'n Ander soort besetenheid is van die baarmoeder, as die maandstone koptoe hardloop. Dit maak die vrou 'n besetene. Die maandstone breek die are van die vrou se hart. Sy vergeet oombliklik alles waaraan sy met haar hart gedink het, en dit laat haar duiselig word." (L.3). Besetenheid, soos dit hieronder behandel word, kan ander oorsake hê, maar uit die voorgaande blyk dit dat vir die Tswana-ngaka dit van belang is, dat bloed reg moet vloei. As daar te veel bloed na 'n persoon se kop sou gaan dan veroorsaak dit besetenheid.

Droefheid is dikwels die oorsaak van 'n hart se ontsteltenis. (L.4). Die hart klop te vinnig en dan word Sejabaleki: *Scilla lancifolia* gekook met 'n hoender en aan die pasiënt gegee. Watt en Breyer-Brandwijk 1962 vind ook op p. 715 "the bulb has a digitalis action". Dan weer meen 'n Ngwato ngaka: "As die hart nie reg is nie, en spring-spring, en dit so sou aanhou, kan dié mens mal word." In L.5 word daarvoor gekookte Mokatelo: *Ipomoea crassipes* Hook, wilde-winde, aanbeveel: "dit keer die hart om nie vinnig te klop nie. Hy sal bedaar en die kranke sal gesond word."

Soos verderaan bespreek sal word, word braking as een van die belangrikste behandelinge by die Tswana-ngaka beskou, en net so dan ook by 'hart'-moeilikheid. Die 'poeierkwas', Mathuba-difala: 'n *Haemanthus* sp. waarskynlik *coccineus* word hiervoor gebruik (L.7):- "As iemand se hart hom pla, dan grawe ons die bol uit van die poeierkwas wat ook reiniger, of 'spensbreker' ... genoem word. ... Die genesing is daarin dat as ons die persoon laat drink dan braak hy. En hy sal dan skuim opbring. ... Daardie plant sal die hart laat bedaar. ... Dit moet saam met Tshika-di-thata: 'taai-are' (*Lasiosiphon kraussianus*) gebruik word. Hierdie middel sal hom laat nies. Hy sal nies totdat daar trane uitkom, sy neus loop en daar spuug by sy mond uitkom! Maar so is dit wat ek iemand behandel as hy besete word. En ek sal hom gesond kry. Ek sal dan die nodige plante soek om die spiere van die hart mee te masseer, d.w.s. die are." Volgens Watt en Breyer-Brandwijk (1962 p. 1024) is hierdie plant *Lasiosiphon kraussianus* dodelik giftig.

As die hart lank aanhou om te vinnig tē klop kan dit doofheid veroorsaak of ook malheid, volgens een ngaka. In L.8 word 'n beskrywing gegee van die behandeling om 'n hart wat die mens mal maak tot bedaring te bring. Die middele wat daarvoor nodig is, is: 'n groot spinnerak, vanweë al die insekte wat dit reeds opgevang het, om ook die insekte wat in die hart rondfladder te vang, die swart-waterbossie, huilbos, blinkblaar-wag-'n-bietjie, 'n akkedis, 'n tortelduif se nes, en 'n Namakwa-duifie. Alles word saam verkool en fyngemaal. Ook is daar die plant 'Boa-boa' in die Thabazimbi distrik wat die eienskap sou besit om 'n mal mens tot bedaring te bring. (Teks L.13). Die belangrikste deel van die behandeling is om die hart tot bedaring te bring deur middel van 'n skaaphart wat al

stadiger klop, soos in L.8 beskrywe: "Ons sê die skaap is 'n 'flou-maker'. Ons sny die skaap oop terwyl hy nog lewe en haal sy hart kloppend uit. En nou, terwyl die hart nog ruk-klop, doop ons dit in die verkoalde kragmiddel, en gee dit aan die pasiënt om die (hart) af te lek, terwyl dit nog ruk-klop. Sodra die hart afkoel sit jy dit neer. Jy laat hom dit dan nie meer lek nie. Nou sal die hart van daardie mens net so tot bedaring kom....." 'n Baie belangrike beginsel wat hom telkens by die Tswana bongaka herhaal, kom hier prominent na vore nl.: dat 'n kenmerkende eienskap wat 'n plant, of voël of dier mag besit oorgedra kan word op die mens sodat hy daardie selfde eienskap deelagtig kan word. Meer voorbeelde van hierdie beginsel word gaandeweg gegee en dan wysgerig in Hoofstuk XI benader.

Besetenheid kom baie onder die Batswana voor en ook in verskillende openbaringsvorme. Dit het dan ook een van die vertakkinge geword waar die dingaka hulle op toelê, en sommige het beroemdheid verwerf as genesers van besetenheid. 'n Baie merkwaardige deel van die behandeling, is om die besetene so gou as moontlik tot bedaring te bring en hom 'aan die slaap' te maak, sodat hy behandel kan word. Hiervoor gebruik een ngaka Moilanong: gifboom (*Synadenium cupulare*). Watt en Breyer-Brandwijk (1962 p. 437) sê: "The plant is apparently highly dangerous for the application of the latex to the eye causes considerable destruction and its application to the mouth, great swelling. On the skin it produces a rash followed by desquamation." - Ook Steyn (1949) beweer dat dit baie giftig is. Persoonlik het my hele gesig en mond vanaf Brits tot by Pretoria gebrand nadat ek niksvermoedend by eersgenoemde in die kliprante van hierdie gifboom uitgegrawe het! Die ngaka neem van die wortels en blare van hierdie gifboom (Moilanong) in L.10 en 11, en meng dit met Tsebe-di-ntlha: Boesmangifboom (*Acokanthera oppositifolia*, Lam. L.E. Codd.). Die poeier van dié twee plante word voor die besetene se neus gehou sodat hy dit kan opsnuif. - "Dit sal hom mak maak nadat dit hom bedwelmd gemaak het."

By die eersgenoemde plant word ook blare van Mmabi: die brandnetelbos (*Urera tenax* N.E. Br. Pl. 593) gevoeg en dit word met skaapvet op warm kole gebraai, sodat die dampe daarvan in die besetene se neus en mond kan optrek. "Wat hom (die besetene) betref, hy gaan nou slaap! En om slaap te soek is om helderheid van verstand te soek. As hy stewig is en nie ingee nie, dan neem ons 'n skaap en laat hom die middel snuif en die dampe inadem en laat hom langs die mal man slaap. Op hierdie wyse sal die skaap saam met hom slaap en hy sal ook slaap. Hierna sal ons hierdie skaap doodmaak en vir hom medisyne kook saam met die skaap se vleis." Hierdie skaap wat aan die slaap gemaak word, of ook 'n bok, is 'n behandeling wat meermale toegepas word by baie ernstige siekte. Die mond van die skaap wat 'slaap' word teen die mond van die pasiënt wat ook 'slaap' gesit, sodat met hulle 'mond tot mond asemhaling' die siekte van die pasiënt en die 'gesondheid' van die bok of skaap omgeruil kan word. In die geval wat in L.10 en 11 beskryf word, word die skaap vir die pasiënt geslag en saam met Bogokgwe: *Scilla marginata* gekook.

By 'n interessante vergelyking van 2 tekste van dieselfde ngaka, L.9 in 1963 en L.10 en 11 in 1965 blyk dit dat die behandeling feitlik identies is. By eersgenoemde kom net die heuningvoël by, 'n kragmiddel wat hierdie ngaka besonder baie van hou, omdat die voëltye altyd op soek is na seëninge en die mens ook daarvan wil meedeel.

Malheid word gewoonlik veroorsaak deur die bloed wat te vinnig na die kop toe gaan, maar kan ook teweeg gebring word deur 'n mens te toor. So word in die geval van Mokebisi vertel (1.12) hoedat daar fyngemaalde brommerpoeier in sy tee gegooi kon gewees het, en dat hierdie poeier "sodra hy dit gedrink het, 'n werklikheid word en dit 'n lewendige (brommer) vlieg in hom word sodat hy 'n kranksinnige word in so 'n mate dat ons nie weet wat om met hom te maak nie." Die behandeling wat hier nodig is is braking, sodat die pasiënt die 'toorgoed' waarmee hy getoor is kan opgooi. "Ek het heuningvoël(poeier) geneem en die middel wat genoem word Motlhatsiso: gifwortel (*Haemanthus magnificus* Herb.). Ek het hom dit laat drink en daarna het hy 'n vlieg opgegooi.. Dit het hom 'n uur geneem. En (die vlieg) het uitgekóm met spuug wat nie wou uitkóm nie."

(c) Vallendesiekte

Die Tswana ngaka kry dikwels te doen met gevalle van vallendesiekte, en soos die een dit stel in L.15 is dit "die belangrike siekte wat ons wil verstaan in die geneeskunde". Die oorsaak van vallendesiekte word gesien as die gevolg van aanhoudende neus- en tandvleisbloeding en ook skrik: "Vallendesiekte volg gewoonlik op aanhoudende bloeding indien 'n persoon nie iemand gehad het wat hom kon behandel nie. Tweedens is dit as sy hart skrik. As hy skrik, dan gaan die are staan en daar is geen bloed wat vloei nie. As die bloed 'stil' staan, dan moet hy flou word. Sy arm of been moet aan die bewe gaan. (Sy) hart is dan vol skuim; hy bewe en val." (L.15). Waar die siekte in die eerste plek deur bloeding veroorsaak word, moet die vloei van die kranke se bloed stadiger gemaak word. Hiervoor is die verkleurmanneltjie die aangewese kragmiddel want: "Ons het 'n versterkmiddel van 'n lewendige ding wat stadig loop. Dit is 'n trapsuutjies. Die bloed moet ook net so maak." (L.15). Ook moet van die ietermago se bloed en die bloed van 'n kromnek-skikpad hierby kom, omdat 'n ietermago 'n manier het om sy neus in te trek net sodra hy 'n mens sien, en ook die skilpad net so. Met ander woorde die bloed van hierdie pasiënt sal in die toekoms meer versigtig wees, 'die kop intrek' en ook stadiger beweeg in die are. Drie plante word ook hierby gevoeg o.a. Mata-fatshe: brandbossie (*Aptosemium depressum*) en Monwane: (*Securinega virosa*). Al hierdie middele word saam in 'n lengetana: 'n stuk kleipot gebraai terwyl die dampe deur die pasiënt ingeadem word. Daarna moet hy van die verkoelde poeier daarvan eet. "Met die geloof dat jy op die regte pad is van genesing, is dit waar, jy sal die siekte baasraak. Jy kerf al sy ledemate en vryf hierdie poeier se salf daarin. Hy sal flou word. Terwyl hy flou is, moet jy aangaan en die werk voltooi.

As hy dan weer bykom sal ons hom dophou om te sien of hy op 'n ander dag weer sal val." (L.15). Hierdie vallendesiekte kom volgens die ngaka veral voor met nuwe maan, en die behandeling is alleen suksesvol as die pasiënt dan nie 'n aanval kry nie.

'n Ander behandeling van vallendesiekte begin met braking deur vir die kranke Motlhatsiso: gifwortel (*Haemanthus magnificus* Herb.) in te gee. Daarna moet hy die dampe inadem van die Namakwa-duifie waarby van die Tshika-di-thata: (*Sphenostylis angustifolia*)-plant asook die wurm van 'n soetdoringboom en die wurm wat uit 'n skaap se kop kom, gevoeg is (vgl. L.14). Die middel wat hy moet drink word berei van 'n hond se bloed, die mis van 'n vlakvark en een van die vlakvark se luise. Hy moet dit vier keer per dag vir 2 weke lank drink. (L.14). By ernstige siektes soos hierdie is dit noodsaaklik dat die ngaka voorsorg sal tref dat die siekte nie die pasiënt verlaat en op hóm, die ngaka, 'vlieg' nie. In L.16 behandel die ngaka 'n pasiënt wat vier keer per dag 'n aanval van vallendesiekte kry, en om homself te beveilig drink hy dan dieselfde medisyne saam met die pasiënt vir 'n week lank, nl. hoendersop met Modilla: wildekapok (*Asclepias fruticosa*) en 'n klein Namakwa-duifie wat ook 'n 'floute' kry as mens aan hom vat.

Monokane: (*Ozoroa insignis*) harpuijsbos en Kgomoya-buru: (*Bulbine stenophylla* Verdoorn L.) is ook twee waardevolle plante volgens L.17 in die behandeling van vallendesiekte, veral as hulle saam met die stokkieshuisgogga gebruik word. Laasgenoemde is van belang, omdat die 'wurm' in die stokkieshuisie baie versigtig is en met die geringste teken van onheil, terug trek in sy huisie in. Dit is die eienskap wat die ngaka wil hê by sy pasiënt se bloed, veral by neusbloeding (vgl. verderea).

(d) 'Die groot hoofpyn'

'n Langdurige kwaai hoofpyn word, volgens die Tswana-dingaka veroorsaak deur drukking van te veel bloed in die kop. Die hart maak die kop te swaar met al die bloed en dan 'skud' die hart nog boonop die kop. In L.18 beskrywe 'n ngaka 'n werklike geval wat behandel is van 'n jong man met 'n vreeslike hoofpyn: Die eerste valwyse van die dolosse het vir die ngaka gewys dat 'bloed' die oorsaak van die hoofpyn is. Die derde valwyse, toe hulle Motlhakola (omkering) val, toe diagnoseer die ngaka dat 'hy verongeluk' is deur meisies. Die vierde val bevestig dit en: "Ek besef toe dat dit die siektes is van vroumense... Modimo (die erdvark-dolos) toon my toe dat hy (die pasiënt) 'n hart het wat siek is. Dit maak sy kop seer." (L.18). Heel eerste moet die ngaka "die bloed van die meisies uit hom verwyder." Dit gaan hier om die algemene opvatting onder die Tswana dingaka dat gemeenskap met 'n menstruerende vrou altyd noodlottige gevolge vir die man het, want haar bloed dring in hom in en veroorsaak gewoonlik 'lende pyne'.

Om die vrouebloed in hierdie hoofpyn geval uit te kry word Mositsane: elandsboontjie (*Elephantorrhiza elephantina* (Burch) Skeels) en Thota-madi: 'bloed-drupper' (*Jatropha erythropoda* Pax. & Hoffm.) aan die pasiënt gegee om te drink. "Dit meen dat hy ... rooi urine sal water wat nl. die meisie s'n is, soos wat hy by haar gaan slaap het, terwyl sy nie reg was nie, - terwyl sy nog menstrueer. D.w.s. sy, die meisie, het die seun verongeluk en die seun se bloed bederf, sodat sy hart hom hoofpyn laat kry." (L.18). Die jongman moet eers nog *Indigofera daleoides* Benth en *Hermbstaedtia odorata* en Seretlwana drink, waarna die ngaka begin om die seer kop te behandel. In 'n stuk kleipot word die kerfsels van 'n mispelwortel, Milo: (*vangueria cyanescens* Robyns) en van die Moologa: bergboegoe (*Croton gratissimus*) geplaas, saam met die fyngekapte skedel van 'n bobbejaanmanneling. Net soos wat die vuur se hitte van onder in die stuk kleipot indring en die middele warm maak so word die stuk warm pot nou op die pasiënt se kop geplaas, gestut deur 'n stutring van kweekgras, om sy kop 'ligter' te maak deur die drukking en hitte uit te trek. Na 'n paar minute word die potskerf afgehaal en die inhoud wat reeds op die vuur verkool het, fynemaal. Die ngaka skeer nou met 'n lemmetjie twee kruispaaie oor die pasiënt se kop, van oor tot oor en vanaf die kuiltjie agter in die nek tot by die voorkop. Vier snytjies word in die kopvel gemaak en van die swart poeier daar ingevryf. Indien die hoofpyn nog nie weg is nie, dan gaan die ngaka verder voort deur 6 wit klippe in die vuur te verhit, kweekgras en *Commelina albescens* Hassk. daarop te plaas en die pasiënt daaroor te laat sit, bedek met 'n paar komberse, sodat hy kan uitsweet sodra die ngaka water drup op die gras en klippe. Hy sal dan baie sweet en sy kop sal beter voel. Ook rooistorm (*Cadaba aphylla* Thumb.) en die Transvaalse plakkie kan gesnuif word om die hoofpyn te verlig.

"As die kop nog seer bly dan word dit veroorsaak deur die hart, nadat ek nou lank probeer het om dit te genees. Ek sal sien dat ek hom liewers kan laat braak. Maar om hom te laat vomeer is 'n ernstige saak, aangesien ons dan op hom 'n operasie uitvoer op Setswana wyse, net asof ons hom oopsny... daar mens hom kan laat opgooi totdat hy doodgaan." (L.18). Die plant wat hiervoor gebruik word is poeierkwas (*Haemanthus wrsk. coccineus.*) wat in melk gekook word, wat die pasiënt dan moet drink. Om sy braking te stimuleer hoef hy net te kyk hoe die melksap drup uit 'n Motlapa-tlapa: *Ammocharis coranica*-bol om dan sonder meer te vomeer! Hierna kan van die Ntige-plant en kameeldoring aan hom gegee word om te drink. 'n Ander ngaka maak ook in L.19 gebruik van dieselfde stuk kleipot-op-die-kop behandeling maar gebruik duiwelsdis Talla-poa: (*Dicerocaryum zanguibarum*) as die belangrikste middel. "Jy haal die potskerf versigtig af en sit dit neer. Dit beteken: jy lig die groot kop(-seer) van haar af."

Die groot hoofpyn hang soms saam met die ore en die oë. Dan is dit van belang om olie te gebruik nl. die vet van 'n vis, of van 'n phika-slang en die vet van 'n miswurm. (L.20). Ook by hierdie behandeling moet jy "die hitte,

(koorsigheid) van die kop verbind met die hitte van die warm-gemaakte potskerf." Volgens L.21 kan 'n plant gebruik word wat erger brand as 'n brandnetel, nl. *Epaltes gariepina* (D.C. Steetz). Die ngaka-naam Mollwana beteken 'klein-vuurtjie'. "Dit beteken dat ek hierdie 'klein vuurtjie' om sy kop kan bind vir 'n uur of twee, en dit sal hom dan 'n swart streep brand. Maar dit is kragtig om die pyn uit te trek." Soms verkies die ngaka om die pyn uit die kop te trek met die miswurm (vgl. L.21). In dié geval word die wurm op die kaalgeskeerde paadjie op die kop geplaas. Hy suig glo van die bloed op die kerfplek en word dan in die veld neergesit om weg te stap met die pasiënt se bloed en hoofpyn wat hy opgesuig het.

(e) Bloeding

Wanneer 'n persoon se neus of tandvleis aan die bloei gaan en nie wil ophou nie dan lê vir die Motswana die genesing ook daarin soos by vallendesiekte, om die hart te laat bedaar en aan die bloed die eienskap van 'kop-intrek' te gee. Om dan ietermago bloed wat skroei se dampe in te adem word as noodsaaklik beskou. (Vgl. L.22). Hierby moet nog Modubu: vaderlandswilg (*Combretum glomeruliflorum*), een van die Gwarriebos-soorte Motlhakola: (*Euclea multiflora* Hiern.) en haak-en-steek, Mošaoka: (*Acacia heteracantha*) gevoeg word. - Maar: "die rook van haak-en-steek kan iemand laat flou word as hy dit te kwaai intrek." Die pasiënt moet die verkoolde poeier van al bogenoemde eet, nadat die gestrepte honderdpoot ook eers bygevoeg is. Na bewering gaan die honderdpoot op in 'n rooibok, skaap of bok se neus, tot in die brein, en daarom moet hy nou kom "om te help keer dat die bloed nie uitkom nie." Die pasiënt wat oor die potskerf met die skroeiende middele sit, sal nies van die dampe en van sy eie bloed sal drup op die middele wat hy inadem. Dit word dan alles saam weer fyngemaal en aan hom gegee om te snuif en te eet. Dit word oor sy kos gestrooi, en selfs gegooi in die water wat hy drink "en hy sal dan volkome genees." 'n Ander Tlokwa ngaka wat 'n soortgelyke behandeling gee as hierbo, voeg ook die skubbe van die ietermago by (L.23) saam met Bogoma: (*Setaria sphacelata* en Morôkôrôkô: (*Pollichia campestris*) en die rooi gom van 'n haak-en-steek doringboom. Die fyngemaalde poeier gebruik hy dan nadat hy eers die pasiënt laat sweet het onder komberse, om hom by al sy ledemate mee in te kerf.

'n Evangelis beskryf in L.24 hoe hy 'n skoolkind wat mondbloeding gehad het met 'n dergelyke behandeling genees het. Hy het Mokokwele: (*Bridelia mollis*) en Mokhukhu-wortels (*Combretum pr. erythrophyllum*) by die ietermago-bloed of waterskilpad-bloed gevoeg. 'n Ander ou ngaka gebruik liewers Monokane: rapuisboom (*Ozoroa insignis*) en Moretlwa: rosyntjiesbos (*Grewia flava*), die poeier waarvan (soos in L.25) hy in 'n kruis-vorm oor die pasiënt se pap strooi "sodat die bloed kan kruis en nie meer uitgaan waar dit uitgegaan het nie, maar gaan staan." Dit gebeur soms dat die mens nie by die mond en neus bloei nie, maar dat 'die bloed in die maag' voor of agter uitkom. Dan kan

volgens L.26 die plant Mokhukhu-tau; rolbossie (Triumfetta sonderi) gebruik word deur dit te drink, of as 'n enema. Dit sal na bewering die bloeding stop. As die bloed by die oë of ore uitkom, dan kan 'n paar druppels Selaole: Lantana rugose (Thunb.) se aftreksel in die oë of ore gedrup word, drie maal per dag, en die oog of oor met 'n hoender- of tarrentaalveer skoongemaak word.

(f) Bloed

Volgens die dingaka (L.27) is alle Batswana se bloed nie dieselfde nie daar dit altyd ooreenstem met 'n mens se totemdier. Daarom moet 'n ngaka altyd daarmee rekening hou sodat hy nie vir 'n pasiënt vet of 'n ander bestanddeel gee van sy totemdier nie. As die dolosse in die Motlhakola (omkering) posisie sou val dan moet die ngaka weet dat hy nie van daardie vet mag gebruik wat hy in gedagte gehad het nie. "As iemand iets of 'n dier as totem het (bina), dan beskut (die dier) hom met sy persoonlikheid omdat hy (die dier) vereer (e a mo sira ka seriti)."

Onsuiwerheid van die bloed kan mens bemerk deurdat daar knoppe op die vel kom as jy jouself krap. Jy kan jou hele liggaam was met 'n aftreksel van Bogoma: (Setaria sphacelata), wat baie sal jeuk en jou sal laat sweet en die bloed sal reinig. (L.28). 'n Mens kan bloed urineer as jou niere koue gevat het. So 'n seun is lusteloos en het 'n slegte aptyt en ly waarskynlik aan bilharzia of nefritis. Die een ngaka kook Motokwane; dagga (Cannabis sativa L.) en gee dit vir hom om te drink,⁽¹⁾ asook wynruit (Ruta graveolens) (L.29). Bloed moet gereinig word, onder andere deur gereelde ontlasting. 'n Plant wat die dingaka van hou om die bloed so skoon te maak is verfbol, Seswagadi: (Jatropha zeyherii Sond.) (L.30).

Wanneer die navorser saam met die ngaka in die veld stap en hy met blydschap begin grawe om 'n klein onaansienlike plantjie (Jatropha erythropoda Pax & Hoffm.) met 3 klein bolletjies wat aan mekaar geryg is uit te haal, waarvan daar bloedrooi druppels tap, dan verg die naam Thotamadi: (bloeddrupper) nie veel verbeelding nie, en die siektes waarvoor dit aangewend kan word, is voor die hand liggend:- "As 'n vrou vind dat haar maandstonde te erg vir haar is en oormatig kom, of vir te veel dae, dan neem ons 'bloeddrupper', en sny 3 skywe af. Ons kook al 3 gelyk in 'n potjie en laat haar hierdie water drink, en gee haar die voorskrif om in die aand weer van die water te drink. Die volgende môre vroeg met dagbreek, moet sy dan die een skyfie neem, en daarvoor 'n gaatjie gaan grawe agter die huis. Sy moet dit in daardie gaatjie sit en dan daarop urineer, aangesien dit haar gepla het; en dan moet sy dit toegooi. Die volgende dag

(1) Watt en Breyer-Brandwijk 1962 sê op p. 761: "We can find no evidence of the eating of dagga in S.A."

moet sy weer so maak en weer die daaropvolgende dag. Deur dit te doen, sluit sy die menstruasie af om dit te verhinder om nie baie dae lank te duur nie. Dit moet net 3 dae lank duur." (L.31). Hiervolgens blyk dit dat vir die ngaka die drie skywe, elk 'n dag voorstel en op 'n magiese wyse in staat is om die menstruasieperiode te kontroleer. Soos hierna sal blyk is dit van groot belang vir bevrugting. - Ook hoofpyn wat deur drukking van die bloed veroorsaak word, of 'n man wat 'bloed drup' (bilharzia of nefritis) kan met Thota-madi behandel word.

(g) Die versameling van 'bloed' tot mensvorming

Vir die Motswana, net soos vir elke ander volksgroep is dit van primêre belang om die familie of groep voort te plant. Maar voortplanting gebeur nie sommer nie! Dit is 'n funksie wat van die begin af deur die Skepper daargestel is, maar heel dikwels tree daar een of ander ongerymdheid in wat ten gevolge het dat 'n egpaar net nie kinders kry nie. Dan wend hulle hul tot die ngaka wat moet vasstel waar die fout lê en hierdie 'siekte-toestand moet genees, want die verwekking van 'n nuwe lewe ontstaan in die baarmoeder as die man se 'bloed' meng en verbind met die vrou se 'bloed'. Daar is talle omstandighede wanneer dit nie na behore gebeur nie en daar dan net nie 'n kind gevorm word nie. Om hierdie rede het feitlik alle dingaka 'n baie uitgebreide 'kennis' oor hierdie onderwerp en talle middele en behandelinge om verwekking te verseker en 'n normale geboorte:- "As ons 'n mens sien op aarde, dan is dit nie dat hy sommer gebore word nie. Nee hy word 'gevorm', (opgebou). Om 'n mens te vorm is 'n groot werk, want 'n vrou behoort behandel te word met dipheko kragmiddele, om eers haar inwendig reg te kry ... om die 'knoping' reg te kry (en dan)... om te help om die kind in hierdie vroumens te vorm." (M.5).

Onder die rubriek M in die tekste is verskillende aspekte benader:- Eerstens is dit van belang dat 'n vrou vir drie dae lank haar maandstondes sal hê, en altyd met nuwemaan. As sy langer neem dan kry sy dit nie reg om die nuwe lewe te vorm nie. Ook mag sy nie deur die man genader word voordat haar menstruasie heeltemal verby is nie, want dan word die ou bloed teruggestuur, en bevrugting is dan nie moontlik nie. "Die bloed wat al die tyd in haar was moet uitbreek en in drie dae verbygaan ... Haar bloed sal (dan) begin om te versamel. Dit wil sê as sy en die man bymekaar is - dan 'neem' sy." (M.1). Die verwekking van 'n nuwe lewe neem na berekening 30 minute in die tweede week na menstruasie. (M.1).

Om die maandstonde normaal te laat verloop word katdoring Lesitwane:(Asparagus suaveolens Burch.)⁽¹⁾ en die Morothothobe-plant aan die vrou gegee om te drink. Die

(1) Asparagus suaveolens Burch (katdoring) word volgens Watt en Breyer-Brandwijk (p.688) by verskeie stamme gebruik, o.a. die S. Sotho om vrugbaarheid te bevorder.

moeilikheid is dikwels volgens die dingaka dat die baarmoeder skiet-gee en die 'saad' laat los (M.2). Met die middel Letsididi-la-noka - 'n rivier klimop plant, word op 4 plekke om haar nael inkerwingegemaak om te verseker dat sy nie 'sal laat los' nie. Net soos die katdoring is ook Moreko wa thwagadima: (*Rhoicissus tridentata*) bobbejaantou, 'n moremelo of 'uterus sluiters' wat volgens M.3 bevrugting sal verseker. As 'n vrou die 'siekte' het van 'die man se bloed' (semen) terug te gee in plaas van om 'n kind te 'vorm', (M.11) dan gee die ngaka vir haar 'n *Hypoxis rooperi* knol Tshuku-ya-pôô, om te kook. Maar daar is 'n paar magiese voorskrifte waarvan nie afgewyk mag word nie:- Die knol moet 'n 'sitvlak' hê en so in die potjie regop 'sit' en kook. Ook moet die vrou dit vasdruk in die potjie terwyl sy die treksel drink, of in 'n koppie laat regop 'sit'. "As ons so maak, dan is dit om te verhoed dat dit wikkel, en dit verseker dat die baarmoeder op een plek sal staan en nie heen en weer moet skommel nie." Sy moet vir tot 3 weke lank dag vir dag so aanhou. Die ngaka beraam nou 'n plan in M.11 om van die semen en haar afskeiding aan 'n *Hypoxis* 'prop' te kry wat hy dan fynmaal: "Hy neem van hierdie poeier en gee dit aan hulle en sê hulle moet dit eet. Dit sal dan hulle bloed gaan vasvang aangesien die man die vrou se bloed geëet het en die vrou het sy bloed geëet. Dit meen dus hulle bloed sal van mekaar hou. Die vrou sal nou in staat wees om die man se bloed 'te versamel' (go phuthela) en hulle sal 'n kind kry." Hierdie laaste opmerking wys hoedat die Tswana ngaka meen dat die uterus die vrou se bloed en die semen moet 'versamel' en vorm tot 'n mens. Dit word hier in goedertrou herhaal om die Tswana opvatting oor bevrugting toe te lig. God is self die skepper van 'n nuwe mens. Hy wil dat daar 'n mens tot stand sal kom, en dit is nie maar toevallig of net volgens die mens se begeerte nie. Ook hier soos sô dikwels sê die ngaka: "as God wil" dan sal jy gesond word. "As God wil dan sal jy 'n kind kry."

'n Treffende opvatting by die ngaka is dat die mens by sy oorsprong nou verwant is aan 'n slang. As bewys hiervoor noem hy die reuk wat die mens het net na sy dood en ook die feit dat 'n 2 maande oue embrio slangvormig is (M.4): "As 'n mens gesterf het - sonder dat hy sleggeword het, dan is sy reuk dié van 'n slang. Dit beteken dat ons hier in die geheimenisse van God is as hy 'n mens skep. Dit wil sê net sodra die twee maande vol is (na bevrugting) dan vind ons hierdie mens is 'n slang... (motho o ke noga). Om dit te beweer beteken dat die mens na sy oorsprong 'n slang is. Die ou mense het gesê: "As God 'n mens skep, is hy 'n slang." - As ek nou hierdie woorde oordink dan sien ek dat die (regte) behandeling van 'n mens met 'n slang moet wees."

Die ongebore kind moet deur die ngaka se behandeling 'sterk' gemaak word sodat hy gesond groei en welgeskape kan wees by sy geboorte (M.5). Die een segsman sê (in M.23) dat reeds vanaf die derde maand van swangerskap moet 'n sekere plant: Meno-a-mpya: ('die hond se tande') - pr. *Crabbea hirsuta*, aan die vrou gegee word om te drink. "Dit is 'n kragmiddel wat die 'ongeborene' sal laat groei en sy are,

sodat wanneer hy gebore word, ons sal vind dat hy nie tingerig is nie, maar 'n stewige kind, wat mooi sal lewe." Die middele wat die vrou drink en inadem word alles gesien as die mens wat God help. "Modimo moet gehelp word, sodat ook Hy gehoor sal gee aan jou gebed en dit vervul, sodat die kind gebore sal word." (M.5).

(h) Geslagverandering

As 'n vrou net seuns of net dogters kry, dan is dit volgens die Tswana-ngaka 'n doodeenvoudige saak om die geslag van die volgende kind te verander. Baie plante is naamlik bekend as manlike plante: nl. dié wat gewoonlik dorings het, en vroulike plante, wat sag en sonder dorings is. As die ngaka wil verseker dat die vrou 'n dogter sal kry, dan neem hy die volgende plante: die vroulike Morokolo-podi: (waarsk.) *Lycium tetrandrum*, die vroulike Mfetola: ('die verander plant') *Indigofera pr. hilaris* Eckl. plus *Zeyh.* en die vroulike Moologa: *Croton gratissimus* Prain. - bergboegoe. Slegs die vrug van die bergboegoe word verkool en dan met die ander gemeng. Dit word dan ingevryf op inkerwinge wat op die vrou en die man se heupe gemaak word.

(i) Baarmoeder ongesteldheid

Dit gebeur dikwels dat 'n vrou wat nog nie 30 jaar oud is nie, net nie swanger word nie. Die ngaka skryf hierdie toestand toe aan wat hy noem 'teruggee' (M.7): "'n Vrou kan nie 'n kind 'dra' (in die baarmoeder vorm) as sy hierdie siekte van 'teruggee' het tydens haar swangerskap nie, want die baarmoeder van die vrou 'braak', en weier die vroulike leefwyse... en die vrou (kan) nie volle swangerskap bereik nie." 'n Wurm wat in die turfgrond homself 'intrek' of 'n skerpioen kan saam met van die eerste wilde waatlemoen gebruik word om die vrou mee te behandel. Maar dit mag ook gebeur dat die uterus skeef hang. Die simptome hiervan is volgens M.8 dat sy reeds kinders het en nou nie meer kry nie en haar voete en arms en gesig swel op en sy het voortdurend hoofpyn. Dit kan volgens die ngaka weer reggestel word met Thabo: kakie-onkruid (*Gomphrona celosioides* Mast.); Seswagadi: verfbol (*Jatropha zeyherii* Sond.) en Selomi: *Rhynchosia burkei*. - Opmerklik is dat die Seswagadi 20% tannien het.

Wat kommer baar is wanneer 'n miskraam dreig. Dan moet die baarmoeder behandel word (M.10): "sodat sy nie die 'kalf' (die ongeboore kind) wat nie gelukkig is nie, 'uitstort'." Die behandeling bestaan daarin dat die vrou dampe van die Morare-rankplant; (*Tinospora caffra*) se skroeiende takkies moet inadem. 'n Stuk van die bol word ook gekook en dit moet sy met slappap vir 'n week lank eet, twee maal op 'n dag. "Hierdie Morare: ('kanker') kragmiddel, was 'n vrou se binnekant mooi skoon en rank ook die kind mooi vas binne in die baarmoeder, sodat die vrou nie 'n skade moet aanrig nie." Dit sal ook die ongeboore kind vinnig laat groei sodat hy frisgebou sal wees by sy geboorte. As 'n kind (volgens M.10) op sy 6e of 8e maand gebore sou word sal hy nie leef nie, maar wel op sy 7e, 9e of 10e maand!

(j) Vrugbaarheid

Daar bestaan 'n hele paar plante wat na bewering vrugbaarheid by mense en diere bevorder (M.12). By mense word Mohubu: *Cissus puberulus* wat gemeng is met die groot bitterappel Khupamarama: (*Solanum incanum* L.) gedrink en by beeste kan Mabofe: (*Cissus quadrangularis*) asook Mojakabomo; slangkop, Theteli: (*Urginea Burkei*); Sejabaleki: (*Scilla lancifolia*) en die Transvaalse katjiepiering Morala: (*Gardenia spatulifolia* Stapf. + Hutch.) ook nog gebruik word.

(k) Kraam en toordery

In Hoofstuk VII word toordery afsonderlik behandel, maar hier dien net daarop gelet te word dat dit volgens die Tswana dingaka moontlik is om 'n vrou so te toor dat sy net nie geboorte kan gee nie. "In die 'vasbind' (toor) van 'n vrou met Tswana middele, neem hulle die voëlent op 'n tambootieboom en die hars van die soetdoring. Hulle sluit vir die vrou haar baarvermoë deur dit in gate waarin rysmier-tuite is te kook. Die vrou kan dan nie kraam nie. Sy sterf terwyl sy swanger is, as daar nie iemand is wat weet hoe om haar te bevry nie." (M.14). Maar die ngaka wat sy naam werd is het altyd raad: Daar is 'n sekere soort rooi grond bo-op die Pilanesberge wat bekend is as Moleko 'toor'-grond, waarvan die ngaka neem asook Moraga-ngaka: stinkbas (*Pittosporum viridiflorum*) en môka-bye. Hulle word almal saam gebrui terwyl die vrou wat in kraam is die dampe inadem en dan nog 'vuilgoedveër' (Sekgopa-matlakala) gegee word om te drink. 'n Vrou kan selfs na bewering vir 'n jaar in swangerskap verkeer en dan soos hierbo gehelp word.

(l) Tydens 'n bevalling

Tswana dingaka ken almal plante wat hulle gebruik om 'n vrou wat in kraam is te 'help' om vinniger geboorte te gee. Sommige plante is egter so kwaai dat hulle die vrou vermoei of ook haar liggaam kan beskadig. Magorometso is so 'n plant waarvan die een ngaka die uitwerking in die volgende woorde beskryf (M.15):- "By die bevalling is die Magorometso ('stoter') plant 'nommer een'. Dit word met oorleg aan 'n vrou gegee. Dit neem haar dan net 15 minute - dan is die baba hier! Indien jy te veel aan haar sou gee, kan sy verswak deur al die vroulike bloed uit te skraap. ... Dit kom vinnig by haar kraming. Dit sal die pyne aanhits sodat die kind gou kan kom. En daar sal niks agterbly nie. Ook die nageboorte sal kom." Die plant Matlhomaganyang wat in F.15 behandel word het volgens 'n ander ngaka nog 'n beter uitwerking op die vrou, want sy ondervind nie veel pyn nie, maar gee spoedig en gemaklik geboorte. Die ngaka waar-sku egter dat te veel van die plant die vrou nie kwaad sal aandoen nie, maar die kind kan doodgebore word.

Soms verkies 'n ngaka soos in M.18 om Morekapele: dikbas (*Dombeya rotundifolia* - Hochst. Planch.) te gebruik saam met die nageboorte van 'n merrie en die Magorometso-plant. Sy moet 'n teelepelvol van hierdie gemengde poeier

in warm water drink en binne 'n halfuur behoort die kind gebore te word. Hier is egter ook 'n oorgelewerde magiese voorskrif nl. dat die ngaka agter haar moet staan as hy haar laat drink, en dan simbolies die kalbas waaruit sy drink laat val. Die rede vir die gebruik van die merrie se nageboorte is omdat: "... die merrie nooit 'n stuk nageboorte agterhou nie. En dan ook gee die merrie geboorte aan haar kind dat jy verbaas is om te sien dat die vulletjie reeds op sy voete staan!"

Lematla, ook bekend as Talla-poa: Dicerocaryum zanguebaricum (dubbeltjie-doring, duiweltjies, duiwelsdis, elandsdoring, seepbossie, skaapdoring) is een van die sterk middele wat 'n Motswana ngaka kan gebruik by 'n bevalling. Die een segsman wys in M.19 daarop dat die duiwelsdis gevaarlik is wanneer dit aan 'n vrou gegee word voor dit haar tyd is om geboorte te gee, want binne 5 minute nadat sy dit gedrink het, moet sy geboorte gee. Hy verkies om dit te gebruik as hy by 'n vrou kom wat in kraam is en wat alreeds vermoed is. Indien sy nog moeilikheid ondervind tydens die bevalling dan gebruik hy Sekgopa-matlakala: (die 'vuilgoedveër' plant). Watt en Breyer-Brandwijk (1962 p. 830) vind ook m.b.t. Dicerocaryum zanguebaricum: 'The Southern Sotho give an infusion of the leaf to aid in the expulsion of retained placenta in women and animals.' Om die nageboorte af te kry is vir die ngaka van groot belang, maar hy verkies om lievers soos in M.20 die Sekgopa-matlakala ('vuilgoedveër') daarvoor te gebruik. Net die agterkant van 'n teelepelvol in loutwater is genoeg om die placenta binne 20 minute te laat 'aankom'.

Die kalane of setlou is die geboortevlies en dit moet in die hut begrawe word waar die kind gebore is (M.21). Die moeder van die kind moet met haar voete dit met grond toegooi, waarna die ou vrouens wat help met die bevalling dit met hulle voete vasstamp. - Hier is die ngaka nie teenwoordig nie, want hy wag buitekant om te hoor of alles in orde is. Dit gebeur ook soms dat na die geboorte 'n vrou weer erg aan die bloei gaan 'die groot bloeding'. Die ngaka skryf dan Theteli: slangkop (Urginea sanguinea Schinz) voor. 'n Eetelepelvol van die poeier word by ditloo: Bantoe-grondboontjies gevoeg, maar net dié met swart bekkies" (M.16). Die vrou moet dan twee keer per dag van daardie Bantoe-grondboontjies met die slangkop-sous eet. Dit sal dan na bewering die bloeding laat ophou.

(m) Na die geboorte

Met die geboorte word 'n kind se naelstring gemeet tot by sy knie, afgesny en geknoop. Die wond en naeltjie word dan gesmeer met Mogato: (Heliotropium steudneri) wat met room aangemaak is. Na vier dae word weer daarvan aangesmeer, maar rondom die naeltjie (M.17). Skoon as kan ook om die naeltjie gegooi word. Die kind moet ook 'n middel inadem wat braai om hom te versterk, nl. Legetla: (Bulbine stenophylla). Sodat die kind mooi kan groei moet vir die eerste paar weke geen verwagte vrou in die hut kom waar die

suigling is nie. Om dit te verseker word mepakwana - 2 of 3 hout pale voor die hut neergesit as teken en afskorting. 'n Vrou wat pas 'n baba gekry het word deur die ou vrouens 'gewas'. Hulle vra 'n middel van die ngaka en hy bring vir hulle Masite:gombossie (*Hermannia boraginiflore* Hook) (M.22). Dié plant moet help dat die kind nie vir sy pa sal skrik as hy hom die eerste keer sien nie, en ook dat ander mense hom nie sal 'trap' nie. Hierdie 'vertrapping' beteken dat 'n persoon wat nie met die nodige middele behandel is nie, d.w.s. reeds van voor sy geboorte af, en ook daarna, in die lewe so 'oorweldig' sal word deur ander mense dat hy net sal kwyn en later doodgaan. Voordat die baba uit die hut gaan moet hy self ook van hierdie gombossie drink, 'sodat hy uitgaan met 'n liggaam wat 'gewas' is' (M.22).

Gedurende die eerste vier maande na geboorte skryf die ngaka vir die moeder nog die Meno-a-mpya: (*Crabbea hirsuta*) plant voor. Dit sal na bewering haar melk groenerig kleur en ook die suigling se ontlasting. (M.23). As 'n moeder nie melk het vir haar kind nie, weëns swere in die borste, dan kan van hierdie plant gekook en aan die kind gegee word. 'n Kind moet mooi stewig en fris groei, want dan glo die ngaka loop die bloed sterk deur die are en sal die kind nie 'n ingevalle fontanella kry nie; - 'n toestand waarteen die ngaka altyd waak. Op vier maande ouderdom beveel die ngaka aan, (M.23) die middel wat meeste vroue ook ken onder die naam Tlhogwana of Phogwana: ('hofie' of 'fontanella') nl. die wag-'n-bietjie katdoring (*Asparagus africanus* Lam.). Die fyngestampde blare word op die baba se fontanella gesit, terwyl hy die dampe inadem van die blare en wortels. Ook word 'n aftreksel van die blare gemaak en vir die kind gegee om te drink. Die ontlasting sal groenerig wees en later van kleur verander. Wanneer dit weer normaal lyk, meen dit dat die kind gesond is en nie meer hierdie middel hoef te drink nie. Die gebruik van die *Asparagus* plant is baie algemeen onder ander volkere vir 'n reeks van siektes (vgl. Watt en Breyer-Brandwijk p. 688). As die fontanella ingesak het en stil is en nie mooi sterk klop nie, dan sê die een ngaka (M.26) die kind is besig om dood te gaan. Hy neem ook katdoringblare, maar voeg hierby van die Masegomabe: swartwaterbossie (*Plumbago seylanica* L.) en 'n stuk volstruiseierdop. Dit word fyngemaal en met 'n lepel se steel afgemeet om met water gemeng vir die baba gegee te word om te drink. Die afsaksels word op die fontanella gesit en liggies getik met die vingers. Dit moet egter gou weer verwyder word "aangesien dit brand, want indien dit twee minute op (die kop) sou bly, sou dit 'n sweer op die skedelopening veroorsaak."

Dit gebeur dat terwyl 'n baba nog gesoog word, dat sy moeder weer verwagting word en haar melk 'bies' word. Dit word genoem: 'Die kind is raakgeslaan'. Die behandeling hiervoor is om Mosokela-tsebe: aambeiwortel (*Sansevieria pr. guineensis*) met melk te kook en vir die kind te gee. Die groot suurpruim Morotologa-wa-kgomo: (*Ximenia caffra* Sond.) se wortels kan ook hiervoor gebruik word (M.24). Volgens een ngaka (in M.25) kan die kind maar drink van sy ongebore

boetie of sussie se melk tot met die geboorte as aambeiwortel (haasoor) met bokmelk gekook en aan hom gegee is. "As die eersgenoemde kind nie gedokter word deur hierdie haasoor nie, sal hy siek word van melk te drink wat nie aan hom behoort nie."

Een ngaka het in M.27 'n saaklike opsomming gegee van hoedat 'n baba reeds van sy tweede dag vertrouwd moet raak met medisynes o.a. met Legetla: (Bulbine stenophylla). Die baba moet die dampe inadem sodat al die kindersiektes maklik uitkenbaar sal wees. Die plant word gemeng saam met die Sebatibogogo-gogga wat onder die bas van dooie boomstompe lewe. Salf word dan van die geskroeiende gogga en plant gemaak, "om sy een oor met hierdie middele te smeer, en ook die een oog en die een neusgaatjie; en hom dit deur die mond te laat eet vir tien dae lank. ... As die kind dan later siek word, dan sal ons sy siekte gou en sekuur kan diagnoseer."

(n) Die reëling van maandstondes

Omdat bloed en bloedverlies van soveel belang is in die lewe van elke mens, is dit te begrype dat ook by die Batswana en by name die Kgatla, die aankoms, intensiteit en tydsduur van menstruasie 'n baie belangrike rol sal speel. Dit is nooit in die alledaagse gesprekke 'n onderwerp wat in die openbaar bespreek word nie, en selfs wanneer die dingaka daaroor praat, dan word uitdrukking gebruik om die onderwerp te verberg, soos bv.: O bonye mosese; o ile nokeng; o bonye setswalo; o mo tšhentšhing ('change'). (1) "Die regte tyd vir 'n vrou om haar maandelikse 'veranderinge' te hê is met nuwemaan.... As dit nie op die regte tyd kom nie kan dit vir haar teenspoed bring. Of wanneer dit bv. in die nag kom terwyl sy by haar man is, dan kan sy 'n ramp oor hulle bring. Dit beteken dan dat te alle tye moet die menstruasie op die

(1) Hierdie onderwerp kon in die tekste (M.28-32) en hier ook verswyg gewees het, as dit nie was dat dit so 'n belangrike rol in die hele opset van siekte en teenspoed vervul nie. Soos verderaan ook nog sal blyk, word baie siektes by mans veral, en ook die vrugbaarheid van die land en die veeposte deur hierdie maandstondes bepaal. Die onderwerp onder bespreking asook die daaropvolgende oor siektes en hul behandeling wat betrekking het op die twee geslagte se onderlinge verhouding, is van soveel belang in die ngaka praktyk en ook vir die mediese wetenskap dat om dit te verswyg, hierdie studie onvolledig sou maak. Waar die volkekundige probeer om 'n objektiewe waarneming van verskynsels daar te stel afgesien van sy eie oortuiging volg dan ook nou in goedertrou 'n konfidensiële oorsig wat nie bedoel is vir inligting aan die breër publiek nie. Om bogenoemde rede is die kopiereg voorbehou vir suiwer wetenskaplike doeleindes.

regte tyd daarvoor kom.... Volgens ons gebruik moet 'n vrou haar maandstondes hê 'as die maan gevloek word' (dus met nuwemaan)." (M.28). As 'n vrou merk dat haar veranderinge nie reg is nie, sal sy dit aan haar man sê en hy sal na 'n ngaka gaan en sê: "Dit gaan nie goed met my vrou se afsondering nie." Daar is baie middele wat gebruik word; een is Fulwane: - basterolien (*Buddleia saligna* Willd), of kamferhout (*Tarchonanthus camphoratus* L.). Die ngaka kerf van die plant in 'n kalbas en vul dit met water en gee dan die opdrag dat die vrou dit elke nou en dan met 'n rosyntjiebos-roerstok moet klits. Sy moet dan die skuim eet. So moet sy aanhou van tyd tot tyd tot die volgende dag en dan al die orige water opdrink. Dit behoort die gewenste uitwerking te hê. Ook haar man kan daarvan drink as hy lendepeyne het. (M.28 en M.29).

'n Ander Ngwato-ngaka sê ook: "As die maan 'in die middel van die stat' (laaste kwartier) of eerste kwartier is en in die nag opkom, of as die vrou dan menstrueer as die maan ondergegaan het dan beteken dit siekte." (M.30). Die middel wat hy aanbeveel om 'n 'normale' toestand te verseker is Thepelefšane o o mosesanyane: (*Cyphocarpa augustifolia*). Sy moet van die wortel se treksel drink terwyl sy na die ooste kyk, nadat dit gemeng is met Tlhogotshweu: hamelstertjie (*Heliotropium lineare*).

As 'n meisie vind dat sy baie bloed verloor het dan kan sy Thota-madi: - bloeddruiper (*Jatropha erythropoda* Pax + Hoffm.) neem en dit saam met pap kook en eet. "Dit sal haar menstruasie laat ophou. As sy nie haar maandstondes gereeld het nie, dan kook sy dit met water. Dit sal die menstruasie laat begin." Sê 'n Matebele ngaka wat onder die Bakgatla woon (M.31). Hy gebruik dieselfde plant "... vir 'n man met lendepeyne, as dit vrouens is wat hom siek gemaak het. D.w.s. dit is 'n man wat deur menstruasie vermink is." Hy laat die man die fyngerkerfde 'bloeddruiper' in water drink.

'n Ander Kgatla-ngaka van Botswana wys daarop hoe 'gevaarlik' dit is as vrouens in hierdie toestand tussen groot- en kleinvee beweeg. Dit is gevaarlik vir die koeie en ooie wat onvrugbaar sal word en ook vir die vrou, want 'n ngaka beveilig sy kudde met Ledutla: die wit turflelie (*Crinum macowanii* Bak.); Tlhobokwe: *Tephrosia polystachyoides* Bak. f; Tshuku-ya-pôô: *Hypoxis rooperi* S. Moore en Morala: die Transvaalse katjiepiering (*Gardenia spatulifolia* Stapf. & Hutch.) (M.32). Dit word in die beeste se drinkwater gegooi, en... "as 'n vrou weet dat sy haar veranderinge het, en sy dan sommer tussen hierdie beeste inkom, dan het sy haarself getoor. Die beeste sal niks oorkom nie. Die een wat hulle ralla: 'deurkruis', sal skade kry." (M.32).

(o) Die versterking van die man

As 'n man 'n geruime tyd siek is en verswak het, is daar volgens die Kgatla-ngaka se beskouing, (soos in N.1) 'n sterk moontlikheid dat 'n swanger vrou hom kan 'trap' of 'oor die man buk': - "Ons bedoel dat hierdie mens wat siek is, dat

sy siekte nie erger word weens die 'lyf' van die vrou wat swanger is nie." (N.1). In so 'n geval sou die siek man se maag ook 'swanger' (groot) word. Om hom daarteen te beskerm neem die ngaka 'n mogato 'trapper' soos bv. die bitterappel (*Solanum panduraeforme*) se blare of *Monechma incanum*, kou hulle en spuug hulle oor die siek man. Dan is hy beskerm. Of 'n salf kan van die wortel gemaak word met bokvet of beesvet en dan kan sy liggaam saans daarmee ingevryf word.

Mans en vroue ondervind dikwels dat hulle kruis of lende seer word en dat hulle dan styf voel en gebukkend loop. Vir die Tswana-ngaka is dit 'n teken van die verswakking van die lende by die man, en so ook by die vrou en dan berei hy 'n middel wat gedrink moet word van: Sekanami: slangkop (*Urginea sanguinea* Schinz.), Sebete: lewer-plant, Moselesele: Sekelbos (*Dichrostachys cinerea* L.), Mosetlha: huilbos (*Peltophroum africanum* Sond.), Kobo-e-tshetlha of Seswagadi: verfbol (*Jatropha zeypheri* Sond.). Hierdie mengsel sal die aptyt stimuleer en ook wedersydse toegeneëndheid. (N.2).

As 'n man swak voel kan sy 'are' en 'spiere' versterk word, na bewering, met Maime: *Ipomoea crassipes* Hook. (N.3), maar soms gebeur dit dat 'n vrou vir jare lank net nie 'n kind kan kry nie. Nou sê die ngaka dit is hulle twee se bloed wat nie van mekaar hou nie. Hy neem dan Seswagadi: verfbol (*Jatropha zeyherii*), kook dit en gee vir die vrou "n lepel vol van die treksel." Dit sal haar bloed 'was'. "Ons maal die verkoolde plant. Ons kerf dan die vrou in met die verkoolde poeier rondom haar (lende), en net so ook vir haar man. Deur dit te doen gaan hierdie Kobo-di-tshetlha: ("geel-komers") en maak dat die bloed van die man en die vrou van mekaar hou, sodat hulle kinders kan kry; d.w.s. hulle (bloed) by mekaar pas." (N.5). Die ngaka gee aan hulle 'n kalbassteeltjie gevul met die bogenoemde verkoolde plant met room aangemaak en gee aan die man die opdrag om in die aand daarvan aan homself te smeer, sodat "as hulle saam is, die poeier kan deurgaan tot by die 'stat' d.w.s. tot by die baarmoeder. So gebeur dit dan dat 'n kind gekry word." (N.5).

Die moontlikheid bestaan veral by die Batswana dikwels dat die man na maande se afwesigheid met werk, dat hy dan by die huis kom en vind dat sy vrou reeds swanger is, 'maar dit is nie sy "maag" (mpa) nie'. Dit is dan 'n moila (taboo) vir die man om by sy vrou te kom voordat die ngaka hom rondom sy lende (letheka) ingekerf het met hierdie verfbolsalf. Hy sou anders 'geslagtelik vermink' word deur vrouebloed op te neem. Na die behandeling sê die ngaka: "Dit beteken dan: Dit is so goed asof dit sy eie 'maag' is daardie (van die vrou). Hulle kan bymekaar kom. Dit beteken dan dat die "geel-komers" (verfbol) hul bloed bymekaar aangepas het." (N.5). Indien die man en vrou 'n geruime tyd saam is sonder dat sy kinders kry ten spyte van die ngaka se behandeling, dan is daar volgens teks N.4 nog die go tsena motlung (om in die huis te gaan) moontlikheid, nl. om jou regimentsmaat se hulp te vra. Sy maat sal vir hom 'die deur oopmaak' en van dan af sal die man en vrou saam kinders kry.

(p) Urino-genitale ongesteldheid

Kohler en van Warmelo (1951:74 e.v.) het 'n baie insiggewende bydrae gelewer met die Zulu tekste en vertalings oor geslagssiektes wat as 'iqondo' bekend is by die Nguni: "that is, a spell or condition which has the extraordinary property that, without affecting the woman in the least, it sickens and kills the first man who has relations with her. He then gets the iqondo, which may take the form of any disease or ailment. ... it is especially venereal disease that is often traced to iqondo." (p.74).

Ook by die Tswana heers die opvatting by verskeie dingaka dat die ongesteldhede van mans: sy dit 'lendepyne', moeilikheid met die niere of die urinering, of bloederigheid daarin, of sere aan die manlike organe almal teruggevoer kan word tot die geslagsverkeer met 'n vrou wat nie 'reg' is nie, (ga aa nna pila) of wat 'getoor' is. (Vgl. die tekste N.13 tot N.21). 'n Algemene simptoom by die Tswana van moeilikheid in hierdie verband is wanneer moeilikheid met die urinering ondervind word: o khutlilwe ke mosadi - 'hy is deur 'n vrou vermink'. Dit impliseer gewoonlik dat hy met 'n menstruerende vrou 'n verhouding gehad het. Die een Kgatla ngaka beveel Makokoane: vermeerbos (*geigeria africana* subsp. *ornativa*) se vars blare saam met Bantoebier hiervoor aan. Steyn (1949:189 e.v.) en Watt en Breyer-Brandwijk (1962: 231 e.v.) wys daarop hoe giftig die vermeerbos is. Laasgenoemde skrywers vermeld ook (op p. 234) dat die Kwena en Kgatla van die verkoolde vermeerbos invryf by kerfplekke op die kruis om hewige pyne te verlig. Die Tlokwa ngaka beweer (in N.15) dat: "Die bloed in 'n vrou se baarmoeder, is 'n siekte. As 'n man by so 'n vrou kom, dan kom haar bloed in hom en word hy daarvan siek.... Dit kan sy urine afsluit sodat hy gladnie kan urineer nie." Dit kan volgens die teks soveel pyn veroorsaak dat hy selfs daarvan kan doodgaan. "Dit beteken: die vrou se bloed gaan sy lende 'afsnay' of dat dit sy are tot stilstand laat kom het." (N.15). Die voorgeskrewe behandeling in hierdie geval is dat hy 'n koppie vol Kobo-di-tshetlha: verfbol (*Jatropha zeyherii*) drink. Dit sal sy 'manlike are' laat oopgaan en sy 'urine ontsluit'. Watt en Breyer-Brandwijk (p.422) sê dat die Zulu die plant ook gebruik as 'n "blood purifier".

'n Miskraam is ook genoeg om 'n man siek te maak, en hy mag gladnie by so 'n vrou kom nie. "Die vrou is 'miskraam-onrein' (o photsa) totdat sy weer menstrueer." (N.16). So 'n siek man kan met die Lefetlhwane-plant behandel word, of 'n baie drastiese behandeling wat by verskeie dingaka voorkom, kan ook in hierdie geval voorgeskryf word om die vrou se bloed uit die man te kry. Hy moet naamlik van die verkoolde poeier van die bontkewer: Mylabris oculata inkry, wat bekend is as Seletsa - of Tetsa-banna: 'die manslaat-skreeuer'. Die kewer (vgl. Hoofstuk X) bevat die dodelike gif 'kantaridin', tot 3% volgens Steyn (1949:76), en moet volgens die dingaka met die uiterste versigtigheid gebruik word. (Vgl. ook Watt en Breyer-Brandwijk 1962: 713). 'n Mespuntvol van die Seletsa-banna-poeier word in

'n bietjie Bantoebier gegooi en vir die man gegee om te drink. "As hy probeer urineer sal hy kerm. Die bloed versper. Dit keer die urine om verby te kom. Hierdie middel word die 'mans-laai-skreeuer' genoem. Hy is baie kwaai! As iemand jou dit laat drink, dan dink jy: 'Ek gaan dood!' As jy urineer kom daar bloed uit. Daarna kom daar geel urine." (N.16). Die ngaka en die pasiënt sal dan 'weet' dat die man weer gesond is en hy sal weer 'sterk' voel. Hierdie ngaka sê dat die bontkewer net vir mans gebruik word, en voeg dan daarby: "As die bloed so by 'n man uitkom, dan is dit dié wat hy by vrouens gaan haal het toe hulle nie 'reg' was nie." (N.16).

Steyn (1949:76) vind dat die kantaridien die urine laat verminder, die pols en asemhaling versnel en die niere laat ontsteek. Dit is 'n strawwe brandmiddel met strawwe maagdermprikkeling. Kgori sê: "As 'n groot dosis van hierdie kewe aan iemand gegee word, d.w.s. meer as 'n mespuntvol dan kan jy hom doodmaak." (N.16). Hy waarsku ook daarteen om nie swanger vrouens met hierdie 'bitter' medisynes (tse di babang) te behandel nie: "Dit maak die 'kalf' - die ongebore kind, dood." (N.16).

'n Ander Kgatla-ngaka skryf 'n minder drastiese behandeling voor vir niere wat pyn en: "die are van die niere van 'n man wat sy manlikheid betref, as daardie bloed nie reg loop nie, of hy self aanvoel dat hy verswak het wat sy manlikheid betref." (N.18). Hy moet nl. vir 4 dae lank die aftreksel drink van die bolle van Marêê-a-pôô: 'n katdoringsoort (*Asparagus suaveolens*). Hierdie is dan 'n geslagstimuleerder vir mans, terwyl vir vrouens (volgens N.18 B die wortels van Morotologa-wa-namane: suurpruim (*Ximenia americana* L. var. *microphyla*) gebruik word. Die ngaka het ook 'n merkwaardige ondersoek van 'n siek man om sy lewensverwachting vas te stel. Hy gee nl. vir hom volgens N.17 vir twee dae na mekaar 'n eetlepelvol verpoeierte Mathaolole: Bantoebruid (*Pavetta zeyherii*). Indien dit die kranke geslagtelik stimuleer sal die ngaka weet dat hy gesond sal word, maar indien daar geen reaksie is nie, "weet jy dat die man nie meer lank sal lewe nie... Hierdie is 'n lewensondersoek binne in die man." (N.17). Ongelukkig gee Steyn en ook Watt en Breyer-Brandwijk nie inligting oor hierdie plant nie.

'n Gevaar-toestand ontstaan wanneer 'n man bv. 'n jaar of langer weg van sy vrou was. Dan moet die ngaka hom eers met Lenawa-la-thotse: (*Rhynchosia confusa*) behandel, deurdat hy en sy vrou van die poeier moet wegblaas en ook snuif. Dit sal dan verhoed dat een van hulle se neus aan die bloei gaan. "As dit nie gedoen word nie, dan kom daar bloed by die neus uit. Dié mens gaan dood. Die man of die vrou.... Hy sal nie lewe nie. Die rede is: die man se 'bloed' en die vrou 'syne' is bymekaar verby. Hulle verbind nie met mekaar nie!" (N.20). Hier word 'n belangrike opvatting geïllustreer, nl. dat met gemeenskap die vrou se bloed kan deurdring tot by die man se neus, as hy nie sō versterk is dat sy 'bloed' (sperma) die sterkere is en deurdring tot in die baarmoeder nie. Dit moet egter ook nie verder

tot by die vrou se neus gaan sodat sy haar dalk doodbloei nie. Daar moet 'n verbinding plaasvind om 'n nuwe mens te vorm.

Dit gebeur meermale dat 'n man met 'n opgeswelde scrotum hom aanmeld by die ngaka. Die behandeling hiervoor (volgens N.21) is om 'n Mosetse-wortel: kiepersol (*Cussonia paniculata*) te neem en hom dit so rou te laat drink en eet. Ook moet die smeulende dampe daarvan onder hom optrek saam met die skroeiende hare van 'n klipspringer. (Vgl. Watt en Breyer-Brandwijk (1962:116,387) vir die gebruik van die plant by Sotho, Zulu en Kwena vir ander kwale). "Hy sal dan groen 'water' voortbring. Hy sal baie urineer totdat daardie scrotum gekrimp het en weer die normale fatsoen het." (N.21). Sy niere moet egter nou ook gereinig word, o.a. met die bolplant Khadi. Dit word vol van verskillende soorte dorings gestee en gekook. Twee bottels vol van die treksel word dan gedrink waarna die Kgatla-ngaka beweer: "Hy sal buk net soos hy wil, sonder dat hy nog sy niere voel: Khadi is 'n belangrike middel vir niere." (N.21). Die dorings simbo-liseer die pyne, soos wat die ngaka verduidelik: "As die dorings so daarin gestee word, dan is dit omdat ons die pyne almal bymekaar bring sodat ons hulle uit hom kan uithaal." (N.21).

(q) Die dood bring ongesteldheid

Die opvattinge oor die nadelige gevolge wat 'n sterfgeval op die agtergeblewenes kan hê, is wyd verbreid onder natuurvolkere soos uit talle volkekundige werke blyk. So wys Frazer (1924:205 e.v.) op die menigte taboes wat streng nagekom moet word om rampe in die gemeenskap te voorkom. Ook Ashton (1952:101) gee 'n baie goeie beskrywing van gebruike by die Basotho in verband met die begrafnis en mee-gaande seremonies, maar Malinowski (1948:29) wys op 'n aan-grypende wyse watter geweldige gemoedsaandoeninge daar by die mens ontketen word as hy voor die werklikheid van die dood te staan kom: "Of all sources of religion, the supreme and final crisis of life-death is of the greatest importance.... Man has to live his life in the shadow of death, and he who clings to life and enjoys its fulness must dread the menace of its end. And he who is faced by death turns to the promise of life." Dood en die ontkenning daarvan, nl. onsterflikheid, bring by die mens die skerpste oortuiginge na vore m.b.t. die wisselwerking tussen hierdie lewe en die een hierna. Die emosies is uiters gekompliseerd en selfs weersprekend: liefde vir die oorledene en weersin vir die lyk, gehegtheid aan sy persoonlikheid maar vrees vir die grusame oorblyfsel. Dit vind uiting in die begrafnissere-monies en die daaropvolgende sosiale gebruike. Daarom is dit dan ook te begrype dat siekte dikwels toegeskryf sal word aan kontak wat die kranke gehad het met 'n oorledene. Dit bring Malinowski (1948:34) dan ook tot die slotsom: "Death in a primitive society is, much more than the removal of a member. ... it threatens the very cohesion and solidarity of the group." Ook Lévy-Bruhl (1928:226 e.v.) wys daarop hoedat die mens 'n vrees vir besmetting ontwikkel

na 'n sterfgeval: "The fact of contagion is but one of the manifestations of the profound uneasiness produced by death in the social group." (Vgl. Smith en Dale (1920:II, 61 e.v.) en Krige (1936:159 e.v.) vir 'n beskrywing van verwante beskouinge by die Ila van Noord-Rhodesië en by die Zulu).

Dit is in die lig van wat hierbo gesê is te begrype dat die Batswana ook hul oorgangsritusse sal hê m.b.t. die agtergeblewe naasbestaendes van die oorledene. (Vgl. Reyneke 1945:70 e.v. en tekste p.212-228): Die weduwee of wewenaar mag by die Kwena nie na 'n sterfgeval eet, alvorens hy of sy nie eers 'n reinigingsplant Thunya se wortel gekou en die sap uitgespuug het nie. Sy moet haar klere nou onderstebo aantrek en alle versierings afhaal en net een skoen aan hê. Sy moet dan ook nie in die hut gaan nie maar onder die afdak bly. Twee dae na die begrafnis word die weduwee weer ingelyf tot die gebruik van haar hut: Nadat 'n bees of bok geslag is word die vrou besprinkel met die pensmis en bloed gemeng met Mogaga:maerman (*Urginea altissima*) en Mosimama:sambokbossie (*Senecio longiflorus*) wat die ngaka in die opgeblaasde dikderm van die geslagde dier sit en dan stukkend slaan teen die weduwee of wewenaar se niere. (Vgl. Reyneke 1945 par. 226). Ook kan die ngaka (volgens N.9) Seswagadi:verfbol (*Jatropha zeyherii*) in die dikderm sit en die wewenaar of weduwee se 'grommende' maag daarmee slaan. Die 'kurrr' geluide word veroorsaak omdat die bloed in haar baarmoeder 'geskrik' het. Bogenoemde sê die Tlokwa-ngaka; die Kgatla-ngaka in N.11 stem met hom saam behalwe dat hy die dikderm eers kook saam met twee plante nl.: Lenyao-nyao: (*Craterostigma plantagineum*) en Mokapane:wildepronkertjie (Pl.379) *Neorautanenia ficifolia*). Met melk gekook, dien hul ook as 'n 'versterkmiddel'.

Vervolgens gee die ngaka die bol van die Mogaga-plant aan hom of haar om elke keer as hy op reis gaan vir 6 maande lank daarvan 'n skyf af te breek (soos uie) en by 'n beeskraal of bokkraal of by kruispaaie te gooi (vgl. teks N.6). "Die rede is: as hy so is, dan is hy 'swart' vanweë die dood. Al die tyd wat hy dit loop en gooi is hy besig om te beveilig, sodat alles in orde kan wees en nie beskadig word nie. Hulle kan dalk misgeboortes hê as hulle skrik vir die spoor van hierdie mens, waar hy langs verbygegaan het. Dit word ook gedoen sodat selfs die wolke nie sal skrik nie! Die ding is: hierdie man is 'swart'." (N.6). So 'n weduwee of wewenaar se maag mag 'dreun' of opgeblaas voel. Die ngaka skryf dan rivierwalwortels voor van die vaderlandswilg Modubu: (*Combretum erythrophyllum* t.w. *C. glomeruliflorum*); en die blinkblaarwag-'n-bietjie Mokgalo: (*Ziziphus muctonata*); die klapperbos Motlhono: (*Maytenus tenuispina*); haak-en-steek Mosu: (*Acacia Tortilis*), soetdoring Mooka: (*Acacia Karroo*) en swartbas Motlhaja: (*Diospyros lycioides*). Hulle word saam gekook en vir die kranke gegee, wat dan daarvan sal gesond word.

'n Weduwee (of 'n wewenaar) moet dan vir 'n jaar wag, waarna die ngaka sal kom om hulle ritueel te reinig.

Geen geslagsgemeenskap mag in hierdie jaar deur die weduwee of wewenaar beoefen word nie, want dit sal die dood ten gevolge hê van die ander persoon. Die ngaka sal aan die einde van die jaar die Phata-dikgagadi-plant neem en braai in 'n potskerf sodat die weduwee en die man wat haar as vrou sal neem die dampe kan inadem en die verkoalde poeier kan invryf. Dan sal sy rein wees. (Reyneke 1945: par. 226). Die verkoalde poeier van 'Kobo-di-tshetlha': verfbol (*Jatropha zeyherii*) moet by die lende van die man en weduwee ingekerf word deur die ngaka (volgens N.15). Hulle moet ook van die poeier eet en aan hulle smeer: "Deur dit te doen verhoed die man die bloed van 'wewenaarskap' om in hom te kom." Volgens teks N.12 deur 'n Kgatla moruti (leraar) se seun word 'n soortgelyke behandeling voorgeskryf hoewel hy nie die middele noem wat die ngaka gebruik nie maar hy beweer dat die swart bok wat na 'n jaar geslag word "hom met die nuwe vrou sal verbind, nog voor die huwelik" deurdat die wewenaar met die dikderm geslaan word. Hy maak dan 'n insiggewende mededeling oor die naam van hierdie bok en die skakeling van die seremonie met die voorouergeeste as hy sê: "Wat die vleis van hierdie 'reinigings'-bok betref, die ngaka neem dit saam met die bok se vel na sy huis toe. Dit is dié vleis wat 'Sedimo' genoem word. Dit mag nie beskou word as deel van dié beloning nie. Soos die naam aandui wys dit heen na wat die voorouergeeste toekom. Om daardie rede mag jy nie daarna verlang of dit in jou hart bereken nie." (N.12). Kriel (1965:178) wys ook daarop dat by die Noordsotho, Sedimo die offerdier is vir die voorouergeeste, (badimo).

Wanneer 'n familiebetrekking van 'n Motswana wat bv. in Johannesburg werk, in Botswana sterf, dan kan 'n ramp maklik die agtergeblewene daar aan die Rand tref (N.8). Hy sal dit weet as die ngaka se dolosse Motlhakola wa moseletlo val, waar die dolosse onderstebo lê op so 'n wyse dat dit die dood van 'n familiebetrekking aandui. "Dan word daar gesê: 'Hierdie mens is beduister' (Motho o o sefifi)." Hierdie persoon moet dan met Theteli: slangkop (*Urginea sanguinea* Schinz) gewas word, deur 'n fyngestampte bol in 'n emmer water te laat oornag en hom of haar daarmee te laat was.

Kgori, 'n 'poenskop ngaka' (wat nie dolosse het nie e tshopya) beskrywe in N.16 gevalle van mans wat 'verongeluk' is: In die eerste geval sê die man dat hy siek is omdat hy 'n vrou besoek het as wewenaar voordat sy jaar van rou om was. Dan sê hierdie ngaka: "'n Vrou kan moontlik die vermoë verloor om kinders te baar, want die man is 'warm' vanweë die dood waar hy vandaan kom." (N.16). Dit is merkwaardig om te sê die wewenaar is warm o bollo bakeng la lesu, d.w.s. in 'n siektetoestand. In die volgende sin sê hy die man is nog 'swart' (o sampe a le montsho) en nou kan hy moontlik 'n boggelrug kry en dit moeilik vind om te urineer.

(r) Behandeling van ernstige krankheid

(i) Dit gebeur dat 'n ngaka by iemand kom wat ernstig siek is. Twee Kgatla dingaka sê dat hulle vir so

'n geval die persoon se hele liggaam sal inkerf met die medisynehoring se self; van die twee arms af, die twee bene en die rug, al sy ledemate sowel as die elmoë en knieë. (Vgl. 0.1). Hierdie medisynehoring het 'n hele reeks verkoolde diere, reptiele en insekte in en daarom voeg die ngaka daaraan toe dat: "Indien dit iemand is wat nie ingekerf word nie, naamlik iemand wat slegs met medisyne van plante genees word, sal ek hulle vir hom grawe en kook." Die vergoeding vir sy genesing sal 'n bees wees.

(ii) Om pyn te verlig sodat 'n kranke kan slaap, maak die ngaka 'n bondeltjie op van Morotologa-wa-kgomo: groot suurpruim (*Ximenia caffra*) wat hy bind met Moretlwa: rosyntjebos. Dit moet dan 'n paar maal gekook word in 'n kleipotjie en die treksel 3 maal per dag aan die kranke gegee word. Dit kan weer herhaal word en saam met hoendersop aan hom gegee word. (0.2).

(iii) Vir koorsigheid word die gedroogde bas van Mokgopho-o-motona: boomaalwyn (*Aloe Marlothii*) geneem en op gloeiende kole geplaas, terwyl die pasiënt met komberse bedek die dampe inadem. (0.3).

(iv) As daar geen verandering kom by 'n ernstige siekbed nie, dan interpreteer die ngaka dit as 'n 'knoop' of 'kromming' in die siekte. Gevolglik gebruik hy Kgopo-e-kgolo: (*Commelina albescens*) se bolletjie wat so dubbelgevou is (e kgopo - hy is krom). Hy maak dan daarmee en kaffer-koringmeel 'n bietjie pap in 'n kleipotjie wat op 3 klipstutte moet staan. "Nadat die (pap) gaar is, sê jy vir die kranke hy moet dit eet. Maar eers moet hy vir hierdie 3 klippe gee. Dit wil sê hulle moet eers eet voor die kranke. ... Dit beteken dat wāt daardie pap in die nag sal eet, sal die voorvadergeeste (badimo) wees." 0.4. Hier is dus ook 'n belangrike skakel wat behoue bly in die geloof van voorouer-beïnvloeding by die hedendaagse kranke, en handelingte om hul begunstiging te verkry.

(v) Indien die kranke 'getoor' is en reeds baie verswak het, skryf die ngaka die aftreksel voor van Serolane: bitterappel (*Solanum panduraeforme*) se wortels, wat nie 'n bitter smaak het nie. (0.5).

(vi) As die kranke begin herstel na hierdie langdurige siekbed, dan sê die ngaka vir hom (0.6): "'Jou hare word nie afgeskeer totdat ek jou gesond gedokter het nie.' En dit is ek wat sy hare sal kom skeer." Die huismense moet bier maak, en die ngaka skeep die semels bo af voordat dit deurgesif word. Dit meng hy met die medisynehoring se self en forola: (vryf), die kaalgeskeerde kop van die herstelde kranke daarmee, terwyl hy op 'n uitgespreide vel sit. "Hierdie vryfsels van hom neem ek dan na 'n rysmiergat. Ek gooi dit dan daarin." (0.6). Die veronderstelling is dat die rysmiere dit alles sal opeet en in die aarde indra en die voorouergeeste op daardie wyse die siekte sal beëindig. Die ngaka keer na die lapa terug sonder om om te kyk en nou word die bier gedrink. Die beloningbees word by hierdie

geleentheid aan die ngaka oorhandig. "En as die Here wil sal hy so gesond word dat daar heeltemal vergeet sal word hoe siek hy was." (0.6).

(s) Maagbloeding

Die behandeling van 'n mens wat bloederigheid in die ontlasting het, deur die dingaka, is met Mogonono-wortel: sandgeelhout of vaalboom (Terminalia sericea Burch.). 'n Mespuntvol van die rou poeier moet ingesluk word voordat die kranke eet of water drink. 'n Kalf wat 'bloedpens' het, kan ook hiermee behandel word. (0.7). 'n Matebele-ngaka wat onder die Kgatla woon verkies om Tshibitswane d.w.s. Morotologa-wa-namane: suurpruim (Ximenia americana L. var. microphylla) se wortels te kook en van daardie water met soetrietsaad se meel, pap te maak. Daardie bloeiende maag sal na bewering die volgende dag gesond wees. (0.8).

(t) Teengif vir: Adenia digitata (bobbejaangif)

(i) Dit gebeur meermale dat kinders die aanloklike diep-oranjekleurige vrugte van Mojaja: bobbejaangif eet, en soms ook in die winter die bol, wat lyk soos die eetbare Leruswa-bol: (Adenia glauca?). Sowel die vrugte as die bol van Mojaja is 'n dodelike gif (vgl. Hoofstuk X). 'n Sekere ngaka T.L. wat onder die geëerde ngaka Sebefa van Dikalakangen studeer het, vertel dat hy altyd elandsboontjie Mosibi of Mositsane: (Elephantorrhiza elephantina Burch. Skeels) se fyngemaalde wortel by hom het. Dit is volgens hom 'n doeltreffende teengif teen Mojaja: (Adenia digitata). Hy vertel hoedat hy 3 kilometer per fiets gery het toe hy ontbied was na 3 kinders wat bobbejaangifvrugte geëet het. Hy het dadelik vir elkeen ongeveer 'n teelepvol elandsboontjie-wortel-poeier ingegee: "Hulle mage het die pitte uitgewerk en al drie het gesond geword." 'n Ander ngaka sê in 0.9: "As iemand bobbejaangif eet dan sterf hy."

Codd (1951), Steyn (1949:154) en Watt en Breyer-Brandwijk (1962:826) wys daarop dat die bol 'n blousuur vrystellende glukoside en 'n eiwitgiftstof: 'modeccine' bevat. Die blare bevat blousuur en die vrug, modeccine en waarskynlik ook blousuur. Steyn (1949:154) sê: "Talle mense en in één geval 'n hele familie, is noodlottig vergiftig deur die bol en die vrug van bobbejaangif. Die bol word gewoonlik verwar met die skadelose bol van Adenia glauca Schinz. wat eetbaar is. ... Daar is seker baie min gifplante wat so baie tragedies onder huisgesinne aangerig het soos bobbejaangif." Hy wys daarop dat aangesien daar die twee samestellende gifstowwe in die bol is, vind daar 'n wisselende verloop van die siekte plaas: As die blousuurgehalte die oorwegende is, kan die pasiënt binne enkele minute aan blousuurvergiftiging doodgaan. Gewoonlik herstel die pasiënt egter van die blousuurvergiftiging maar in die tweede of derde dag verskyn die siektetekens wat deur die moddecine veroorsaak word en dit is dikwels noodlottig.

Wat die elandsboontjiewortels betref as teengif, wys Steyn (a.w. 24) op die noodsaaklikheid van looisuur ("tannic acid") vir die behandeling van vergiftigde diere en dan sê hy: "Ons het in ons land verskeie plante wat groot hoeveelhede looisuur bevat", en dan noem hy heel eerste elandsboontjie: 2 tot 3 onse droë wortel vir 'n volgroeiende bees. Die Matebele-ngaka wat onder die Kgatla woon skryf die volgende behandeling voor vir Mojaja-vergiftiging: "Hy kan gehelp word deur hom beesmelk te laat drink, gekook saam met die wortels van die plant. (Hy sal dan opgooi)."

(ii) Behandeling mēt bobbejaangif

Die bogenoemde Matebele-ngaka Khumalo gebruik die Mojaja (*Adenia digitata*) wat in melk gekook is, om dit oor 'n seer te gooi of 'n been wat gebreek het. Volgens (0.9) sal dit 'n spoedige herstel verseker. Senkatele 'n ngaka van die Motšawastam naby Dar-es-salam, wat sedert 1936 tot 1956 onder die Kgatla gewoon het sê: "In 'n geval van siekte kan die onderste wortel van die bobbejaangif geneem word. Dit word dan gebruik in gevalle van 'n vreeslike pyn, as die kranke nie sy asem kan kry nie. Hierdie wortels word dan geneem en fyngemaal en ingekerf waar die pyn is. (Hy beduie net onderkant die ribbes). Dan word die Mojaja daar ingesmeer. Dit is al, hy sal gesond word." (0.10). Volgens Watt en Breyer-Brandwijk (1962:826) is die wortel ook baie giftig met 'modeccin': "which is enormously toxic, 0.00001 gm./kg. intravenously being the minimum lethal dose in the rabbit. The lethal amount of fresh root in man, taken by the mouth, is estimated to be about 1 ounce."

(u) Aambeie

Een ngaka het verwys na wat hy die motete noem van 'n mens, wat uitdruk en uithang tydens die ontlasting. Hy sê dan dat 'as jy nie kennis het nie' dan hou jy die persoon (volwasse of kind) onderstebo aan sy voete sodat die 'anus' weer kan terugkeer binnetoe soos dit hoort. Wat hý gebruik is die Modika-letlhaka-plant (wat hy aan die Krokodilrivier kry) en rivierriet. "Jy blaas hulle in die mens se 'diepte' deur sy anus in, in 'n verpoeierde vorm" (0.11). Dit word gedoen met behulp van 'n rietjie. Ook word van die poeier in 'n jong klam rietjie opgehang in die hut, vir 'n week lank. As die sappige rietjie wegdroog, dan neem die ngaka aan dat die uithangende ingewande ook net so gekrimp het en nie meer tevoorskyn sal kom nie!

(v) Gal

Dit is opmerklik hoe dikwels 'n Mokgatla wat siek is sal sê: Ke bolawa ke gala: Die gal maak my 'dood'. Die een ngaka sê: "Gal maak 'n mens siek deurdat sy maag dan te veel werk." (0.12). Hy meen dat die gal die lewer aantast en dus verwyder moet word, anders kan die lewer swel: "of die mens verwurg as hy dit nie uitbraak met sy mond nie." (0.12). Die middel wat hy gebruik is Sebete: die 'lewer'-swam wat groei op 'n kameeldoringboom. Dit word

saam met die 'lewer'-swam wat op sanderige grond groei, gemeng met die gal van 'n bees. Om die maag te laat werk beveel hy aan: Tsebedintlha:boesmangifboom (*Acokanthera oppositifolia* Lam, L.E. Codd) (= *A. venenata*). Hierdie plant het volgens Steyn (1949:159) 'n glukosiede: akokanterine wat 'n digitalisagtige werking het. Die Kgatlangaka wat die plant gebruik, sê hy laat iemand wat baie gal het nies, deur hom van die poeier te laat snuif. (0.12). 'n Ander Mokgatla, van Botswana sê in 0.13 dat hy ook gal behandel met die Sebete-swam gemeng met bees- of skaapgal. Dit is so bitter, dat as 'n mens dit insluk jy dadelik vomeer, wat groenerig van kleur sal wees as jy 'gal' het. Die wilde-pronkertjie Mokapane: (*Neorautanenia ficifolia* = *deserticola* - C.A. Sm.) se bol het ook 'n baie bitter smaak en word (volgens 0.14) gedrink as purgeermiddel. Dit moet egter met versigtigheid gebruik word want die nawerking kan gevaarlik word.

(w) Behandeling van die scrotum en prostaat

Dit gebeur dat 'n pasiënt homself aanmeld by 'n ngaka met die probleem van 'n geswelde scrotum: "d.w.s. as 'n man se manlikheid geswel is, nl. die sak." Die ngaka neem die 'urine' van die bontkewer Podile of Tetsabanna: (*Mylabris oculata*) en drup dit aan die onderkant van die scrotum. Na bewering in 0.15 sal daar die volgende dag 'n seer wees waar hierdie kewer se urine gedrup het, en daar sal gou groenerige water by die seer uitkom wat lyk soos die water van dikmelk. Die ngaka neem vervolgens die kewer se lyf, en die 'dop' van 'n leeggelekte waatlemoen en braai hulle saam en maal hul fyn. Dit word dan aan die scrotum gesmeer, en dit sal so al die water uit-trek, maar die vel sag laat bly. Om daardie wond weer te laat genees, neem die ngaka van die wortels van die klipdaggaplant, Radimonyemone: (*Leonotis leonorus*). 'n Deel word gebraai en ook saam met die rou deel fyngemaal, in 'n pastavorm. Hiermee word die wond toegeplak en die pasiënt met 'n deurtrekker geklee om die salf in posisie te hou en die laaste druppels sug op te vang. Na twee dae sal die wond genees wees. Vervolgens moet hy Mosetse:kiepersolsap (*Cussonia paniculata*) drink vir 'n week lank. Dit sal so ook die inwendige swelsel 'opbreek'. Die ngaka meen ook dat daar 'n wurm in die geslagsorgane was, en dat die kewer se urine die wurm sal doodmaak en dat laasgenoemde ook in die urine gesien sal word.

Prostaatomoeilikheid tree ook in met die verloop van jare en gaan (soos beskryf in 0.16) gepaard met moeilikheid met die urinering en saam met 'n inwendige brandgevoel. Die ngaka grawe nou vir hom Mothata: doppruimwortels (*Pappea capensis* Spreng Ex. Z.) wat hy fynmaal en kook in 'n kleipot. Die inhoud word goed geklits en die pasiënt moet dan daardie skuim eet vir 'n week lank, waarna hy weer normaal sal urineer! Watt en Breyer-Brandwijk (1962:932) sê dat die plant in Botswana gebruik word vir veneriese siektes. Die Masai gebruik dié bas veral ook in 'n liefdesdrank. Die ngaka sê: "Hierdie prostaatklier (bohutaboswa) sal ... weer kleiner word en terugkeer tot sy normale grootte. ... die siekte buig 'n ou man se rug krom. Dit veroorsaak 'n knoop

van die are van die rug en van die manlikheid." (0.16). Hierdie doppruim kan ook verbind word met die Morudiso: opwekker-plant, wat die man die vermoë sal gee om 'n kind te verwek. Laasgenoemde plant kan ook vir vrouens gegee word saam met warm melk en rys en dit sal hulle begeertes ook wek.

(x) Die verwydering van 'n geswel

'n Geswel of gewas (bohutaboswa) groei op 'n mens net soos 'n kankergeswel aan 'n boom. Om dit te behandel gebruik die ngaka die plant Tlhapi: (By die S. Sotho: *Ranunculus* sp. pr. *multifidus* Forsk.). Watt en Breyer-Brandwijk sê (1962:880) van Hlapi: "Externally the bruised leaf is used for cancer." Die hele geswel moet met die fyngestamppte blare toegebind word vir 4 dae. Daarna sal die swelsel sak en die sug van die swelsel sal uitlek. As hierdie blarepap vir 'n nag lank oor 'n swelsel vasgebind word dan sal daar die volgende oggend reeds 'n wond wees bo-op die geswel. Later sal daar nog, wat soos garingdrade of wurms lyk, gekneus by die wond uitkom. Om die wond-plek weer te laat genees en te verhoed dat vlieë daarop gaan sit, word dit gewas met Letshoo-la-tau: vingerpol (pr. *Euphorbia truncata*. NE Br.). Die vingerpolmelk word eers met water verdun en dan oor die wondplek gegooi. "Die vingerpol word gou droog en laat die vel om die wond saamtrek sodat dit vinnig kan genees." (0.16(2)).

(y) Die bors

Daar is verskillende kwale wat die bors en longe kan ontwikkel en die Tswana dingaka probeer ook hier om met behulp van plante en selfs magiese handelingte verligting te bring. Tshuku-ya-pôô: Bantoeulp (*Hypoxis rooperi* Moore) word hier (soos in 0.17 beskryf) gebruik deur 'n Ngwato-ngaka. Vir pyn in die bors, word haak-en-steek-dorings in die bol van Tshuku-ya-pôô gedruk, om die pyn voor te stel, en dit word dan gekook. Die treksel sal ook na bewering verligting bring. As die persoon "die groot longe d.w.s. toring" het, kan hy die dampe van die skroeiende 'hare' van die *Hypoxis rooperi* plant inadem, sowel as om die treksel van die bol te drink, volgens 'n Kwena ngaka (in 0.17). As die borsbeen 'inval' is dit 'n slegte teken van die kranke se gesondheidstoestand. Die behandeling wat die een ngaka voorskryf (in 0.18) is heeltemal merkwaardig in so verre as wat dit skynbaar saamhang met 'n magiese ritus wat moet verseker dat die nadelige mag nie die oorhand sal kry nie. Die ngaka neem nl. die nat bas van Monato: wilde sering (*Burkea africana* Hook) en van Mosetlha: huilbos (*Peltophorum africanum*) en stamp hulle fyn en gooi dit in 'n koppie water. Vervolgens word die fyngestamppte bas met die vinger deur die gaatjie in die steel van 'n phalo (handdisseltjie) gedruk en weer in die koppie water gesit. Dit word nou in 'n uitwanmandjie gegooi en alles wat deurloop word opgevang en aan die kranke gegee om te drink. Die stampsels word dan weer in die gaatjie van die handdisseltjie se steel ingedruk. Hierna word die kranke met die steel geslaan op sy 'skof' en die borsbeen word 'reggetrek' (sokelwa) met die steel. "En hy

sal gesond word", sê die ngaka! Die oorsaak van die ingevalle borsbeen sê 'n ander ngaka in (0.19), is te min bloed in die persoon se are. Hy behoort meer groente te eet. Die bergvaring Pata-dikgaganeng is hier 'n waardevolle middel, veral wanneer dit vermeng word met die borsbeen van 'n bees of 'n bok. Dit moet alles saam verkool en dan ingekerf word by die kranke se opening tussen die ribbes waar gesien kan word hoe die hart 'klop'.

(z) Been- en voetkwale

Senkatele, die Matebele ngaka wat by die Bakgatla woon, meen dat die Monato: wilde soring (*Burkea africana* Hook) se wortels en blare ook van groot waarde is vir 'n opgeswelde been, nl. deur die been daarmee te masseer veral as dit met room oor die seer been gevryf en gedruk word. (Vgl. 0.20). Maar as daar swere en etterende gate in hierdie geswelde been is, dan is dit volgens een Kwena ngaka (0.21) nie maar net 'n gewone siekte nie, maar toordery. Dit meen hy is getoor met: Moroba-dieta: (*Ehretia rigida*), Mokunya: (*Clerodendrum uncinatum*), asook die Phetella-plant en dan die agterste beenspier van 'n bobbejaan, en 'n mol. "Hierdie dinge, as hulle so as versterkers gebruik is, as iemand jou geduld opgebruik het, dan kan jy hierdie mens se spoor 'spalk' of 'vaspen'." (0.21). Die mol (serunya) kan óf 'n gewone mol, of die 'sandskoppertjie' of die honderdpoot wees. Die deel van die 'mol' wat in die toormedisynie kom word nou 'n lewendige graver in die getoorde se been: "hierdie mol sal begin om die spiere te eet. As dit die spiere klaar opgeëet het, dan gaan die siekte op na die lende, en dit kom so in die maag - die lewe is (dan) verby." (0.21). Wanneer so 'n toestand ontstaan, sê die ngaka, word die pasiënte deur die hospitale huistoe gestuur met die uitspraak: "Dit is 'kaffir-poisoning'!" Vervolgens sê die ngaka dat slegs 'n 'man' (uitstaande ngaka) so 'n persoon kan behandel, aangesien sy siekte grens aan melaatsheid. Laasgenoemde het net 'n erger reuk. Nou moet die ngaka die volgende plante kry: Phoma; Ntšhengwe: (*Raphionacme burkei*); Mpimpi: (*Trochomeria debilis*); Mogabala, die gestrepte wilde komkommer en Moraga-ngaka: bosboekenhout of stinkbas (*Pittosporum viridiflorum* Sims). Hierby moet as 'versterkers' kom: die mol, die sandskoppertjie, die oorkruiper en die houtboorder. Nadat alles gebraai en fyngemaal is, moet die kranke 'n lepelvol van die verkoolde poeier met sy kos eet, terwyl die ngaka 'n hol rietjie ook met die poeier vul en dit op die swere blaas. Na 'n dergelike behandeling vir drie dae lank, sal dit al die groot gate toemaak en sal die swere swart word. Na 'n week behoort hy heeltemal gesond te wees.

Indien 'die bloed nie reg loop in die are nie, maar sommer deur die liggaam versprei' (soos in 0.22 beskrywe), dan het dit volgens die twee Kgatla-dingaka die uitwerking dat die bene of die knieë opswel. In hierdie geval sê hulle: "Hierin is daar geen toordery nie, dit is 'n krankheid van Modimo (God)." (0.22). Hulle neem toe vir 'n werklike geval, die bloed van 'n ietermago, die Lethwathwa-plant, Malelaka-tlou (stinkmiere) en erdvarkmis; dié word alles

saam in 'n potskerf gebraai en toe fyngemaal en met varkvet gemeng en toe is die seer been of knie daarmee ingevryf. As daar nie 'n verbetering intree nie, neem die ngaka nog Selaole:laventelbossie (*Lippia rehmanii* Pears), Kgopho e kgolo:(*Commelina albescens* Hassk.) en Thola e kgolo:die groot bitterappel (*Solanum incanum*). Hierdie plante word fyn-gekerf en in 'n potskerf gebraai en weer gemaal en dan met bokvet gemeng. Nou verhit die ngaka (volgens O.22) 'n yster totdat dit rooiwarm is. Hy trek sy skoene uit en: "Ek smeer dan hierdie medisyne aan my voet en ek neem die rooi-warm yster en trap daarop; ek druk gou met hierdie voet van my op hom, hierdie een wat die medisyne aan het, vyfmaal op die een knie ... dat die rook uitlsaan." (O.22). Dit herhaal hy net so weer vir die ander knie. En dit 'moet'! Hy móët nou gesond word." Ter verduideliking sê die ngaka ook dat hierdie behandeling met die rooiwarm yster die medisynes in hom laat indring terwyl hulle nog warm is. Dit sal hom arametsa (die dampe laat inadem) en hom ook sidila (invryf of masseer). Ook in hierdie geval verkies die ngaka om hom onder komberse te laat uitsweet. Hy sit nl. die Mosokobyane-plant en Morotothobe: (*Blumea gariiepina* D.C.) in 'n potjie en laat dit opkook met water. Dan word die potjie vlak voor die pasiënt geplaas wat op 'n lae bankie sit en wat dan met 3 of 4 komberse heeltemal bedek word. Van die stoom sal hy nou geweldig sweet, en die dampe van die plant inadem. Na ongeveer 5 minute word die komberse weggeneem en die papnat kranke afgedroog. Sy seer bene of knieë word ook gemasseer (thoba) met die gekookte plante wat die ngaka soos 'n spons in sy hand neem en uitdruk op die bene.

Laastens vryf die ngaka die bene in met die salf wat hy gemaak het van die ietermago, die stinkmiere, die erdvarkmis en die Lethwa-thwa plant. (In Hoofstuk X A, B en C word die 'eienskappe' van laasgenoemde 'kragmiddele' behandel).

Soms 'klop' die voete en is hulle seer. Die pasiënt kry dan (volgens O.23) Mosibi:berg-elandsoontjie (*Elephantorrhiza elephantina* Burch) om te drink. Dit het 'n groot looisuur inhoud. Die ngaka laat hom die dampe inadem van die buitenste doppe van die groot Motlapa-tlapa bol: gifbol of seeroogblom (*Ammocharis coranica*). Sy voete word dan ingevryf met die poeier van die Ammocharis-bol, en ook word hulle gemasseer met die nat 'skille' van die bol wat in vier stukke gekloof is - vir vier aande se behandeling.

Vrouens kla soms dat hulle voete 'koud' kry, selfs al is dit 'n sonskyndag. Dan maak die Ngwato ngaka (in O.24) 'n verkoolde poeier van Thotsanathunya: (*Barleria macrostegia* Nees). Hy neem die vrou na 'n kruispad, waar hy 'n gat graawe en haar beveel om in die gat te staan. Vervolgens maak hy met 'n lemmetjie inkerwinge op haar enkels, sodat van haar bloed in die gat kan uitloop en hy vryf van hierdie Barleria-poeier by die snyplekke in. Die gat word dan toegegooi terwyl sy daarin staan, en sonder om terug te kyk, moet die vrou uit die gat klim en huistoe stap.

"Sy sal vind dat sy gerieflik trap, d.w.s. sy is nou gesond." (O.24). Dit blyk dus dat ook in hierdie geval die krankheid wat in die bloed setel, uitgetap kan word met die bloedlating en dat dit daar by die kruispaaie gelaat kan word, mits die vrou nie weer agtertoe kyk en sodoende die ongesteldheid weer opneem nie.

Die een Tlokwa ngaka het in 'n werklike geval waar 'n vrou las gehad het van geswelde voete, inkerwinge gemaak op haar enkels terwyl sy by die ngaka se huis was, en toe het hy met 'n motlhogo-suighoring (vgl. Hoofstuk IV B.4) van haar bloed uitgesuig. Na bewering bring hierdie bloedlating merkbare verligting.

(aa) Gewrigsontsteking

Die Matebele-ngaka Senkatele wat tussen die Bakgatla woon het verduidelik (in O.25) hoedat verligting vir rumatiek verkry kan word vir hande en voete deur Makokoane:vermeerbossie (*Geigeria africana* Gries subsp. *ornativa* (O. Hoffm.)) daarvoor te gebruik. Dit word nl. vermeng met Mokaka:klipmelkbos (*Euphorbia schinzii*) en Mogopa o motona: (*Aloe marlothii*). 'n Beker vol van die aalwynsap word getap en hierin word van die fyngemaalde vermeerbos en klipmelkbos gegooi. (Laasgenoemde word eers fyngekerf en gedroog en daarna gemaal). Dan word warmwater bygegooi en die hande en voete van die kranke met 'n 'wit' lap gemasseer (sedila) in die oggende en in die aande vir 'n week lank, en volgens die ngaka sal die vingers (of tone) daarna begin ontvou.

Volgens Watt en Breyer-Brandwijk (1962:234) het die *Geigeria*-plant die giftige bestanddeel geigerin, maar hulle sê ook dat die Kwena en Kgatla die geskroeiende poeier van die *Geigeria*-plant vryf in kerfplekke op die kruis om pyn te verlig. Die aalwynsap sê Watt en Breyer-Brandwijk (p. 686) word deur ander stamme gebruik om velsere te laat genees. Soms gebeur dit dat iemand se hele lyf en ledemate net eenvoudig seer is. Dan neem Poane die Kgatla ngaka (O.27) Makokoane:vermeerbossie (*Geigeria africana*) en kook dit in 'n toe potjie, sodat die dampe binne bly. Die deksel word ook eers onder die sweetkomberse afgehaal, sodat die pasiënt goed kan sweet: "Die sweetgaatjies van hierdie kranke se liggaam sal oopgaan terwyl hy sweet. En daar sal baie vog uit hom kom." Daarna word sy liggaam met die gekookte vermeerbos ge-thoba, d.w.s. 'gedruk' of masseer om verligting te bring aan die pyn. Hierna sal die ngaka die pasiënt se enkels en knieë inkerf met die verkoalde vermeerbos.

Om bloedvergiftiging te voorkom laat die ngaka iemand wat deur 'n geroeste yster gesteek is, Thobegi: kerriebloem (*Lasiosiphon capitatus* (Lf.) Burt Davy) drink, nl. 'n teelepovol van die verpoeiende plant in water, en ook smeer hy daarvan (volgens O.26) in by die steekplek. Indien 'n arm of been sou breek word die plant Thobegi ook gebruik saam met die been van 'n bees of 'n mens wat reeds weer aanmekaar gegroei het na 'n vroeëre beenbreek. Hulle word saam verkool en dan in 'n kruis-vorm ingekerf by die breekplek

sodat dit weer kan vasgroei. Watt en Breyer-Brandwijk vind ook (1962:1024) dat by die Suid-Sotho die plant gebruik word vir frakture en by verswikking.

Die een Kgatla-ngaka hou van Serotologane:suurpruim (*Ximenia americana* L. var. *microphylla*) se wortels om verligting te bring aan seer voete, knieë of lende (0.28). 'n Arm wat 'brand' moet 'koeler' gemaak word: "As die arm seer is en brand, dan is die genesing daarvan om dit af te koel. Dit moet verbind word met die vel van 'n waterlikkewaansodat dit kan koud word en gesond word." (0.28). Hier noem die ngaka 'n gebruik wat meermale voorkom nl. om 'n 'warm' liggaamsdeel 'koel' te maak. Dit gebeur so ook dat 'n Mokgatla soms gesien kan word met so 'n bandjie van likkewaansvel om sy pols, om verligting te bring vir gewrigsontsteking. (Vergelyk Mönnig 1967:89 waar die pasiënt se bloed ook 'koel' gemaak moet word, en wel met 'n plant.

(ab) Velaandoeninge

Vir die menigvuldige vorme van ongesteldheid wat die liggaamshuid kan oorkom het die ngaka ook raad:

(i) Brandwonde

As iemand gebrand het, dan gebruik die ngaka die uitdrukking: Go tima mollo wa motho, a fsele: (Om die vuur dood te maak van iemand wat gebrand het). Hiervoor gebruik hy Sethunya-sa-mmutla wat ook Molelwane genoem word (Alectra vogelii - geelblom). Dit word in 'n fyn poeier gemaal en op die brandwonde gegooi veral van kinders wat met kookwater of pap gebrand het.

(ii) Sere

Sere op die kop of gesig of geslagsorgane wat 'n slegte reuk en 'water' afgee word seroma genoem. Die Kgatla-ngaka (0.31) beweer dat dit veroorsaak word deur geslagtelike verkeer met 'n weduwee of wewenaar wat nog nie ritueel gereinig is nie. In sy behandeling van die siekte gebruik die ngaka net die voëlent wat op 'n Maroelaboom groei, deur 'n treksel daarvan te kook en dit vir die pasiënt twee weke lank drie maal op 'n dag te laat drink. Soms gebeur dit (0.32) dat 'n persoon se oë en neus toeswel ook van die Seroma-siekte. Dan voeg dieselfde ngaka nog Mathubadifala:poeierkwas (*Haemanthus* pr. *coccineus*) en Kgwara:(*Pelargonium luridum* (Andr.) Sweet) by die Maroela-voëlent. Dit moet alles gedrink word. 'n Salf om die neus binne en buite mee te smeer, word gemaak van die waterlikkewaansvet en Mogoga:jeukbol (*Urginea altissima* Bak.) se verkoolde poeier. Die pasiënt word vir 'n maand afgesonder in 'n hut, waarna die slegte reuk weg sal wees en hy weer gesond sal wees, volgens die segsman.

(iii) 'n Pitsweer of bloedvint (tlhagala) word behandel (in 0.33) met die wurm wat uit 'n Mooka:soetdoringboom (*Acacia karroo*) se stam gehaal word. Die pasiënt moet die dampe inadem van die wurm wat braai saam met skaapvet en dan moet die salf wat daarvan gemaak word op die pitsweer of bloedvint geplak word (papatletsa). Volgens die ngaka sal dit die pit en etter spoedig laat uitkom en die wond mooi laat genees. Die bloedvint of pitsweer word gesien as iets lewendigs wat versigtig verwyder moet word, i.p.v. om dit af te skrik: "Volgens Tswana-gebruik steek ons nie 'n bloedvint oop nie. ... Ons dink daaraan dat hy nie moet agterbly deur bang te wees vir die mes nie." (0.33). Hy voeg daaraan toe dat as al die kwaad nie mooi uitkom nie, die "die pyn binne in die liggaam wegsteek." Van die karbonkel sê hy: "Die karbonkel (kwatsi) vlug vir 'n mes as jy dit oopsny. Hy kan vinnig 'n gat grawe en wegkom en laat net die gat van die wond agter." (0.33).

Daar is drie soorte pitswere: kwatsi, die groot pitsweer of karbonkel; tlhagala, die gewone pitsweer; en thopane, die kleiner pitswere bv. onder die arm. Die een Kgatla ngaka (in 0.34) gee vir sy pasiënte met hierdie kwaal die gekookte treksel van die Lengamo-plant om drie maal op 'n dag te drink. Dit maak die wortels (medi) van die pitswere dood. Dit kan ook vir karkatjies gebruik word. Soms gebeur dit dat die een pitsweer na die ander verskyn. Die ngaka-opvatting is dat dit 'n wurm is wat uitgehaal moet word. Hy neem (in 0.35) 'n stuk gedroogde mol wat fyn gemaal is saam met gedroogde Legonyana: (*Clerodendrum ternatum* Schinz). Hierdie poeier word nou op die pitsweer gegooi: "Die volgende dag sal die wurm uit die wond uitkom. Die wond is genees aangesien dit die wurm was wat gegrawe het. Dit is 'n wit wurm met 'n swart bek." (0.35).

(iv) Inwendige sere

Dikwels sal die ngaka sê: "Ó na le diso," ('Hy het sere') en ook met die toevoeging: in die keel (mo mometsong); in die longe (mo mafatheng); of in die maag (mo maleng). Om sulke sere in die keel te behandel, of ook as 'n kind kla van krampe in die maag, gebruik die een Kgatla-ngaka Monokomabele: knophout (*Fagara capensis* Thunb). Die bas word fyngemaal en vir die kind gegee om te drink. "As die (kind) 'veldtoe gaan' (ontlas), sal ons daardie seertjies daarin sien; d.w.s. hulle het losgetrek (somogile)." (0.36). Volgens Watt en Breyer-Brandwijk (1962:918,919) word die blare en bas van die knophout deur verskeie Bantoestamme gebruik vir maagongesteldhede, ingewandsparasiete en vir 'sere en sg. onsuiverheid van die bloed', asook vir verkoue en griep. Dit wil voorkom of hierdie middel 'n strawwe uitwerking op die maag kan hê, want die ngaka (in 0.36) sê: "Na twee dae gee ons vir hom gekookte melk om vir hom 'n 'ingewandenerf' (maté) te maak."

(v) 'n Oop seer

Wanneer die ngaka 'n seer wat bloei wil help om gou 'n roof te vorm, dan neem hy (volgens 0.42(b)) poeier van Masegomabe: swartwaterbossie (*Plumbago zeylanica* L.) en strooi dit op die wond. Dit sal dadelik die bloeding laat ophou. Sels in gevalle van iemand wat seergekry het en bloei kan dit gebruik word. Dit brand, maar stop die bloeding. Volgens Watt en Breyer-Brandwijk (1962:850) word *Plumbago zeylanica* in baie dele van Afrika en Indië gebruik, o.a. om die vel te tatoeër met 'n donkerder kleur, en ook vir behandeling van sere.

(ac) Oor, neus en keel

(i) Seer ore

Een van die mees algemene middele vir seer ore is Mosokelatsebe: aambeiwortel (*Sansevieria pr. guineensis* L. Willd.). 'n Blaar van die plant word heen en weer deur die warm as of kole gestoot en dan gewring om sodoende die olie-ryge sap in die oor van die kranke te drup (0.37). Dit sal na bewering die oor reeds op die tweede dag laat gesond word, en op die derde dag kan dit met 'n hoenderveer uitgevee word. Watt en Breyer-Brandwijk (1962:713) vind ook dat die aambeiwortel in algemene gebruik is in die Republiek vir oorpyn by etlike Bantoesamme. 'n Ander behandeling vir 'n etterende oor is om die saad van 'n Mogôtlhô: kameeldoring (*Acacia giraffae* Burch.) te neem, dit te brand en fyn te maal en met die vet van 'n luislang te meng. Dit word ook in die oor gedrup en die ngaka sê (in 0.38) dat hierdie middel baie beter is as die Mosokelatsebe: (*Sansevieria pr. guineensis*) se sap.

(ii) Verkoue

As 'n persoon ly aan 'n verkouehoofpyn dan beveel die ngaka (in 0.39) aan dat hy 'n stuk wortel van Monnamontsho: rooistorm, swartstorm (*Cadaba aphylla* = *C. juncea* Harv.) moet neem en aan die brand steek en die rook deur die neus optrek. Dit kan ook gebruik word om die afskeiding van slymerigheid in die neus te beëindig. Skraapsels van die wortel kan bv. met tabak gemeng word, om te rook en deur die neus uit te blaas, of die skraapsels kan op warm kole gegooi word en die rookdampe kan ingeadem word. Sels by 'n griep-verkoue in die longe, sê Senkatele, is Monnamontsho 'n 'bul'. Die rook in die longe sal die ongesteldheid spoedig genees. In ernstige gevalle voeg hy nog 'n plant Padipekandho (ongeïdentifiseer) by, en gee vir die pasiënt 'n treksel van die twee plante om te drink. Dit sal die gehoës laat bedaar (volgens 0.39).

(iii) Sere in die keel

Wanneer 'n pasiënt wit sere in sy keel en 'n wit aanpaksel op sy tong kry, dan neem die Matebele ngaka by die Kgatla (in 0.40) van die Delele-plant: (pr. *Sesamum capense*)

en kook die blare totdat die water heeltemal taaierig word. Hy draai ook 'n stuk Mosu:haak-en-steek (*Acacia tortilis* Forsk. Hayne subsp. *heteracantha* Burch Brenan) se bas om sy vinger en doop dit in die Delele-water en was so die kranke se tong daarmee. Vervolgens gooi hy die gedroogde fynge-maalde wortel van Thola-ya-podi:bitterappel (*Solanum panduriforme* E. Mey.) waarby sout gevoeg is op die bas wat om die vinger gedraai is en sit dit in die kranke se mond. Hy moet ook 'n bietjie daarvan drink nadat dit in water gekook is. "Die Delele: (*Sesamum* plant) sal ook die bitterappel help om verby te gaan en om tot in die maag te kom. Die volgende dag sal ons die sere sien uitkom op die liggaam. Dit word veroorsaak deur die bloed, om dit uit die liggaam uit te kry." (0.40). Hy verduidelik so ook hoedat die sere nie in die liggaam mag bly nie, maar ook nie weer hul verskyning in die mond moet maak nie. As hul op die vel uitslaan moet hulle nie behandel word nie, anders gaan hulle weer terug in die liggaam. Watt en Breyer-Brandwijk (1962: 832) beweer ook dat onder die stamme van Noord-Rhodesië die gekookte blare en wortels van *Sesamum angolense* Welw. wat baie taaierig is, gebruik word vir masels. Die wortel van die bitterappel word volgens Watt en Breyer-Brandwijk (1962: 1000) ook by verskeie ander stamme gebruik, deurdat o.a. 'n treksel daarvan gedrink word om 'n uitslag van blasies op die vel te genees.

(ad) Tandpyn

Die Tswana ngaka beweer (soos in 0.42) dat tandpyn deur 'n wurm veroorsaak word. Daardie 'wurm' moet nou doodgemaak en uitgehaal word. Masegomabe:swartwaterbossie (*Plumbago zeylanica* L.) word gekook en die mond dan daarmee uitgespoel. "Dit maak die wurm in die tand dood, maar dit haal nie die wurm uit nie." (0.42). Om die 'wurm' uit te kry word (volgens 0.43) 'Meno-a-pmya' (1) gebruik of Mohlokwane. "Dit verskrik die tandewurmpie." As die tande drie keer per dag uitgespoel word met lou water waarin "honde-tande" gekook is sal die wurm wat in die tande is uitkom en doodgaan. Ook sal die swelsel sak en die tandpyn tot bedaring kom, volgens Khumalo (0.43). Senkatele beweer (in 0.44) dat Tholwana:bitterappel (*Solanum panduriforme* E. Mey.) se vrug baie doeltreffend is. Hy rol 'n toutjie van 'n stuk lap en doop dit in bitterappelsap en laat dit droog word. Dan word die punt van die toutjie aan die brand gestee, en volgens hom 'vir 'n halfuur' smeulende in die mond gehou. "As die kranke spuug sal hy die wurm sien, maar hy is dood. 'n Wit wurm maar sy kop is swart." (0.44). Hy sê daar is net een wurm en dus sal die seer tand en al die ander gesond wees.

(1) Meno-a-pmya ('honde-tande'): 'n Algemene naam vir 'n hele paar soorte plante. Dit kan *Caraluma Maculata* (Pl. 72) wees, of *Crabbea hirsuta* (Pl. 684), of *Euphorbia schinzii* (Pl. 93), of 'n *Acanthaceae* sp. (Pl. 491), of *Caraluma lutea* (Pl. 13).

(ae) Seer oë

Vir 'n seer wat soos 'n pêrel op die oog uitkom en wat pynlik is gebruik die een Kgatla-ngaka Monokomêele: knophout (*Fagara capensis* Thunb.) saam met Mosêtsê:kiepersol (*Cussonia paniculata*) se wortel. Die oog moet vir 3 dae daarmee gewas word. Ook word die blare van Mollwana:(*Epaltes gariepina* (DC) Steetz.) of Bogopa:(*Clematis brachiata* Thunb.) fyngestamp, in 'n lappie toegedraai en oor die oog gebind. Na bewering sal hierdie behandeling die oog spoedig laat genees.

3. Magiese ritusse en siekte

In die voorafgaande bespreking van 'Behandeling van Siekte' kon van tyd tot tyd bemerk word dat die ngaka aan die een kant gebruik maak van kruie wat oënskynlik sekere geneesende eienskappe besit, maar dan noem hy een of ander gebruik wat nagekom moet word wat vir die empiriese denker niks anders is as 'n magiese handeling wat net eenvoudig nie 'n beslissende faktor kan wees nie. As voorbeeld kan: 'Die hart en bloedstelsel' hierbo, geneem word waar die hoender se twee pote, terwyl hy nog leef afgesny moet word en eers die een poot vir 'n week lank gekook word en dan die ander om die pasiënt wat aan sy hart ly te kalmeer, sodat hy net so rustig met 'n opgetrekte been sal kan slaap as die hoender. (Vgl. Teks L.1). Die ngaka sien 'n eienskap in die natuur, wat hy dan op sy pasiënt wil oordra, afgesien van die farmaseutiese uitwerking van die middel. Dit het ook geblyk uit die voorgaande, veral wat die hart en bloed betref dat met die beperkte kennis van fisiologie, opvattinge gehuldig word, bv. dat die hart vol skuim is omdat 'n brommer of mot in die bloed rondfladder. Dan gee die ngaka in sulke gevalle voorskrifte wat vir hom logies lyk maar vir die nie-begrypende Westerse toeskouer heeltemal belaglik of onsinnig lyk.

Vir die ngaka is dit van die allergrootste belang dat die pasiënt in L.8 die skaap se kloppende hart moet lek om sy hart tot bedaring te bring, maar die ngaka moet die hart wegneem voordat dit ophou met 'ruk-klop', anders sal die pasiënt se hart ook gaan staan. Hierdie en dergelike aangehaalde voorbeelde toon net van hoeveel belang simboliek nog vir die Motswana is in sy benadering van siekte. 'n Simpatieke oor vir sy ongesteldheid, 'n psigologiese benadering van sy probleem en 'n duidelike voorskrif vir die siektebehandeling beteken vir die Motswana as natuurmens veel meer as vir die Westerling wat meen dat hy siekte rationeel kan benader. Om 'n skaap bedwelmd te maak soos in L.10 en L.11 en met sy bek te laat lê teen die pasiënt se mond en neus om sodoende die skaap se rustigheid oor te dra op die besetene, lyk vir die Tswana-ngaka logies terwyl die Westerling dit as 'n waardelose magiese handeling sien.

'n Treffende voorbeeld van 'n magiese handeling om genesing te bewerkstellig word in E.16 en E.16B beskrywe waar die ngaka 'n lewendige bobbejaanspinnekop aan sy agterpote vashou en nadat hy hom in Legetla:(*Bulbine stenophyla*)-

poeier gedoop het, laat hy hom 'n siek baba se (toe) oë krap totdat die bloed uitkom, terwyl hy sorg dra dat die spinnekop nie die kind byt nie. "Daar sal bloed by die krapplekke uitkom. En so dan sal die bobbejaanspinnekop die siekte uit die kind trek. Hy het dit nou geneem, en daarom sal ons hom daar ver weggooi sodat hy daarmee kan weggaan. Daardie aand sal die kind behoorlik kan sien." Die ngaka verduidelik wat gebeur en sê: "As ek hom neersit dan gaan hy die bloed van die kind aflek van sy pootjies. Hy suig aan sy eie hare aan die pote wat rooi geword het van die kind se bloed. Deur dit te doen eet hy die kind se siekte." (E.16(a)).

Dit blyk telkens in die meegaande Tswana-tekste dat sowel die ngaka as die pasiënt sekere voorskrifte getrou moet nakom en sekere dinge nie moet doen nie, as voorwaarde vir sukses met die behandeling. In L.18 waar die ngaka 'n swaar hoofpyn behandel sê hy dat as alle pogings misluk het dan besluit hy om 'n 'operasie' uit te voer op die pasiënt nl. om hom te laat braak met 'n plant wat hom kan laat doodgaan nl. Mathubadifala: poeierkwas (*Haemanthus pr. coccineus*). Maar hy mag nie met sy hand aan die plant raak nie. "En ook moet my skaduwee nie daarop val nie, daar ek dit dan sal bederf." (L.18). Hierdie taboe i.v.m. die skaduwee kom meermale voor waar die ngaka seker wil maak dat niks die betrokke plant se krag sal verminder nie.

In L.16 weer moet die persoon wat vir vallende-siekte behandel word saam met die ngaka 'n hoenderhaan opeet, maar dan mag hy vir 'n jaar lank daarna nie weer hoender eet nie. In O.24 waar die ngaka 'voet-rumatiek' behandel deur die pasiënt in 'n gat te laat staan by die kruispaaie en inkerwinge op sy of haar enkels maak sodat die bloed in die gat kan loop, daar is die ngaka se opdrag aan die pasiënt om haar voete wat toegegooi is, uit die gat te lig en weg te loop sonder om terug te kyk, en "sy sal vind sy is nou gesond." Hierdie opdrag om 'nie terug te kyk nie' word meermale gegee en impliseer dat die behandelde persoon nou vir goed sy rug moet draai op daardie moeilikheid. Voorskrifte van hierdie aard gee die ngaka met dieselfde erns as die res van sy opdragte en dit toon hoedat dit vir hom van wesenlike belang is vir die welslae van die behandeling.

4. Bloedlating en inkerwing

Waar bloed so 'n belangrike plek in die mens se liggaam inneem is gesonde bloed van primêre belang. Maar as die bloed 'vuil is' of 'skuimerig' of dat dit 'druk' na die kop toe of af na die voete, of nie mooi in die are vloei nie, dan glo die Tswana ngaka in bloedlating om sodoende die siekte uit te kry. Die siekte setel nl. in die bloed, en deur van die bloed te 'tap' kom die siekte ook uit. Die een manier is om met 'n lemmetjie op die slape, of enkels of bo op die kop inkerwinge te maak sodat daar bloed kan uitkom om die 'drukking' te verlig (vgl. die afdeling oor die suig-horing wat hierna volg). Om die 'siek' of 'vuil' bloed uit te kry, bv. van 'n kind beskryf 'n Kgatla ngaka in A.6 die prosedure waardeur hy van 'n kind wat 'skurfsiekte' het se

bloed laat opsuig deur 'n miswurm of boombasgogga wat op die kind se kop moet loop en byt om die siekte uit te trek. 'n Soortgelyke behandeling met die miswurm wat op die geskeerde kruispaadjies op die kop moet loop word beskryf in L.21 vir die behandeling van 'n swaar hoofpyn.

Om inkerwinge te maak op 'n pasiënt, is 'n gebruik wat algemeen voorkom onder die Tswana dingaka. Dit wil voorkom of die inkerwinge wat 'n paar druppels bloed laat uitkom, en ook die insmeer van 'n kragtige middel om die siekte te bekamp, die opvatting behels dat die bloed so in direkte aanraking kom met die kragmiddel en daardeur word die siekte wat in die bloed setel oorwin. Dit beteken ook dat net die aanraking van 'n salf met kragtige bestanddele, met die bloed, genoegsaam is vir die gewenste uitwerking. Hierdie algemene opvatting onder die Batswana is waarskynlik die verklaring vir hul besondere voorliefde vir 'n inspuiting deur 'n geneesheer, wat hulle verkies bo enige medisyne wat gedrink moet word. Toe die een Kwena-ngaka 'n medisynehoring vir die lapa vernuwe het, het hy 'n jong dogter nader geroep en van die swart salf in haar verhemelte gesmeer en toe inkerwinge op haar ledemate gemaak soos die elmboog, skouer, enkel ens. en daar van hierdie kragself ingevryf. Daardeur was sy toe 'beskerm' teen enige moontlike poging om haar te toor.

5. Uitsuiging van sejeso (vreter) met 'n motlhogo (suighoring)

Hierdie metode van behandeling is iets besonder in die Bantoeeneeskunde, en kom taamlik algemeen voor. Vergelyk Hoofstuk IV waar die suighoring en sy gebruik beskrywe is, en bv. Junod (1913: II,425); Smith en Dale (1920: I 230); Kohler en van Warmelo (1941: 79,82) en Evans-Pritchard (1937:496) wat die gebruik daarvan vermeld. By die Tswana is die gebruik van go dupa: nl. om uit te suig met die motlhogo (suighoring), meer as om net die bloed uit te kry, want dit sou makliker gewees het om net dieper te sny sodat meer bloed vryelik kon vloei. Die grondliggende gedagte is dat daar deur toordery 'n lewendige ding of vreemde voorwerp in die mens gestuur is deur die persoon wat hom getoor het, en die ngaka wat dupa (uitsuig) moet dit uithaal met sy suighoring. In G.9 is 'n mooi beskrywing hiervan gegee deur 'n Kgatla ngaka van Botswana, waar hy o.a. sê: "As jy so suig sal die goed wat hom pla uitkom. ... Moontlik sal daar 'n duisendpoot uitkom of miskien hare; of miskien kom daar vleis uit wat fyngestamp is. Miskien sal daar 'n slang uitkom uit die tweede kerfplek, of 'n padda of 'n voorpoot. Moontlik as hy jou besuig kan daar 'n (stuk) been uitkom, of hoendervere. Daar kan 'n hele verskeidenheid van goed uitkom, of selfs 'n krokodil." (G.9). Hierdie ngaka sê die goed kom dood te voorskyn omdat die ngaka eers medisyne aan die pasiënt gee om te drink, "sodat die goeters wat hom pla se neste vernietig kan word. Dit wil sê hulle woonplekke waarin hulle hul verskuil, sodat as hy hulle uitsuig, hulle nie 'n wegkruipplek kan hê nie." (G.9). Die sedupe of suig-dokter sal vir 'n week of selfs

'n maand met hierdie behandeling aanhou en sit soms 'n tweede of ook 'n derde horing tegelyk aan die pasiënt. Die segsman sê dat die pasiënt nie die goed moet sien wat uitgesuig is nie, maar net gesonde persone mag dit sien.

6. Vernietiging van 'n sejeso (vreter)

'n Ander Kgatla ngaka beskrywe in J.1 die hegte geloof wat die Motswana het in 'n sejeso of 'vreter', d.w.s. een of ander reptiel wat besig is om 'n kranke van binne op te vreet: "As iemand na my toe kom en sê: 'iets vreet my op in my maag, (Ke jewa ke selo mo maleng),' dan sal ek as ek vir hom dolosgooi, vertel word dat dit 'water' is. Ek sal ook beseft dat dit 'n krokodil is." (J.1). Hy verkies om aan die pasiënt 'n purgeermiddel te gee wat so kwaai is dat dit 'die krokodil' in die pasiënt se maag doodmaak, laat ontbind en stuk-stuk laat uitkom met sy ontlasting. Hy gebruik hiervoor (Monkgopho):naboom (*Euphorbia ingens*) se wortel en (Tshoo-la-tau):vingerpol (pr. *Euphorbia clavaroides* Bois. var. *truncata* N.E. Br.). Hy braai hulle saam en gee dit vir die pasiënt om vir 3 dae lank saam met al sy kos te eet. 'n Drastiese behandeling soos hierdie word nodig as die krokodil reeds te groot is om by die mond uit te kom. "As hy nog klein is dan eet hy jou kos. Maar net sodra hy groot word dan wil hy water hê. ... Ook begin hy om met sy skubbe vir hom te krap. Hy wys nou dat hy groot is, en as hy nie kos kry nie, dan gaan hy hom verniel deur aan sy ingewande te begin vreet." (J.1). As 'n mens jou verbasing hieroor uitspreek verduidelik die ngaka dat dit doodeenvoudig is: Iemand wat jou wil toor, maal net 'n klein stukkie krokodillewer fyn en gooi daarvan in jou kos of bier en daarmee saai hy nou 'krokodilsaad' in jou buik, waar hy sal groei en al groter word.

Volgens K.4: As iemand met 'n krokodil of 'n slang getoor is, d.w.s. dat hy een in sy maag het, dan neem die ngaka die poeier van 'n opblaaspaddatjie en hy meng dit met die urine van 'n gewone padda. Hy neem dan ook as plante die wortel van Aloe Marlothii, en van 'n vingerpol en die bas van bosboekenhout en die wortel van Thobegi:kerrieblom (*Lasiosiphon capitatus* (LF) Burt Davy). Die kranke sal die opdrag kry om so min water as moontlik te drink sodat die krokodil van dors kan kwyn (K.4). As hy nou aan hom die purgeermiddel gee sê die ngaka: "hierdie krokodil gaan hom krap en hom binne in hom, om en om rol en hom laat seerkry... hy gaan skreeu van die pyn." Na behandeling, word beweer sal die krokodil op die derde dag doodgaan van die kwaai *Euphorbia*-medisyne en na 'n week sal hy begin ontbind, 'want dit is 'n dier wat nie gou sleg word nie'. "As hy 'n pootjie laat uitkom, sal ons dit bêre. Môre laat hy weer dít uitkom, m.a.w. die krokodil kom in stukkies-stukkies uit, nl. deeltjies van hom." (J.1). Maar die groot ding is om die krokodil se 'boerplek' skoon te maak. Daarom gee die ngaka nou vir die pasiënt weer 'n purgeermiddel want hy wil die 'slyk' ook sien, nl. groen skuim 'net soos wanneer paddas in die slyk van water eiers lê'. Die pasiënt kry die opdrag om 'as hy veld toe gaan' (stoelgang het) 'n keteltjie

water by hom te hou en as hy voel iets krap hom dan moet hy die ontlasting daarmee spoel om te sien watter deel van die krokodil dit was. Dit moet hy ook vir die ngaka bring. Hy moet op die uitkyk wees vir 'voetjies of selfs die kop'. Hulle kan ongeveer so groot soos 'n verkleurmanneltjie s'n wees. Volgens hierdie teks (J.1) mag gladnie van die naboom (*Euphorbia ingens*) se melk gebruik word nie, maar net naboomwortel saam met die vingerpol. Watt en Breyer-Brandwijk (1962:411) sê die naboom is: "highly toxic, producing irritation and blistering of the skin. None the less it is used in very small doses by the Zulu as a drastic purgative."

In J.5 word 'n preskripsie gegee van wat iemand moet inkry wat aanhoudend begin hik of wat dink dat hy 'n toormiddel ingegee is. Hy moet nou dadelik as thabela of afweermiddel 'n preparaat inkry wat hom hierdie 'toorgoed' sal laat braak, en dit word gemaak van o.a.: Lenyao-nyao: (*Craterostigma plantagineum*); slangkos wat by kameeldorings groei; Moraga-ngaka: stinkbas of bosboekenhout (*Pittosporum viridiflorum* Sims), en die pensvel van 'n krokodil. Die stinkbas het volgens een ngaka die eienskap dat as dit ingeneem word dit onmiddellik enige voedsel wat 'verkeerd' of vergiftig is dadelik deur braking sal laat opkom. Watt en Breyer-Brandwijk (1962:847) beweer dat die Zulu en Xhosa die plant ook vir braking en as purgasie gebruik.

Soos wat in J.6 aangetoon word, is daar soms 'n 'slang' of ook wurms in 'n mens. In hierdie geval sê die ngaka was dit 'n 'slang' wat soms tot in haar keel gekom het en wat haar laat stik as sy hom probeer opgooi en wat haar dan flou laat neerval. Haar ouers het gedink dit was vallendesiekte. Nadat 'n braakmiddel aan haar gegee is met die fyngemaalde pit van 'n mispel (mmilo) daarin, het sy weer gesond geword. Die oorsaak vir haar ongesteldheid was dat sy kos geëet het wat nie gaar was nie. Dit laat wurms of slange binne in die mens ontstaan. 'n Motlokwa-'geneesheer' verkies om aan 'iets wat (iemand) inwendig vreet (sejeso)' (vgl. J.7), die plant Theteli: slangkop (*Urginea sanguinea* Schinz = *U. burkei* Bak.) in te gee, want: 'Die slangkop maak dood wat in die maag is'. Die hele plant is giftig, veral as dit in die lente uitspruit, en dan is die bol weer baie giftig nadat die plant klaar geblom het. Watt en Breyer-Brandwijk sê (1962: 718, 719, 721): "The bulb leaf and flowering top all have a typical digitalis action."

Volgens J.8 is daar ook nog 'n ander soort van wurm wat dimphe genoem word. Hulle kom op 'n mens se vel uit, en kan uitgeken word aan die klein gaatjies en seertjies wat daar op 'n mens se liggaam kom. Hierdie wurms word veroorsaak deur bloederige vleis te eet, sê die ngaka. In J.9 word beskrywe hoe om die wurms uit 'n mens te kry, nl. deur hulle eers te lok met die neute van maroelapitte gemeng met die wortels van Motlhono: pendoring (*Gymnosporia tenuispina* (Sond) Szysz.) en die wortels en vrugte van mmilo mispel (*Vangueria cyanescens* Robyns). Dit sal al die wurms doodmaak en dan moet die pasiënt 'n goeie purgasie kry soos bv. Tsebe-di-ntlha: boesmangifboom (*Acokanthera oppositifolia*

(Lam) L.E. Codd), nl. 'n half-tot 'n koppie-vol van die treksel. "Sy maag sal 'n uur lank werk, en hy sal hulle almal uitwerk, die meeste van hulle dood en andere nog lewendig. Hierdie wurmpies het natuurlik 'n 'nes' binne in die mens. Dit moet saam met die wurmpies uitkom. ... Daardie nes lyk net soos goeie bloed, en is net swart. Jy sal hulle koppe daarin sien uitsteek." (J.9). Hy sê ter verduideliking dat dit 'n klont bloed is wat lyk soos marakana-a-mantsi, 'waar-vele-bymeakaarkom' d.w.s. soos die blaarpens van 'n bok of 'n skaap.

7. Om 'n getoorde kranke te behandel

Waar boloi (toordery) so oorheersend is in die Tswana denke, soos reeds in Hoofstuk VII behandel, bekleed dit dan ook 'n belangrike plek in die behandeling van siekte, soos so ewe hierbo aangedui is. Sowel die geneesheer as die pasiënt het 'n baie groot ontsag vir die uitspraak van die dolosse wanneer die erdvark (Modimo) 'op sy hurke sou sit' en die uitspraak kom: "Jy is getoor deur 'n belangrike persoon wat jou meerdere is." (Reyneke 1945 - tekste par. 178). So ook die geval: Selumi sa ga Magofihlane (a.w. par. 147) met die aankondiging: 'Dit is toordery.' Die aangehegte tekste K.1 tot K.18 wys hoë dikwels die gedagte van toordery by die Motswana opkom. So bv. word in K.2 vertel hoedat 'n jong vrou melk gedrink het "waarin 'Tswana medisyne' (toormiddele), gegooi was" en hoedat sy geneem is van een ngaka na 'n ander totdat die een Kwena-'dokter' later sê dat: "die kind getoor is maar nog gehelp kan word deur badupe (uitsuiers)." Haar verdere siekte sou sy gekry het deur te vat aan 'n lap wat getoor was wat na haar gebring was vir naaldwerk "en dit het die kranke 'n pyn in die arm gegee." Uiteindelik is sy toe dood.

Toe 'n sekere Kgatla-ngaka vir weke totaal verlam in sy huis gelê het, was die uitspraak van 'n kollega van hom dat dit toordery is van ander sterkere dingaka wat jaloers is op hierdie een se praktyk. Die opvatting word gehuldig dat as 'n ngaka 'sterk' is, dan kan hy gevalle van toordery behandel, maar indien hy homself nie behoorlik beskerm het met kragmiddele nie, kan hy baie maklik die onderspit delf en vermink of verlam daar uitkom en selfs ook met sy lewe boet. Die bekamping van boloi (toordery) is dus eintlik die stryd tussen die goeie en die bose magte en die ngaka knoop daardie stryd aan namens sy pasiënt met die 'wete' dat hyself nou ook in 'lewensgevaar' verkeer.

Die dingaka maak baie gebruik van 'n mogato ('vertrapper') in hul optrede teen toordery by siekte. Die funksie van die mogato-plant word in K.10 genoem: "Hierdie plant is 'n 'vertrapper'. Dit kom in die besprenkelings-medisyne om daardeur al die toorgoed (maloi) se 'vertrapping' wat in haar mag wees, ongedaan te maak." Die mogato (vertrapper) het dan dié eienskap dat dit enigeen wat die behandelde persoon verwens (phegeletseng), dat die persoon dan self 'seer moet kry'. "Hy wat verwens: beteken iemand wat homself voorneem om hierdie siekte te laat terugkeer na 'n persoon om hom te verreneewer." (K.10). Die plant

Tshipi-e-bogale: (*Sphedamnocarpus pruriens*) en ook *Heliotropium steudneri* Vatke) is so 'n mogato, en die uitwerking daarvan is dat: "Hierdie mens (wat toor), die onheil wat oor hom sal kom (is): hy sal sy werk verloor; of hy sal homself raakkap met 'n byl, of 'n motor sal hom trap. Dit meen al die dinge sal oor hom kom vanweë sy verwensing." (K.10). Die verduideliking word dan verder gegee hoedat hy voortdurend teenspoed sal hê totdat hy gehelp word. Dit moet ook deurmiddel van Tshipi-e-bogale geskied.

Wanneer 'n persoon getoor is, is die 'uitstraling' van daardie toordery so sterk dat die aard daarvan kleef bv. aan die klere van hierdie getoorde persoon. 'n Kgatla-vrou het op 'n sekere dag na my gekom en gesê sy het vir my die hemp van haar seun wat siek is, gebring en ek moet asseblief vasstel deurmiddel van die dolosse, wat hom makeer! Dit skyn die gebruik te wees, want in K.12 sê die een ngaka bv.: "As iemand vir my die klere of hoed of skoene bring van 'n persoon wat siek is, ... dan sal die 'hoewe' (ditlhako, dolosse) vir my sê deur watter soort mens hierdie persoon getoor is. Dit is omdat die dolosse die totems aanwys."

Daar is 'n vorm van boloi (toordery) onder die Kwena en Tswana wat diphera genoem word. Dit is nl. wanneer 'n persoon toormiddele aanwend om iemand te toor, maar laasgenoemde is te sterk beskut met kragmiddele. Hierdie toormiddel werk nou terug op die torende persoon met verlamme uitwerking. Wanneer hy dan 'n ngaka se hulp inroep sal die dolosse vir die ngaka sê; 'ke diphera' d.w.s. dit is 'n mislukte toorpoging. Die ngaka sal ook verkies om die selfgetoorde persoon (yo o pherileng) net so te laat. Sy herstel kan alleen bewerkstellig word deur die persoon wat hy wou toor, as hy 'sy middele los maak', d.w.s. dié waarmee hy homself beskut het. (Vgl. Reyneke 1945 tekste par. 234). Die volledige vertaling van hierdie insiggewende teks lui: "Diphera is natuurlik toordery (boloi). Iemand het aan iemand anders 'medisyne' (molemo) gegee om daarmee iemand dood te maak. Nou dan, hierdie mens (wat getoor word) as hy agterkom dat hy getoor is dan sal hy die plek slaan (itaya) waar hy die 'medisyne' (toorgoed) gekry het. Hy slaan dié plek met sy medisynehoring - sy pheko (kragmiddel). Nou dan, sal die een wat gestuur is (om te toor) mal word, of miskien sal hy gaan sit, en sal sy bene breek en hy net 'n invalide (sesu) word. As hierdie persoon nou deur 'n ngaka met dolosgooi ondersoek word, sal hy sê: 'Hierdie mens het iemand gaan probeer. Hy het by iemand gaan toor.' En hierdie mens sal weier om gesond te word. Maar as hy (die ngaka) wil, dan sal hy miskien gesond word. Of miskien sal hy net in 'n malmens verander vanweë die boloi. Dié ene aan wie hierdie toormiddel gegee was, word self deur die toordery getref (o a pherwa). Dit is boloi wat weer terugkeer na die mens wat daarmee getoor het. Nou sal die persoon wat getoor was, se mense sê: 'Hier is 'n mens. Jy het hom doodgemaak. Dit kom nie van Modimo (God) nie, dit kom van jou.' Maar hy sal antwoord: 'Waarom het hy dit aan my gedoen, aangesien hy 'medisynes' (dihlare) by my lapa (tuiste) gesit het.' Moontlik sal die een wat probeer

toor het vir altyd so bly, tot met sy dood, aangesien die een wat getoor was, weier om sy 'medisynes' te ontbind, sodat dié mens gesond kan word." (Reyneke 1945 tekste par. 234). Hierdie beskouing gee enigsins 'n insig in die gedagte-wêreld van die Motswana wanneer ongeneeslike kwale aan toordery toegeskrywe word.

In 0.21 beweer die een ngaka dat baloi (toornaars) middele waarmee hulle lowa (toor), eers brand. "Ons (dingaka) brand dit nie, ons dokter net sodat hulle daardie toordery kan (uit-)skop." (0.21). Hierdie bewering is interessant maar pas nie mooi in by die talle middele wat die ngaka rou en gebrand gebruik nie.

Marwick (1965) het 'n omvangryke studie gemaak van toordery onder die Cêwa van Noord-Rhodesië. Dit kom daár egter onder 'n matrilineale volksgroep voor en vorm meer deel van die familie se onderlinge twiste by die Cêwa. Volgens Marwick se beskrywing vorm die toordery daar 'n baie belangrike deel van die volksgeloof.

8. Slangbyt

Die Batswana is ook bang vir slange en weet hoe gevaarlik dit kan wees as sekere slange 'n mens byt. Veral die geel bakkop of rinkhals, die pofadder en ook die mamba kom taamlik algemeen voor in die Tswana-gebied. Meermale word vertel van 'n ngaka wat 'n lewe gered het met sy medisynehoring met swart salf wat hy ingesmeer het op die pikplek. 'n Kgatla ngaka van Botswana sê in J.2 watter middele hy gebruik: Hy neem Mojaja:bobbejaangif (*Adenia digitata*), wat ook More-wa-noga: 'die slang se medisyne' (of: gif) genoem word, as hoofbestanddeel. Hy neem 'n paar stukkie daarvan, (die vrugte en ook die baie giftige bol) en braai dit. Verder neem hy die ongebraaide wortels van Mosimama:sambokbossie (*Senecio longiflorus*) en Setlhako d.w.s. Mosimane-wa-Ralentswana:die Transvaalse plakkie (*Cotyledon* sp.). Hierdie plante maal hy almal saam tot 'n poeier, en voeg dan nog hierby die gal van 'n vark en van 'n krokodil wat ook so fyn gemaal is.

As iemand deur 'n slang gebyt word gee hy dan dadelik aan die persoon twee of drie mespuntevol van dié poeier saam met bokmelk. Dit sal die persoon dadelik laat opgooi, en daarmee ook die slang se gif, word geglo (J.2). "As die kranke ver daarvandaan is, dan kan ek die persoon laat drink, wat gekom het om hulp te kom soek vir die een wat gebyt is; hulle sal nou altwee opgooi." (J.2).

Hierdie opvatting sluit aan by Frazer (1924:11) waar hy sê: "... things which have once been in contact with each other continue to act on each other at a distance after the physical contact has been severed. ... called the Law of Contact or Contagion."

'n Tlokwa-ngaka sê dat hy sy braakmiddel vir slangbyt maak van: Motlepetlepe:(*Amocharis coranica*),

Mosimama: sambokbossie (*Senecio longiflorus*) en die gal van 'n mamba. Hierdie preparaat word as swart salf in 'n medisyne-horing gehou en sodra iemand deur 'n mamba gepik word dan moet hy daarvan eet om hom te laat braak.

B. DIE VOORKOMING VAN TEENSPOED

In Hoofstuk VII is gewys op die veelvuldige dienste van die ngaka in the Tswana-samelewing en alles wat hy doen om die gemeenskap se welvaart te verseker. Kortliks kan net nog op die volgende gelet word:

1. Gevaarpunte

Die Motswana leer van kleinsaf dat hy in 'n gevaarvolle wêreld lewe. Hoe ouer hy word, hoe meer word hy bewus van die stryd om die lewe waarin die mens gewikkeld is, en hoedat hy enige oomblik oorweldig kan word deur magte wat sy eie kragte en vernuf oorskadu. Van alle oorde en in al die stadia van die mens se bestaan is hy blootgestel aan magte wat sy welvaart en ook voortbestaan bedreig: Die ongeborene is nie veilig nie, want die verwagte moeder kan 'n miskraam hê, of die baarmoeder kan deur toordery 'gesluit' word sodat moeder en ongebore kind albei sterf. Die suigeling kan as tere nuweling in die wêreld so oorskadu word deur mense om hom, dat hy kwyn en doodgaan. Die kindjie kan die jaloesie wek van die voorouergeeste wat 'n kleinkind by hulle wil hê en die kind kom 'vat'. Dan kom die oorgangsfase van kindskap na volwassenheid en die jongeling en jongedogter kan in die stamskool waar daar weer 'n gevaarpunt is, die lewe verloor. Namate volwassenheid intree verhoog die blootstelling aan toordery van die jongman en jongvrou, en daarom is daar in elke stat die jeugdige wat verlam of kreupel met weemoed die toekoms tegemoet gaan omdat die uitspraak was: 'Ke boloi' (dit is toordery). Met die aanvaarding van verantwoordelikhede vir huis en haard, vir vrou en kind, of selfs vir die nog wyere familiekring en die sibbe of stam, neem die gevaarpunte net toe in getal en kom die volwasse verantwoordelike Motswana tot die 'wete' dat hy van alle kante omring is deur marumo (assegaaie) wat op hom gerig is. In tekste H.4 en H.3 gee Kgori 'n realistiese beskrywing van die onheil wat hom en sy gesin getref het toe die weerlig sy huis aan die brand gestee het en sy vrou vermink het en hoedat hy toe tot die oortuiging gekom het dat hy verdere stappe moet neem tot die beveiliging van sy huis en familie.

2. Afweringsmiddele

(a) Beveiligingsritus met kragmiddel-horing en 'lig'

Een ngaka het 'n mooi beskrywing gegee van hoe hy 'n kliënt beveilig teen moontlike onheile (Teks K.5): As hy besoek word deur, of uitgeroep word na 'n persoon wat beveilig wil word teen enige vorm van onheil wat hom mag tref, dan neem hy sy lenaka la pheko d.w.s. die beeshoring met die swart kragmiddel (vgl. vir die bereiding van hierdie horing Hoofstuk IX C. 2.), en hy steek daarin 'n stukkie droë hout

van Ngogo:naboom (*Euphorbia ingens*). Hy sal dan aan die kliënt in die hut sê om voor hom op die grond te gaan sit, sy/haar skoene uit te trek en om die bolyf te ontbloot. Al die gewrigte word nou met 'n legare (lemmetjie) ingekerf: die pinkie, die hand, die pols, elmboog, skouer, toon, enkel, knie en heup. Elke kerfplek word dan met die kragmiddel ingevryf. Hierna word die naboom-splinter, wat die 'lig' genoem word uit die horing getrek en aan die brand gesteek en heen en weer om die persoon geswaai, "sodat indien daar 'n ander mens is, wat nie van hierdie persoon hou nie, hy 'homself kan sien (a ipone)?" Dit wil sê: hy skade kan ly, of dat hy gesteek kan word deur iets wat hom kry, of dat hy deur iets gebyt moet word. Dit wil sê hierdie mens wat ek beveilig, ek maak vir hom 'n kraal (lesaka) deur hom te omring met die 'lig' (lebone), sy hele liggaam en hoof en voete, sommer alles." (K.5). Terwyl die ngaka so met die 'lig' swaai om die persoon sê hy al die tyd: "As daar iets is laat ons mekaar ontmoet! Laat ons mekaar ontmoet! Hy wat my soek, ek soek hom! Hy wat my nie soek nie, ek soek hom ook nie!" Die 'lig' word ook aan die behandelde persoon gegee met die opdrag om dit dood te blaas en die rook wat tevoorskyn kom vinnig deur sy mond op te trek, wat hom ook sal laat hoes. Die ngaka beveel die persoon om weer op te staan en om tussen sý, d.w.s. die ngaka se twee bene deur te kruip, met die woorde: "Jy het by die opening van die blaarpens uitgekom." Met ander woorde, jy is dwarsdeur en veilig, geen onheil sal jou nou kan agtervolg nie. Dit beteken dat enige vyand, van watter aard ookal wat gestuur word agter die persoon aan, moet nou by die ngaka verbykom en die ngaka se eie beskermmiddel dien as volkome waarborg vir sy beveiliging. 'n Mens kan hier die gemoedsrus vir jou voorstel wat die bevreesde nou sal smaak. Hy sal nie meer angs hê vir toordery of vir enige onheil wat hom sal kan tref nie, want hy voel homself ten volle beskut.

Op 'n soortgelyke wyse kan bv. die koringland beveilig word teen hael (vgl. H.20), waar die ngaka vyf latte plant tussen die koring nadat hy 'n preparaat aan hulle gesmeer het van Monna-montsho:rooistorm (*Cadaba aphylla* (Thunb.) Wild) en Kgwara: (*Pelargonium luridum*). Hy sê dat hulle weerstand teen enige haelstorm sal bied.

(b) Behandeling om teenspoed te voorkom

In elke onderneming waarin die Motswana hom mag begeef weet hy dat ten spyte van voorsorgmaatreëls wat hy mag neem, teenspoed te alle tye hom mag tref. Maar dan ook mag hy die stryd nie gewonne gee nie; hy moet net met omvangryker teenmaatreëls voortgaan en liefs die teenspoed wat moontlik kan kom voorspring. "As jou tydgenote jou wil 'probeer' deur te dink dat hulle hierdie huis van jou gaan wegvat met die wind, dan wend jy die wind af met Moomane: ('Die Rusiemaker', *Maerua schinzii*). Dit is 'n middel teen wind." (D.11). Hiervolgens verhoed jy die teenspoed, maar 'n ngaka soos in E.29 voel dat die beveiliging teen moontlike rampe wat na jou gestuur kan word eintlik opgesluit lê in 'n middel soos Mhalatsane wat 'n pheko of kragmiddel is wat

aangewend word om jou vyand se stat uitmekaar te laat spat net sodra hy jou probeer toor. Vier van die 'kwaaieste' plante word geneem en gemeng nl.: Lenyao-nyao: (Craterostigma plantagineum Hochst.); Moragangaka: 'die ngaka-skopper' (Pittosporum viridiflorum) stinkbas, bosboekenhout; Sejabaleki: (Scilla lancifolia Bak.); en Nao-la-moloi: 'die toornaar se voet' (Brunsvigia radulosa Herb.). As jy jou stat nou met hierdie mengsel beskerm het, sê die ngaka: "As iemand sou kom en jou beledig in jou eie stat, dan kan hy (maklik) siek word daar by sy tuiste, of sy stat kan afbrand." (E.29).

'n Mooi voorbeeld word in F.13 gegee van hoe 'n Motswana sy land en saad kan behandel om teenspoed met sy oes te voorkom: Met groot versigtigheid grawe hy as die son opkom die kant van 'n Modjadja-bol: bobbejaangif (Adenia digitata) oop, sonder om sy skaduwee daarop te laat val en sny 'n stuk daarvan af, so groot soos sy hand. Met sy voete gooi hy die gat weer toe en dan loop hy reguit 'na waar die son opkom' sonder om agtertoe te kyk. Hy soek ook vier kristalklippe wat hy in die aand saam met die bobbejaangif in 'n stuk kleipot braai. Die middel word met elandvet aan die klippe gesmeer, waarna hulle op die vier hoeke van die land gesit word, go bapola tshimo om die land 'vas te pen', te beveilig. Die vrou aan wie die land behoort kry 'medisyne' waarmee sy die koringseed moet 'was' (behandel), wat bestaan uit Mabofe: (Cissus quadrangularis) en Mohubu: wildedruif (Cyphostemma puberulum, C.A. Smith) aangemaak met water wat die ngaka kry in die holte van 'n morula-boom se mik. "So sal die koring krag kry en vrygestel word." (F.13).

Soms wys die ditaola (dolosse) soos in H.18 dat die land waar die koring nie mooi wil groei nie, getoor is. Hierdie teenspoed moet weer reggestel word, en wel soos volg: Die ngaka grawe Mpitike en Sejabaleki: (Scilla lancifolia Bak.); Tlhoko-botshwarwa en Pelo-Botlhoko: vermeerbossie (Geigeria passerinoides); Mogabala en Mabofe: (Cissus quadrangularis); Tshika-di-thata: (Lasiosiphon Kraussianus); Kghophane: (Aloe transvaalensis) grasalwyn; Thetsane: (Schizocarpus sp.); Mogaga: (Urginea altissima Bak.) jeukbol; Morarwana: (pr. Secamone viminalis); Morala: (Gardenia spatulifolia - Stapf. & Hutch.) Transvaalse katjiepiering en Mosimama: (Senecio longiflorus). Al hierdie plante word fyngeskap met 'n phalo (handdisseltjie) en in 'n stuk kleipot met water gegooi. Nou gaan die ngaka in die land en sprinkel die inhoud met 'n seditse (kwas) wat hy van 'n paar koringhalms maak. So foka (onttoor) hy daardie land. Die vergoeding vir hierdie diens is 'n bees, 'want die land sal dan mooi wees'. Hierdie land is nou 'vir eens en vir altyd behandel'. "Om 'n land so van toordery te bevry, beteken om te verseker dat die voete van enigeen wat nie 'rein' is nie, nie die koring sal laat skrik nie; sodat die koring net mooi kan wees." (H.18). Hy voeg ook dadelik hierby dat net die son die koring sal kan doodmaak: "Dan is dit Modimo (se wil). Daar is niemand wat vir die son kan voorskryf nie."

(c) Dra van amulette

In Coertze (1959:189) wys die skrywers (de Villiers en Coertze) daarop dat: "Vir die beskerming van die individu teen gevare wat hom op verskillende stadiums van die lewe mag bedreig, word daar veral van amulette, d.w.s. towervoorwerpe wat aan 'n persoon se liggaam gedra word, gebruik gemaak." By die Kgatla en ander Tswanastamme kom dit ook algemeen voor en dikwels kan 'n persoon gesien word met 'n klein lap- of velsakkie so groot soos 'n 20c-stuk om die nek gebind. In Hoofstuk VIII F. is verwys na die afgestorwe voorouers se aandeel in siekte. Teks I.6 sê dat: "Die aangeleentheid van die mabitla (grafte) is omdat die ouers van 'n mens dood is terwyl hulle 'n klag het teen hulle kind." Dit word nog verder verduidelik dat die siekte veroorsaak word deur die badimo (afgestorwe ouers), en daardie siekte tas nou die persoon se hart aan. Die persoon vlug, of vrees in sy slaap en vertel later dat die badimo aan hom of haar verskyn het in sy slaap en met die persoon gepraat het. "Ons sal dan sê: 'Nee ons behoort grond van sy moeder of sy vader se graf te neem.' Ons maak nou 'n sakkie en sit die grond daarin. Ons bind dit om sy nek. Ons sal dan as hy slaap oplet of hy nog na hulle roep." (I.6). So sê die een Kgatla ngaka van die Rustenburgse distrik.

Monametsi van Botswana, ook 'n Mokgatla sê in I.3: "as jy sou hoor dat die voorouergeeste besoek aflê by iemand, dan neem ons van die persoon se voorouers se grond by hulle grafte en meng dit met sout. Ons neem ook 'n stukkie vel van die 'vis' wat paling genoem word of waterlikkewaan. Ons neem dan van daardie grond en werk dit toe in daardie vel en hang dit om die persoon se nek. Dit sal dan beteken dat die voorouergeeste vertrek het." (I.3). Hy voeg ook hierby die rede, soos behandel in Hoofstuk VIII F.: nl. dat die ngaka sout by die grond voeg sodat die sout die lyk kan boloka (bewaar). Dus sal die dooies tot rus kom met hierdie amulet van grafgrond en sout wat die geplaagde moet dra.

Junod (1913: II 368) gee 'n baie mooi beskrywing van die hoender wat aan die voorouergeeste geoffer word en hoedat 'n veer, klou en die bek dan om die pols van die 'geplaagde' gebind word as amulet. By die Kgatla kom 'n verwante gebruik voor, soos in die geval van 'n bejaarde lidmaat van die kerk op Saulspoort wat 'n bok slag as offer aan die badimo en wat ook 'n stukkie van die vel om sy arm gebind het as amulet, waardeur hy meen dat hulle hom nou sal seën. By die Kwena word ook 'n amulet gemaak van die oor van 'n bees, wat om die geplaagde se nek gehang word. In hierdie geval is dit iemand wat 'getoor' word. Die ngaka wil 'n swart os hê om medisyne van te maak vir 'n man en 'n swart of rooi koei vir 'n vrou. Die bees moet eers ditlhare (medisynes) drink, nl. Thetele: slangkop (*Urginea sanguinea* Schinz), Mosimama: sambokbossie (*Senecio longiflorus* (DC.) Sch. Bip.) en bokvet. Hierna word die oor afgesny en die bees doodgemaak. Die blad waarmee die persoon gedokter word moet ook afgesny word. "Die oor is 'n sepheko (kragmiddel). Dit word om die nek van die persoon wat behandel word, gebind.

Aangesien die oor 'n sepheko is, word hierdie medisyne daaraan gesmeer. Hierdie persoon sal dan rondloop met hierdie kragmiddel. Dit phekola (beskut) hom natuurlik sodat die moloi (toornaar), as hy hom sien, hom lam moet skrik (a kgaoge pelo).¹ (Reyneke 1945 par. 231). Die persoon wat getoor was, sal daardie blad van die bees verder opeet, terwyl die ngaka die res van die bees sal eet, terwyl hy die getoorde telkemale kom besoek.

Om jouself te beskerm teen weerlig is ook genoeg rede vir die dra van 'n amulet soos in D.12 beskrywe. Die wortel van die Mmawa-plant en Leube-blare word tot poeier gemaak saam met die splinter van 'n boom wat deur die weerlig getref is. Deur laasgenoemde by te voeg "neem ek dan van sy (die weerligvoël) se krag." Haelwater word ook hierby gevoeg. Dit word dan in 'n lap toegewerk en om die persoon se arm gebind as amulet, wat sal verseker dat as iemand die draer "met die weerlig gooi", dat hy self sal brand (deur die weerlig). Die ngaka verduidelik dat die Mmawa-plant se lang penwortel ook reg af slaan net soos die weerlig terwyl die Leube-plant altyd groen bly maar maklik brand. Dit help die weerlig om terug te keer "om die mens te tref wat die weerlig na my gestuur het." (D.12). Om die weerlig te help om om te draai en terug te keer word van hierdie middel aan twee Moretlwa-latte:rosyntjiesbos (*Grewia flava* DC) gesmeer en elkeen word in 'n lus geknoop en dan van binne in die hut se dak gestee.

Dit gebeur meermale dat ouers twee of drie kinders deur die dood verloor en dat daar weer enetjie gebore word. Die begeerte is dan baie sterk om hierdie kindjie te behou, en waar die uitspraak meermale by kindersterfte is dat die badimo 'n 'waterdraertjie' wil hê, gaan die ouers na hul ngaka om sy hulp te kry. Die voor-die-handliggende oplossing is om ook hierdie kind aan die badimo te 'offer' of om die kind in 'n 'ongedierte' te verander. In eersgenoemde geval word bv. 'n lid van een van die vingers afgesny en aan die badimo afgestaan met die verklaring dat dit die kind is. Die meer gebruikelike prosedure is egter om 'n muishond of wildekat se vel te neem en om die kind vas te werk, of selfs 'n jassie te maak van sulke velletjies wat dan pal gedra moet word. Veral moet die stert van die muishond of wilde dier duidelik sigbaar agter afhang. Die kind moet sonder uitsondering te alle tye hierdie velmondering dra, selfs as hy of sy groter word. Die 'geeste' sal nou nooit agterkom dat hierdie al die tyd die kind is nie en die 'ongedierte' met rus laat.

3. Tokkelossie

Die onderstaande beskrywing word deur 'n Kgatla-ngaka gegee: "Tokkelossie lyk soos 'n bobbejaan met sy geelbruin donshare, maar die mond lyk net soos 'n mens syne. Die hande is dié van 'n mens. Sy voete lyk soos 'n bobbejaan syne met naels en al. Tokkelossie loop op twee voete soos 'n mens. Die hoogte van Tokkelossie is so hoog soos dié van 'n seuntjie van 5 jaar. Maar hy is fris gebou

in al sy ledemate." (K.14). 'n Ander segsman sê dat die Batswana vroeër jare "nie vir Thokološi gehad het nie" maar: "Ons het hom nou, aangesien hy met die Xhosas, die Basotho en Zulus gebring is. Maar ook die dipheko (kragmiddele) teen hom, het ons." (K.13). Tokkelossie is vir die Mosotho (vgl. Ashton 1952:295) 'n klein mannetjie wat so 'n twee na drie voet hoog is, baie lelik en met lang hare, lyk na 'n bobbejaan en wat geslagtelik geweldig ontwikkel is. Hy verskyn gewoonlik in die aande, dikwels as 'n vorm van toordery. Hy kan baie skade aanrig maar soos Ashton dit stel (1952:295): "Thokolosi ... can rape women in their dreams and cause various kinds of sexual perversion. In fact he is largely associated with and blamed for women's sexual troubles and disappointments. Thus frigidity ... is attributed to his ... giving her secret sexual satisfaction."

Die Zulu glo ook in die bedrywighede van uTikoloshe (Tokkelossie) en meen volgens Krige (1936:354) dat hy in diep kuile en tussen die riete woon. Hy is kort, harig en lief vir vrouens met wie hy dikwels verkeer. Snags laat hy die koeie uit die kraal kom en steel hulle melk. Krige meen dat die Zulu van hom gehoor het by die Xhosa. Kohler en van Warmelo (1941:37-40) vind by die Zulu meer hoedat 'Tikoloshe' gestuur word deur persone wat toor, om sy prooi te wurg, hoofsaaklik in die nag.

In meegaande tekste K.13 en K.14 word baie insiggewend meegedeel hoe die Batswana dingaka Thokološi sien. Dit stem meer ooreen met wat Ashton by die Suid-Sotho vermeld, nl. dat hy homself geslagtelik opdring aan vrouens, selfs in hulle drome. Dan ook kan hy enigiemand lastig val deur bv. die wiel van 'n wa te laat uitval of beeste uit te span. Gewoonlik sien jy hom nie self nie, maar jy sien sy werke. Tokkelossie is by die Tswana 'n vorm van toordery, want daar is iemand wat hom stuur. Maar nou kan die ngaka hom met teenmiddele beheer. Hiervoor neem hy volgens K.13 sout en Khupamarama: groot bitterappel (*Solanum incanum* L.) en behandel die huis daarmee. Dit word nl. met (moroko) kafferkoringsemels gemeng en daarvan word koeke gemaak. As hy dit eet gaan hy dood. "Die een wat toor wat hom gestuur het, is nou ook dood." Hiervolgens beteken dit dan dat aangesien 'n Tokkelossie gestuur word deur iemand wat toor, gaan die dood van die Tokkelossie gepaard met die dood van die moloi (toornaar) wat hom gestuur het. Die ngaka in K.14 sê hy het 'n Tokkelossie al vier maal gesien, een keer toe hy doodgemaak was. Hy vertel hoedat 'n Ndebele jongeling jaloers was omdat hy nie 'n Kgatla jongmeisie kon kry nie, en toe stuur hy 'n Tokkelossie om haar lastig te val. "Ek het toe gegaan en met die (ondier) baklei met dipheko (kragmiddele) vir een nag lank. ... Maar hy het probeer om die werf se drade af te breek en in Sendebele gesê: 'Ons sal mekaar weer ontmoet!'" (K.14). Volgens hierdie Kgatla-ngaka is die middele waarmee Tokkelossie bekamp word: Tshadube: 'n rooi minerale klip; Loôpô, Mokôlo, Mokunya: (*Clerodendrum spinescens* Gürke), Semmêê en Moilanong: gifboom (*Synadenium cupulare* L.C. Wheeler). Met 'n mengsel van

hierdie plante word die 'geplaagde' huis besprinkel en die persoon wat gehinder word, word daarmee gewas en ingekerf. Dit sal nou dien as beskutting teen Tokkelossie se besoeke. Volgens K.14 meen die ngaka dat Tokkelossie net twee kleintjies kry, een vroulik en een manlik. Tokkelossie is dus volgens die Kgatla-opvatting nie slegs één persoonlikheid nie 'n dieragtige mens-soort wat doodgemaak kan word, maar ook is daar nog meer wat weer verdryf of doodgemaak moet word.

C. VERSEKERING VAN VOORSPOED

Dit is te begrype dat met al die 'kennis' waaroor hy beskik, die ngaka nie gaan wag totdat al die moontlike rampe vir hom en sy kliënte getref het nie. Maar met 'n gevoel van verantwoordelikheid teenoor sy eie belange, en van diegene wat na hom kom om sy hulp te vra, tref hy die nodige voorsorg. Verskillende middele wat voorspoed kan verseker word gebruik:

1. Die leswalo of voorspoedsalf

'n Leswalo is saamgestel uit 'n aantal kragmiddele wat met vet vermeng word om 'n harde vetterige klont te vorm. Van tyd tot tyd moet die persoon vir wie die leswalo berei is, bietjie daarvan aan sy hande smeer en ook sy gesig en hare daarmee vryf. Sodoende versterk die persoon homself en verseker hy sy eie voorspoed. Veral wanneer mens uittrek op 'n ondernemingstog soos byvoorbeeld na die groot stede van die witmense om te gaan werk, is dit van groot belang dat mens 'n leswalo moet hê, want dit is 'n gebed om seëninge. Deur dit te gebruik sal jy verseker wees van 'n goeie werk wat jy sal kry; jy sal lekker oor die weg kom met die mense wat jy sal ontmoet en jou hele onderneming sal voorspoedig wees. Dit spreek vanself vir die Motswana dat 'n persoon wat sommer onvoorbereid gaan, nie soveel sukses kan hê nie. Om die universele gebruik van so 'n middel te illustreer wys een ngaka toe ook daarop dat blankes ook dieselfde gebruik het, want hulle smeer haarolie en ander salf op hul hare en gesigte om hul eie welvaart te verseker!

Na bewering is die leswalo 'n gebed tot God en die voorvaders maar met 'n magiese uitwerking. Die leswalo word as 'gebed' soos volg gebruik: Die persoon knyp 'n stukkie van hierdie voorspoedpreparaat af, druk dit in die vorm van 'n piramide omtrent so groot soos 'n vingerhoed en sit dit op 'n potskerfie of blikdekseltjie en steek dit aan die brand in sy hut of kamer. Dit brand dadelik met 'n helder vlammetjie wat rook afgee sodra dit doodgeblaas word. Hierdie rook wat regop trek in die stil vertrek, is dan die gebed wat opgaan van die hulpbehoewende tot God en tot sy voorouers. Hy trek van die rook deur sy mond in en prewel dan 'n paar woorde soos: "My vaders help my!" (F.7). Sodra die vlam doodgaan word die rook liggies geblaas sodat dit dwarrel en uitsprei in alle rigtings. Sodoende word die rook nou die boodskapper wat uitgaan om geluk en welvaart te gaan haal. "Ek, soos ek 'n ngaka is, of u soos u 'n leraar is, of die verkoper van 'n winkel, ons kan bid om

seëninge van Modimo (God) te vra, of by die badimo (voorouergeeste), hulle ons vaders. Selfs al is dit enige mens hy kan so bid met die voorspoedpreparaat." (F.7). Hy verduidelik hoedat te enige tyd hiermee gebed kan word: een maal per dag of ook per week. Telkens wanneer hy (die ngaka-ouderling) ernstig voel sê hy: "Die tyd wanneer ek Modimo (God) in erns aanbid, bid ek met hierdie voorspoedpreparaat." Die dwarrelende rokie gaan dan uit buitentoe om klandisie en voorspoed te gaan haal. Maar terselfdertyd is dit ook 'n gebed, want hy sê: "As dit (die rokie) regop trek, bid dit tot Modimo (God) en jou badimo (voorvadergeeste). Hierdie rook, - natuurlik is dit jy wat bid. Jy bid tot God en die medimo (aartsvadergeeste) sodat aan jou gegee kan word die seëninge van hierdie wêreld, van hierdie lewe." (F.7). Dit is baie opmerklik om te sien hoe maklik God, die badimo: voorouergeeste en die medimo: die aartsvaders saam genoem word, soos ook weer in die woorde van sy gebed: "Medimo yame! (My afgestorwe aartsvaders!) Laat aan my tog gegee word al die seëninge wat ek kortkom! Ook mense (klandisie) kom ek kort. Ek sê laat aan my gegee word, dat ek kan wees soos ander mense. Ek sê: Ja ek sê: Modimo wame (My God), dit is al, laat dit so wees, dat ek gegee word." (F.7). Hierdie Kgatla-ngaka van Botswana wat ook 'n gesiene ouderling in die kerk was tot met sy dood, gee dan ook self die belangrike sleutel tot hierdie Tswana-opvatting as hy sê: "Soos dit behoort te wees, moet ek eerste my vader aanbid wat my verwek het. Hy is dit wat my sal aanmeld by die aartsvadergeeste (medimong), hulle wat my voorvaders is (bo ntatemogolo). En dit is hulle wat vir my sal voorbidding doen by Modimo (God)." (F.7). Die bestanddele wat gebruik word in die voorspoedpreparaat 'wat alles regkry' word in teks F.8 behandel. Die basis hiervoor is die plant Makgonatsotlhe: ('Die-alles-regkry') Sphedamnocarpus pruriens (Juss.) Szysz. Dit word fyngestamp en ook kom daarby verpoeierde geskroeië klipdassie, die been van 'n mens of van 'n groot slang, of 'n stukkie krokodilvel, of die verkleurmanneljie. "Dit is hulle wat die leswalo (voorspoedpreparaat) kragtig maak." (F.8).

Vir 'n ander Kgatla-ouderling is dit 'n uitgemaakte saak dat elke belangrike persoon soos 'n kaptein of 'dokter' of leraar 'n leswalo 'voorspoedsalf' moet hê wat hy 'n mmitisa 'roeper' noem soos in C.2. Die pheko of kragmiddel wat hy die graagste in die leswalo wil hê is 'n skoelapper, "omdat die skoelapper rondvlieg en proe aan al die blomme ... dit meen dat die voorspoedsalf ... oral sal roep."

Ook wil hy die rysmierkoningin in die mengsel hê sodat al die mense by jou, die gebruiker van die preparaat 'kan kom drink'. Boletswa (voëlent) word hierby gevoeg omdat dit almal sal betrek by hierdie middel. Ook semaane d.w.s. die klein bergvliegies moet in die leswalo of 'voorspoedsalf' kom. Na bewering beweeg hierdie vliegies in 'n groep altyd saam met die groot berggluislang, en hulle word geneem 'sodat die mense nie moeg moet word om agter jou aan te kom nie'. Op hierdie wyse sê die proefpersoon, kan jy 'n leier help sodat hy sy posisie met sukses kan beklee. As die Mokokona-

plant bygevoeg word wat deur sowel mense as slange geëet word, sal die uitwerking wees dat "die mense ... sal smul aan alles wat hy sê en hulle gaan hul verlustig aan jou hele gesprek." (C.2). In C.4 word die kragmiddel seboka d.w.s. versamelaar beskrywe wat saamgestel word o.a. uit grasdraermiere en die Matlhomaganyang-plant, om te verseker dat jy altyd bedrywig sal wees bv. as ngaka sodat jy nie met tye te veel en dan weer geen kliënte sal hê nie.

Die kundige moitseanape (kenner van geheimenisse, soos 'n ngaka) doen moeite om bv. vir die beeste net die regte leswalo of voorspoedpreparaat te berei soos in H.13 beskrywe. Heel eerste wil hy 'n pofadder se vet, kop en stert hê. Ook neem hy van die luislang se vet en room van die beeste se melk. Die plante Mokae-kae: (*Ipomoea magnusiana*), Mabofe: (*Cissus quadrangularis*), Makokoane: vermeerbos (*Geigeria africana* Gries. Subsp. *ornativa*) en Tshuku-ya-pôô: (*Hypoxis rooperi*) moet dan ook kom in die leswalo om volkome beskerming aan die kudde te gee, selfs teen moontlike siekte-epidemies wat hulle kan tref.

2. Die kragmiddelhorning (lenaka la pheko)

By die Motswana speel die kragmiddelhorning (lenaka la pheko) 'n baie belangrike rol, want dit is die kragbron van elke familiehoof, die kaptein en die ngaka. Elkeen wat dit kan bekostig laat vir hom een maak en betaal daarvoor 'n bees. 'n Ngaka wat wil leer hoe om so 'n horning saam te stel, moet tien beeste betaal vir die onderrig. Die horning van 'n bees word gevul met 'n swart vetterige mengsel. Hierdie swart salf kan vir 'n menigte doeleindes gebruik word om die welvaart van die enkeling of gemeenskap te verseker, asook alle besittings. Die geweldige krag wat hierdie salf oor sou beskik, spruit voort uit die samestellende dele wat daarin opgeneem is. Dit is nodig om hier terdeë die kragopvatting van die Motswana te begryp. (Vergelyk Hoofstuk XI C vir 'n volledige uiteensetting hiervan). Hy reken naamlik dat deur 'n deel van 'n voorwerp te gebruik soos bv. 'n stukkie slangvel, hy daarmee die wese van die slang se krag insluit. Die feit dat jy die slang doodgemaak het, meen maar net dat jy sterker as die slang was en hom nou in jou mag gekry het, om na jou eie goeddunke sy krag aan te wend. Elke dier en plant het sy eie soort van kragtigheid, en by die bereiding van die kragmiddelhorning sluit jy soveel soorte krag in as wat jy nodig het vir jou doel. 'n Ding wat 'vanself' doodgegaan het is egter waardeloos want hy het sy krag gaandeweg verloor.

Onderstaande preparaat is die samestelling van 'n sekere Kgatla-ngaka se kragmiddelhorning (G.1):

(a) Die vet van 'n vlakvark en 'n mak vark, want 'n vark is baie taai en gaan nie maklik dood nie. Hy kan feitlik enige ding eet sonder om iets daarvan oor te kom. Hy besit 'n waardevolle bestaanselement.

(b) Die vet en vel van 'n krokodil aangesien dit een van die mees gesogte kragmiddele is omdat hy so sterk is, en goed beskut deur sy dik vel teen alle aanvalle van buite. Hy leef lekker koel en benydenswaardig; hy is haas onaan-tasbaar.

(c) Die luislang se vet omdat hy so gespierd is, en sy kans af wag om sy prooi beslis in die hande te kry en nie te laat los nie.

(d) Enige deel van 'n phika-slang. Hy is net soos 'n mamba, net baie groter, vinniger en met rooierige oë. Hy 'vlieg' feitlik deur die bome en is byna onmoontlik om in die hande te kry. Die phika is een van die mees gesogte dipheko (kragmiddele) en slegs kapteins mag hom besit en gebruik. Juis omdat hy so ontsettend vinnig en dodelik is en een van die mees gevreesde slange, vorm hy dan ook een van die waardevolste bestanddele van die kragmiddelhorning.

(e) 'n Mensbeen word geneem, en staan by dingaka bekend as molalatlhageng, 'hy wat in die ruigte lê'. Dit is die naam vir 'n been of geraamte van iemand wat tot 'n gewelddadige einde van sy lewe gekom het. (Vergelyk Hoofstuk X F). Liggaamsdele van die mens word as van die kragtigste middele beskou, en by die bereiding van 'n medisynehoring word dit as wenslik beskou om 'n stukkie mensbeen, ook fyngekap en gebraai en gemaal in die mengsel te sit.

(f) Mabofe (*Cissus quadrangularis*) moet ook bygevoeg word. Mabofe beteken: die vasmaker. Dit word gebruik om al hierdie middele saam te bind en tot 'n eenheid te vorm, sodat hulle nie teen mekaar in botsing kom nie maar hulle onderskeie eienskappe almal laat saamwerk as 'n hegte eenheid.

(g) Die verkleurmannelietjie (leobu) moet ook toegevoeg word. Dit is 'n belangrike pheko, want hoewel hy nie sterk is nie, kan hy voortdurend van gedaante (kleur) verander. Wanneer hy in die horning van kragmiddele kom, verleen hy aan die gebruiker van die horning die vermoë om ook so sy publieke voorkoms te verwissel. Dit is 'n baie waardevolle eienskap veral tydens regsgedinge, want so 'n persoon sal na bewering nie skuldig gevind kan word nie.

(h) Die bobbejaanspinnekop (tshere) kom ook by want hy sit rustig in sy nes in die grond en as iemand net sy voet op die opening van die gat sou sit, sal die tshere se asem na bewering sy voet laat opswel sodat hy vir dae nie sal kan loop nie! Hy is 'n waardevolle oppasser om jou huis mee te beskerm teen enigeen wat op jou wil 'trap'.

(i) 'n Weerligsplinter word ook bygevoeg. Die weerlig is 'n voël wat met geweldige snelheid die lug deurklief en neerstryk op die aarde met dood en verwoesting waar hy gaan. Sy krag tot jou beskikking beteken 'n haas onafwendbare wapen teen jou vyande, en hulle kan jou dan nie met die weerligvoël aanval nie. Die splinter van 'n boom waar hy op gaan sit het, d.w.s. wat hy raakgeslaan het, het nou ook van sy krag, en jy kan daarvan gebruik maak.

(j) Om die plasenta van 'n pasgebore baba ook in die kragmengsel te sit word van groot waarde geag veral in die stat se kragmiddelhorning.

Al hierdie kragtige dipheko, word met 'n hand-disseltjie (phalo), fyngekap en een na die ander in 'n groot potskerf gesit en deurmekaar geroer oor 'n vuur. Hulle moet geroer word met 'n assegaai wat reeds suksesvol in gevegte gebruik is, as 'n wapen in jou hand wat jou vyande kan oorweldig. Gaandeweg verkool al hierdie bestanddele en hulle word dan uitgegooi op 'n maalklip en tot 'n fyn poeier gemaal. Die vuur is self ook 'n geweldige krag en deur al die bestanddele te braai maak jy hulle net sterker en kragtiger. By die fyngemaalde poeier word nou uitgesmelte varkvet gegooi en alles word deurmekaar geroer totdat dit 'n dikkerige tekstuur kry soos deeg. Met die assegaai word die ronde swart klont kragmiddel dan in twee gesny met die woorde: "Hierdie kant word geëet; hierdie kant maak dood!" Die twee helftes word weer saamgevoeg en die horning word daarmee gevul. Hier is nou 'n horning met kragmiddele wat so 'sterk' is dat niemand 'n aanval op jou kan maak nie want van alle kante is jy nou beskut, juis met dié middele wat moontlik teen jou gebruik kan word. Slegs Modimo kan nog kom en sê: "Ek vat hierdie een!" want niemand kan Modimo weerstaan nie, want Hy is die Skepper van alles. Dit mag gebeur dat van bogenoemde bestanddele nie beskikbaar is nie. Hulle kan tydelik uitgelaat word. Ook deur net 'n knypie van die ou kragmiddel te gebruik waarin al die bestanddele was, kan daardie krag weer oorgedra word na die nuwe mengsel. Dit was nogal treffend om eers 'n diktaat soos in G.1 te kry van hoe so 'n horning berei moet word, en om dan later saam met die ngaka te ry na die Bakwena-stamgebied waar 'n ou kollega van hom toe na die vergoeding van R20 die horning berei het en een vir een van hierdie middele in die potskerf op die vuur gesit het. So is ook 'n bobbejaanspinnekop in die veld uitgegrawe, lewendig in 'n gesplete mikstokkie oor die vuur gebraai en toe by die ander kragmiddele in die potskerf gevoeg. Nadat alles berei was soos beskrywe in G.1 het hy gegaan en sy beeste ook opnuut beveilig met besprenkeling deur 'n mengsel waarby van die nuut-bereide kragmiddel gevoeg is.

In G.2 wys 'n ander Kgatla-ngaka daarop dat hy vir baie ernstige krankheid 'n lenaka la bolwetse: 'horning vir siekte', berei. Hierin plaas hy Mojaja: bobbejaangif (*Adenia digitata*), die Mophete-plant, die rugwerwel van 'n krokodil en sy kopbeen, asook die Mogafadibe-plant of Mogau: gifblaar (*Dichapetalum cymosum*). 'n Krimpvarkie se kop en 'n naboom (*Euphorbia ingens*) se oostelike wortel moet ook hier inkom. "Dit beteken ek berei 'n 'manlike' horning wat nie geëet word nie." Al die fyngemaalde gebraaide bestanddele word verder met die rou nekvat van 'n vark gemeng en as 'n swart krag-salf in die medisynehorning gesit. Hierin word nou 'n tambotiesplinter (*Spirostachys africanus*) gesit, wat kom van 'n boom wat deur die weerlig getref is. "Ek sal hierdie kranke daarmee belig. Dit is die lig van die horning. Dit is as dit iemand is wat 'n siekte het wat aan hom 'gestuur' is. Dit wil sê dit is melekô 'probeerslae' (om hom te toor)."

(G.2). Die ngaka voeg nog Seromo: (*Barleria randii*) by, en nou word die kranke se hele liggaam daarmee ingevryf.

Die belangrikste gebruik van die kragmiddelhorning (lenaka la pheko) is as beskerming teen toordery. Sonder uitsondering glo elke Motswana dat toordery 'n werklikheid is. Selfs die Christen en die opgevoede naturel glo dat naturelle mekaar toor, al is dit dan ook net uit jaloesie oor jou welvaart of geleerdheid. Dit is daarom van soveel belang dat jy jouself daarteen moet beveilig. En juis hiervoor by uitstek, is die horning van kragmiddele by uitnemendheid geskik. So het byvoorbeeld die ngaka wat die horning gevul het, dadelik die kinders van die kraal geroep en begin deur bietjie van die swart 'salf' bo in die verhemelte van die oudste dogter te smeer. Daardeur was haar mond en spysverteringstelsel beveilig teen enige vorm van 'toordery' deur wat sy mag eet. Van die swart 'salf' is toe ook ingevryf in al haar ledemate: eers die vingers en toe die pols en elmboog, skouer, agter die ore, heup, knie, enkel en tone. Sodoende kan elke kind volkome 'beskerm' word teen toordery.

Ook die beeste en kleinvee moet beskerm word. Hiervoor word 'n spesiale middel berei in 'n emmer water waarmee hul besprinkel word om vrugbaarheid te verseker, en in hierdie middel word ook van die swart salf uit die kragmiddelhorning gegooi, om hulle volkome beskerming te bied. Die wa of motor waarmee jy ry of selfs jou skoene moet hier en daar 'n smeer van die swart salf aan kry, want dan is jy self ook gevrywaar van toordery. 'n Mens se huis kan ook beveilig word deur van die kragmiddel aan 'n paar dimepe of penne te smeer en hulle dan in die grond te kap by al die ingange. Ook die beeskraal kan net so beskerm word. 'n Besondere kenmerk van hierdie kragmiddel is dat indien enigiemand 'n poging sou aanwend om jou te toor, daardie toormiddel, of dit nou die weerlig is, of 'n slang, of wat ookal; dit sal terugslaan op homself, en hy sal self getref word deur die ramp wat hy na jou wou stuur. Volgens die Bantoe-etiek is dit regverdigbaar, want hy word nou net getref deur die kwaad wat hy aan jou gestuur het. Dis nie jy wat wraak neem nie, dis hy wat homself seermaak deur sy eie boosheid.

Soos in G.3 beskrywe kan daar ook 'n spesiale horning berei word teen toordery (lenaka la meleko). Dan vorm Mosalaosi: sering (*Melia azedarach*), die Sekwakwalla-matlotleng-sprinkaan en die Podile-kewer die hoofbestanddele. 'n Ngwato-ngaka het 'n ribbok-medisynehoring (lenaka la mfele) soos in G.4 beskrywe, wat hy as beskerming teen toordery gebruik en ook vir pyne in die liggaam. "As iets jou probeer (toor), dan krap jy (van die kragmiddel) uit, smeer dit aan 'n stokkie en gooi dit buitekant toe. Dit is nou assegaai. Of jy kan daarvan uitkrap en aan jou hare smeer. Die son word eerste deur die ribbok gesien. Dit beteken jy sal goed opstaan." (G.4). Die kragself wat in die ribbokhorning kom word saamgestel uit: elandvet, Phika-slangvet, die vet van Selala-byang 'wat in die gras lê' nl. 'n mens,

en die stert van 'n springbok. Hierby kom nog die plante: Monna-ga-apare, pampoen, Monna-ga-a-bone en Makuelele. Ook Tshere: (bobbejaanspinnekop) en die vet van 'n mamba en van sy bene, 'n phika-slang se vleis en bene en van sy gif, skerpioen en pofadder en leeuvet, en die vet van 'n wilde-hond en tier en wolf - moet in die mengsel kom. "As 'n mens 'n graf wás (tlhapisa lebitla), dan was jy met hierdie (kragmiddel)." Hierdie 'graf was' is die wraak wat by die graf geneem word oor iemand wat deur toordery sou gesterf het.

Daar is ook 'n horing teen die vyand (lenaka lá dira) soos bv. as daar in gevegte opgetree moet word. In G.5 sê die Kgatla-ngaka die twee hoofbestanddele is die hare van die klip- of rooihaas en dan ook die sandkoggelmander. "As jy hierdie haas probeer vang met jou hande, dan staan jy verbaas om te vind dat jy net sy hare het. Sy gees het ontvlug. Net so, as jy tussen jou vyande deur beweeg, dan sal jou gees mooi deurkom. Dit wil sê hulle sal jou nie vang nie." (G.5). Die sandkoggelmander kom in die preparaat want hy moet hulle "laat slaap", soos wat hyself platval en doodstil lê totdat 'n mens weer weg is. Die plante wat hierby moet kom is Mokae-kae: (*Ipomoea magnusiana* Schinz var. eenii (Rendl.) A. Meeuse) en Morobadieta: (*Ehretia rigida* (Thunb.) Druce) asook Phonyoka: (*Commelina erecta* L.). Al bogenoemde moet saam gebind word deur die bloed en vet van Molalathlageng: 'die ruigtelêer', d.w.s. 'n mens.

'n Ander Kgatla ngaka beskryf in H.11 hoe hy 'n medisynehoring maak vir die beveiliging van die beeskraal en om toordery af te weer en ook om die bul 'vas te maak' sodat hy nie rondloop nie, maar by sy eie kudde bly. In die horing moet kom: Magogwe: die miervreter, die snawel van 'n aasvoël en die neus van 'n wolf. Al drie moet wees wat doodgemaak is, d.w.s. wat nie vanself doodgegaan het nie. Hierby kom Mmabatsane: brandnetel (*Urtica*), Moretlwa: rosyntjebos (*Grewia flava*), Mmilo: mispel (*Vangueria cyanescens* Robyns) en Leswama. Die segsman in A.12 sê daar is vier basiese kragmiddelhorings, nl. vir: oorlog, die huwelik, die reis en vir die verandering van horings. Die horing vir die stat sê hy word verkry uit die horing vir die oorlog.

In G.6 verduidelik die proefpersoon, ook 'n Kgatla-ngaka, 'n belangrike beginsel in die bongaka-praktyk, nl. dat jy 'n persoon se kragmiddelhoring kan vernuwe of versterk en terselfdertyd sy vyande se medisynehorings waarmee hulle hom toor, laat verrot. "Ek onttoor (foka) dan. Ek vernuwe (sy medisynehorings) sodat hulle sterk kan wees en die oorwinning kan behaal. D.w.s. dat hulle (die toornaars) s'n sleg kan word." (G.6). Hy verduidelik ook hoedat na hy dit 'onttoor' het, hy 'toorgoed' (meleko) in die horing gaan plaas, "sodat ek dit weer kan bring op volle sterkte en die horing kwaai kan wees (gore le galefe)." Hy sê die bewys dat die horing kragteloos geword het, is as hy 'n wurm daarin kry. Hy steek die horing regop in die uitsifsel van Bantoe-bier. Dan sal die inhoud van die horing oprys soos brood en weer afsak nadat hy die wurm ook daarin saam vermeng het.

"Daardie (horings) van hulle is dan dood; hulle het vrot geword, al hulle medisynes." (G.6). Een van die middels wat volgens G.7 gebruik word om 'n horing te rêma: te verskerp of te vernuwe, is Kgalagetlwa-ya-dinoko: (Talinum caffrum (Thunb. Eckl. en Zeyh.). Ystervarke is baie lief vir hierdie bolplant: "En die ystervark is natuurlik 'n ngaka deurdat hy (plante) grawe. Dit is hy wat vir my sal leer dat 'n plant 'n gebruik het." (G.7). Die twee Kgatla-'geneeshere' in O.1 sê dat as hulle by 'n baie siek persoon kom, selfs al is hy nie getoor nie, dan neem hulle die medisynehoring en kerf sy hele liggaam in, veral die ledemate en smeer daar van die 'medisyne' in.

3. Die fluit (phala)

Soos by die ander Bantoestamme kom die fluit (phala) ook by die Tswana voor, om voorspoed te verseker of kwaad af te weer. Vergelyk bv. Mönnig (1967:93) by die Pedi, Junod (1913:291) by die Thonga; en ook Evans-Pritchard (1937:447, 472 e.a.) by die Azande van Sentraal Afrika.

Die fluit kan by die Tswana aangewend word om bv. soos in A.10 beskryf, 'n vreemde ngaka te 'toor' wat jou pasiënte kom afrokkel. Al wat jy moet doen is om sy naam te noem, hom 'n ramp toe te wens en op die beenfluit te blaas. Hierdie fluit kan van 'n bobbejaan se been, of van 'n gompou, of van die 'weerligvoël' of selfs van 'n mensbeen wees, en hang normaalweg aan die ngaka se nek. In D.16 weer beskryf 'n Kalaka ngaka hoe hy die weerligvoël terugstuur deur op die beenfluit te blaas wat hy van die vlerk van 'n weerligvoël gemaak het. (Vergelyk ook Hoofstuk VII (H).

As die kaptein aan die ngaka sê: "Maak 'n versamelaar!" dan neem hy volgens C.4 die vlerkbeen van 'n aasvoël en maak dit aan die een kant toe met mōka-bywas. Hy gooi mensvet en verpoeierde grasdraermiere daarin en maak dit toe met 'n proppe van die heuningvoël se nes van wilde-katoen. Wanneer die kaptein sy volk wil byeenroep, trek hy die proppe uit en blaas op die fluit, wat so as versamelaar sy onderdane byeen sal bring.

4. Om 'n "swaar skaduwee neer te sit"

Ook die Motswana glo dat 'n mens 'n seriti het, d.w.s. 'n 'atmosfeer' of persoonlikheid wat veral by belangrike mense aangevoel kan word. Sy grootheid is nie beperk tot binne in sy vel nie, maar omstraal hom en wanneer 'n mens naby so 'n belangrike persoon kom, dan word jy bewus van sy sterk persoonlikheid wat na alle kante toe uitstraal. Die woord seriti word hiervoor gebruik, en ook soms moriti wat skaduwee beteken. 'n Kgalagadi vrou het so bv. geweier om gefotografeer te word want sy het gesê: "O ntseela seriti" - 'Jy neem van my omstralende persoonlikheid'. Mönnig (1967:49-54) gee 'n baie goeie ontleding van hierdie begrippe by die Pedi, wat aansluit by die Tswana-opvatting. 'n Ngaka wil bv. by die Tswana graag verseker dat 'n gesiene persoon soos bv. die kaptein van wie hy die lyfarts is, met

so 'n sterk persoonlikheid tussen die skares sal beweeg en geëer sal word, en sê: "Om 'n swaar skaduwee neer te sit, (go beela moriti o o makete) beteken om tussen mense in te kom en op hulle te 'druk' (gore ba imege). Dit wil sê, hulle moet van jou hou." (C.7). Hy gebruik veral die Lesisimogo-plant hiervoor. Die naam beteken: 'Dit wat jou terug laat deins'. Die plant se ander naam Maimé beteken 'die Swaar-drukker'. (pr. *Ipomoea crassipes*) - wildewinde. Nie net kapteins nie, maar enige kliënt wat die vreemde moet ingaan soos bv. 'n jongman wat na die makgoweng: wit-mense, gaan om te gaan werk, kry hierdie plant om sy persoonlikheid te stimuleer "sodat hulle hulself kan help aangesien hul weg vol ontberinge is, soos die polisie of rondlopers." (C.7). Selfs die weerligvoël of hael of glad 'n motor wat op jou afgestorm kom of 'n ossewa wat oor jou sou gery het, of 'n mens wat op jou wil spring om jou aan te rand, word almal verhinder deur 'die terug-laat-deinser' wat jy gebruik! (C.7).

Wanneer dit 'n feestelike geleentheid is soos 'n huwelik of 'n partytjie dan word Serokolo en Tlhonya: (*Dicoma gerrardi*) in die vuur gegooi en die rook daarvan verseker dat al die gaste baie gesellig met mekaar sal verkeer (C.7). Dieselfde segsman gaan voort in C.8 om daarop te wys dat 'n persoon wat op reis gaan eintlik sy pad voor hom uit wil skoon maak en hy gebruik daarvoor die Moetapele-plant: 'Vooruitloper' (pr. *Thesium utile* A.W. Hill). Die gebruik hiervan verseker dat wanneer 'n persoon werk soek by wit-mense, daar nie andere sal wees wat voor hom die werk kry nie, dit sal skurke afskrik of persone wat hom wil hinder in sy werk, of selfs in swaar onweer kou hy 'n stukkie wortel en sê: "Moenie voor my loop nie! Mens loop nie voor 'n man nie, hy is mos nie 'n kind nie! Moenie voor my loop nie, maak vir my die pad oop!" (C.8). Selfs as die hael met 'n gedreun aankom spuug die persoon net 'n paar koutjies daarheen en sê: "Groei boontoe!" en die hael sal verbytrek!

Voorspoed moet nie aan die toeval of geluk oorgelaat word nie maar kan verseker word deur die Sebejane-plant te gebruik. Volgens E.27 moet die plant met die klein saadkorreltjies verpoeier word en jou vrou en elke kind moet daarvan eet, selfs deur die heel korreltjies in te sluk. Dit sal verseker dat die kinders gesond sal grootword en voorspoedig sal wees. "Indien jy pligsgetrou sō handel sal jy kinders kry en beeste en koring en geld, want hierdie is 'n kragmiddel vir volledige welvaart." (E.27).

Liefdesmiddelle speel skynbaar nie by die Tswana so 'n belangrike rol as bv. by die Zoeloe nie, waarskynlik omdat volgens Tswanagebruik ouers vroeër jare die huwelik vir hul kinders probeer reël het in die voorkeuruwelijke. Vergelyk Bruwer (1956:73): "Hierdie gebruik is veral onder die Sothovolke sterk op die voorgrond. Dit is boal verkieslik dat 'n man in die huwelik sal tree met sy moeder se broer (malome) se dogter." Nietemin bestaan die moontlikheid altyd dat 'n jongdogter nie behoorlik sal trou nie, en lank ongetroud bly. Om haar sukses te verseker word in E.28 die voorskrif gegee

nl.: Tlhokwalatsela: wilde angelier (*Dianthus namaënsis* Schinz); Radimonemone: klipdagga (*Leonotis leonorus*); en Ntshale-morago: 'volg-my'. Hulle word saam verpoeier en aan die dogter gegee om haar daarmee te was elke twee weke, 'totdat sy werklik 'n man vind. Daarna sal sy nie meer teenspoed ondervind nie'. (E.28).

Die ngaka self moet ook sorg dat hy voortdurend op hoogte is van wat om hom gebeur, en veral dat sy optrede en woorde aangenaam sal wees vir sy kliënte. Hiervoor gebruik hy die plant Molomo-o-monate: 'aangename mond' wat ook Ntige: 'laat-my-val' genoem word. "Soos wat ek 'n ngaka is, moet ek kennis hê van die mense wat ek opdragte gee of wat ek behandel, sodat ek hulle kan help en ek nie in die duisternis bly nie." Hierdie plant sê hy sal hom help om al is dit 'n geheim, daarvan te hoor en presies te weet wat gebeur het as hy bv. op 'n saak afkom. As hy die plant gebruik, sê hy: "dan sal die woorde wat hy praat aangenaam wees en mense nie aanstoot gee nie. Dit beteken ook dat soos wat jy 'n kaptein is, of 'n ngaka of 'n leraar, jy is vader-van-almal (Rra-batho). Jou woorde moet reguit wees." (E.30). Ook in A.3 wys hy hoe hy tydens sy opleiding geleer is om Molomo-o-monate te gebruik, om altyd 'n aangename persoonlikheid te hê.

D. VERGOEDING VAN DIE NGAKA

Die Motswana gaan uit van die standpunt dat daar 'n voortdurende ekonomiese ewewig in die samelewing behoort te wees, en dat vir dienste wat gelewer is, daar 'n vergoeding gegee moet word. Maar, dan moet die gelewerde dienste ook bevredigend wees. Hieruit volg dat as 'n geneesheer met sy kennis, tyd en kragte 'n siek mens weer gesond gekry het dat hy dan met reg aanspraak maak op vergoeding; gewoonlik is dit 'n bees, soos bv. in O.1: "As Modimo wil, sal hy gesond word en hy sal dan aan my 'n bees gee sodra hy gesond is." Maar die implikasie is nou ook dat dié persoon voortaan die dipheko, leswalo en tshitlô (swart salf in die horing) gaan gebruik soos die geneesheer voorgeskryf het, en nou sal hy verder gesond en voorspoedig bly. Sodra daar dus weer enige siekte kom by hierdie kranke of in sy familie, van wie die ngaka nou 'familiedokter' is, dan word hy ontbied om weer te kom aanvul met 'n verdere behandeling. Hiervoor kry hy ook weer 'n vergoeding, soos bv. R1 wat werklik in twee spesifieke gevalle betaal is.

Indien 'n pasiënt nie gelukkig voel oor sy siekte wat net nie wil gesond word nie, dan gee hy vir die ngaka 'n vergoeding volgens wat hulle mag ooreenkom vir sy moeite en hy gaan weg na 'n ander ngaka, om weer daar te probeer. Pasiënte is baie bang om van 'n ngaka weg te gaan sonder om hom tevrede te stel wat die vergoeding betref, want dan kan hy jou maklik toor sodat jy 'n permanente invalide word! Die vergoeding is nooit meer as 'n bees vir die behandeling van siekte nie.

E. SAMEVATTING

Die afwering van siekte en teenspoed, asook die behandeling daarvan, vorm een van die belangrikste vertakkinge van die ngaka se beroep. Vir hom is siekte die vermindering van 'krag' en hy moet alles in die werk stel om die pasiënt se 'krag' weer op te bou en van hom weg te neem wat hom 'neerdruk'. Siekte kan weens die wil van Modimo (God), of van die badimo (die voorouergeeste) of weens boloi (toordery) om die mens kwaad aan te doen, of dan ook weens 'n 'natuurlike' oorsaak soos iets wat nie eetbaar is nie wat iemand siek gemaak het, wees. Siekte kan betyds afgeweer word as 'n ngaka die nodige voorsorgmaatreëls tref. Elke lid van die gesin moet vroegtydig beskerm word met 'n afweringsmiddel en ook met 'n mogato (vertrapper) om die toordery te 'vertrap'.

Die behandeling van siekte sal afhang van die ngaka se diagnose; hier is 'n baie uitgebreide en selfs gespesialiseerde veld met talle fasette soos deur die dingaka beoefen, waarvan enkele van die belangrikste die volgende is: Die hart en bloedstelsel is vir die Motswana van lewensbelang omdat 'n mens se 'krag' in sy bloed setel. Daarom moet die bloed altyd skoon wees en die hart moet die bloed net reg pomp. 'n Hart vol 'skuim' kan 'n mens bv. 'besete' maak. Besetenheid kom wanneer 'n vrou se bloed te sterk na haar kop vloei. So kan droefheid 'n hart te vinnig laat klop en daarom moet die ngaka dit laat bedaar met Sejabaleki: (*Scilla lancifolia*) wat 'n digitalis-uitwerking het. Braking word ook dikwels voorgeskryf vir 'n 'skuimerige' hart wat veroorsaak word deur bv. 'n mot wat weens toordery daarin rondfladder. Die nog kloppende hart van 'n oopgekloofde skaap is die belangrikste voorskrif in die behandeling. Daar is 'n hele aantal Tswana-dingaka van wie gesê word dat hulle met welslae malheid kan genees.

Vallendesiekte kom dikwels voor onder die Batswana en wek kommer by die familieledede. Die 'spesialis' gebruik hier besondere dipheko (kragmiddele) soos o.a. die namakwa-duifie, die soetdoringboomwurm, 'n skaapkopwurm, vlakvarkmis en vlakvarkluise asook baie kragtige plante om die vallendesiekte te genees. Ook word die 'groot hoofpyn' veroorsaak deur drukking van te veel bloed in die kop. Hierdie bloed, word dikwels gesê, is 'vrouebloed' wat in die man gekom het en nou 'n drukking en lendepyne veroorsaak. Hierdie slegte bloed moet sigbaar verwyder word deur die man middele soos die Mositsane: elandsboontjie en ook Thotamadi: (*Jatropha erythropoda*) te laat drink, wat hom rooi water sal laat urineer. Die hoofpyn kan ook met 'n warm potskerf "afgelig" word en in 'n baie ernstige geval kan 'n miswurm op die kop geplaas word om oorkruis te loop en druppeltjies bloed op te suig om sodoende die slegte bloed te verwyder. Bloeding van die neus of tandvleis word ook veroorsaak deur 'n hart wat te vinnig bloed pomp. Die behandeling vereis dus behandeling met etlike plante asook bv. die ietermago wat die bloed sal laat 'kop-intrek'. 'n Mens se bloed moet suiwer wees en daarom mag hy o.a. nooit van die vet of ander liggaamsdele

van sy totemdier in sy medisyne kry nie. Seswagadi:verfbol (Jatropha zeyherii) en verskeie ander plante soos selfs dagga (Cannabis sativa L.) word gebruik om die bloed te reinig.

'n Vrou en 'n man se bloed 'versamel' om 'n nuwe mens te vorm en daar is gekompliseerde voorskrifte en behandelinge om dit te probeer bewerkstellig, veral by persone wat nie kinders kry nie. Die bevrugting vind plaas in die tweede week na menstruasie volgens een ngaka, wat voorsorg tref dat die baarmoeder "op een plek sal staan en nie ... skommel nie." Geslagsverandering kan ook gereël word voor die geboorte, deur inkerwinge aan die vrou en man te maak. Die baarmoeder kan ook gehelp word met die ontvangenis veral deur die turfurm of skerpioen en verskeie plante. Ook vrugbaarheid kan bevorder word by mens en dier. Voëlent kan as toormiddel gebruik word om 'n verwagte vrou mee só te toor dat sy nie kan kraam nie. Die ngaka moet hierteen die nodige voorsorg tref en ook help in so 'n situasie met verskeie plante wat aangewend kan word. Tydens die bevalling moet die ngaka help, o.a. met Magorometso, Matlhomaganyang, Tallapoa en ander plante. So word bv. slangkop wat 'n giftige plant is ook gebruik om aanhoudende bloeding na die geboorte te beëindig. Sowel die moeder as die baba, selfs vanaf die 2^e dag na die geboorte, moet gehelp word met verskeie plante om welstand en gesonde groei te verseker. Sommige plante is plaasvervangend of aanvullend by die moedersmelk. Volstruiseierdop en o.a. die Plumbago-plant word gebruik vir 'n ingesakte fontanella. Die reëlings van maandstondes wat moet saamhang met nuwemaan, is een van die ngaka se spesialiteite. Verskeie plante waaronder ook Thotamadi word hiervoor gebruik, ook om 'n oormatige bloedvloeiing te laat bedaar. Hierdie is 'n baie belangrike vertakking van die bongaka omdat hierdie ritueel-onreine toestand onvrugbaarheid van mens en dier ten gevolge het, en dus streng beheer moet word.

Mans ly dikwels lendepyne en trek krom vanweë bg. rituele onreinheid en moet dus ook gehelp word om weer ontslae te raak van vrouebloed, deur die gebruik van verskeie plante wat die ngaka aan hul voorskryf. Ook na elke tydperk van lang afwesigheid moet beide die man en vrou behandel word om moontlike ongesteldheid te voorkom. As 'n man by 'n vrou was wat 'n miskraam gehad het, word hy so ellendig siek dat die ngaka hom moet help met Tetsabanna: 'die mans-laatskreeuer' nl. die geel en swart kewer *Mylabris oculata*. Die giftige kantaridin van die kewer veroorsaak waarskynlik nierbloeding wat geïnterpreteer word as die vrouebloed wat uitkom. Onoordeelkundige behandeling is somtyds noodlottig. *Pavetta zeyherii* word by ernstige siekte aan mans gegee om 'n aanduiding te kry van hulle kanse op herstel. Neusbloeding tydens gemeenskap word veroorsaak deur die metgesel en moet ook deur medisyne voorkom word. Kiepersolwortel moet gedrink word vir 'n geswelde scrotum.

Die dood bring ongesteldheid, en die ngaka moet dit voorkom of genesing bewerkstellig. Hy moet die oorgangsritusse vir die agterblewenes na 'n sterfgeval reël, o.a. deur

behandeling met 'n geslagte dier se dikderm, met Mogaga: maerman (*Urginea altissema*); Mosimama: sambokbossie (*Senecio longiflorus*) en ander plante. Na verloop van 'n jaar moet die ngaka die weduwee of wewenaar ritueel reinig met etlike plante, en ook nog weer wanneer hulle hertrou.

Soms kom dingaka te staan voor 'n ernstige krankheid en dan kerf hulle die pasiënt in met 'kragself' uit die medisynehoring. Vir verligting van koorsigheid skryf die ngaka Aloe Marlothii se gedroogde blare voor, wat op gloeiende kole gegooi word en wat dan saam met die pasiënt onder komberse geplaas word sodat hy die dampe kan inadem en die siekte uitsweet. Soms moet die ngaka weer met 'n ander behandeling vir die kranke voorbidding doen by die badimo, die afgestorwe voorouers, o.a. deur hom te forola, d.w.s. die siekte in rolletjies met medisyne van hom af te 'vrywe' en vir rysmiere te gooi wat die boodskappers van die badimo is wat onder die grond woon. "En as die Here wil sal hy gesond word!" Maagbloeding kan noodlottig wees maar ook 'effektief' behandel word veral met Mogonono: sandgeelhoutwortel of Morotologa-wa-namare: suurpruim.

Adenia digitata of Mojaja: (bobbejaangif) is dodelik, maar elandsboontjie Mosibi: (*Elephantorrhiza elephantina*) kan as effektiewe teengif ingegee word aan persone wat van die vrugte of bol van die bobbejaangif geëet het. Laasgenoemde het nl. 'n hoë blousuurinhoud, en die elandsboontjie weer looisuur. Die Adenia digitata wat ook 'n hoë modeccin inhoud het word ingekerf net onderkant die bors in gevalle van groot pyn, wat dan na bewering sal bedaar.

Aambeie en verwante kwale word behandel met die Modikaletlhaka-plant, sowel inwendig as deur magiese simboliek. Om 'n galaanval te behandel word die Sebete-swam van 'n kameeldoringboom gebruik as 'medisyne', en ook die wildepronkertjie Mokapane: (*Neorautanenia ficifolia*) wat 'n baie kwaai purgeermiddel is. Behandeling van die scrotum en prostaat is 'n gespesialiseerde diens o.a. deur met die 'sap' van die Tetsabanna-kewer 'n opening deur die vel van die scrotum te brand waar die groenerige water sal uitloop. Die wond word weer genees met klipdagga Radimonymony. Vir die prostaat word Mothata: doppruim (*Pappea capensis*) gebruik. 'n Geswel kan verwyder word met die Tlhapi-plant en met Letshoo-la-tau: vingerpol.

Daar is verskillende vorme van borskwale wat behandel word met Tshuku-ya-pōō: Bantoetulp (*Hypoxis rooperi*) of ook met Monatō: wildesering (*Burkea africana*) of Mosetlha: huilbos (*Peltophorum africanum*) en andere.

Vir been en voetswere wanneer die kranke met Moroba-dieta e.a. plante getoor is, asook met die agterste beenspier van 'n bobbejaan en 'n mol, dan moet die ngaka kundig tewerk gaan o.a. met Ntshengwe, Moragangaka: bosboekenhout of stinkbas (*Pittosporum viridiflorum*). Die beenswere sal swart word van hierdie behandeling en genees. Wanneer die bene en voete swel moet o.a. die bloed van 'n

ietermago, stinkmiere en erdvarkmis gebruik word saam met etlike plante, waarmee die ngaka met sy kaal voet eers op 'n gloeiende yster en dan op die pasiënt se knieë trap "dat die rook uitslaan. En dit moét! Hy moét gesond word!" Die pasiënt sal hier soos in baie ander gevalle onder komberse moet sit en uitsweet, met die Mosokobyane- en Morotothobe-plante in 'n potjie met kookwater. Vir seer voete word Mosibi:bergelandsboontjie en Motlapatlapa asook Thotsanathunya aanbeveel, wat gepaard gaan met inkerwinge en bloedlating deur middel van die motlhogo:suighoring. Gewrigsontsteking en rumatiek vind na bewering verligting wanneer Makokoâne:vermeerbossie (*Geigeria africana*), klipmelkbos Mokaka: (*Euphorbia schinzii*) en Aloe marlothii gebruik word. Vir beskerming teen bloedvergiftiging, frakture, verswikking en gewrigspyn is ook middele beskikbaar. Velaandoeninge in die vorm van brandwonde, sere, pitswere, bloedvinte, karbonkels word in 'n ernstige lig beskou en dikwels as vorms van boloi (toordery) geïnterpreteer en elk dienooreenkomstig behandel met o.a. wurms, 'n mol, en verskeie plante. Oor-, neus- en keelaandoeninge kan ook effektief behandel word met Mosokelatsebe:aambeiwortel (*Sansevieria pr. guineensis*), Mogôtlhô:kameeldoring (*Acacia giraffae*), Monnamontsho:swartstorm (*Cadaba aphylla*) en verskeie ander plante soos bitterappel vir wit sere in die keel. Tandpyn word deur 'n 'wurm' veroorsaak wat die tand wegvreet en kan 'doodgemaak' en verwyder word met Masegomabe:swartwaterbossie (*Plumbago zeylanica*), of met Tholwana:bitterappel (*Solanum Panduraeforme*). Seeroë kom dikwels onder die Tswana voor en verskeie plante word ook hier in die behandeling gebruik, soos o.a. Monokomêêle:knophout (*Fagara capensis*).

Magiese ritusse kom meermale voor by die behandeling van langdurige siektes, soos wanneer die lewende hoender se pote afgesny moet word voor hy doodgemaak word, om daarmee die hart te kalmeer sodat die pasiënt net so rustig sal slaap soos die hoender met 'n opgetrekte poot. So ook word die siek asem van 'n kranke omgeruil met dié van 'n gesonde bok, deur die twee langs mekaar te laat lê; of dan ook weer moet 'n lewendige bobbejaanspinnekop met sy pootjies die siekte uit 'n baba se gesiggie 'krap'. Plante word ook met magiese eerbied behandel, bv. sodat geen skadu op hul val nie, of dat nie met die hand aan hulle geraak mag word nie. 'n Pasiënt moet met siekte in 'n gat staan, die voete toegegooi word en dan 'uitklim' terwyl die siekte agterbly. Bloedlating en inkerwinge is van groot belang in die Tswana bongaka. 'n Miswurm is hier van besondere waarde om die 'slegte' bloed uit te suig. 'n Sejesô of vreter, soos 'n 'krokodil' of 'padda' moet uit die ingewande van die pasiënt verwyder word o.a. deur 'n motlhogo of suighoring. Ook kan die sejeso eers met kwaai middele soos met Monkgopho:naboom (*Euphorbia ingens*) 'doodgemaak' word binne in die pasiënt en dan na ontbinding in stukkies uitgebring word. Die giftige Theteli-plant:slangkop (*Urginea sanguinea*) kan ook hiervoor gebruik word, of in uiterste gevalle ook nog die dodelike Tsebe-dintlha:Boesmangifboom (*Acokanthera oppositifolia*) wat alle ingewandswurms en 'slange' sal doodmaak en tevoorskyn bring.

Om 'n getoorde kranke te behandel is baie gevaarlik vir sowel die ngaka as die pasiënt omdat dit 'n kragmeting is met die torende ngaka en sy kliënt. Siektes wat deur toordery veroorsaak word is derhalwe ook baie moeilik om te genees en verg spesiale behandeling met 'n kragtige plant Mogato soos bv. Tshipi-e-bogale: (Sphedamnocarpus pruriens). Diphera, d.w.s. wanneer iemand siek is omdat hy onsuksesvol probeer toor het, is baie moeilik om te genees, omdat sy 'slagoffer' te sterk was en die toorgoed op die afsender teruggestuur het.

Slangbyt kom dikwels voor en daarom het die ngaka ook 'n horing gereed met 'n teengif, waarin o.a. dele van al die giftigste slange aanwesig is. Ook word gewoonlik aan die persoon wat gebyt is 'n braakmiddel gegee, of selfs aan die bode wat gestuur is om die ngaka te ontbied: ... "hulle sal dan altwee opgooi."

Die voorkoming van teenspoed is die voor die handliggende taak van die ngaka, wat bewus is van al die gevarepunte. Elke Motswana is vanaf sy geboorte voortdurend blootgestel aan omringende onheile en moet met die nodige afweringsmiddele soos bv. die kragmiddelhorning (lenaka la pheko) beskut word. 'n Deel van die beveiligingsritus bestaan daarin dat die behandelde persoon halfnakend met 'n brandende naboomsplinter 'belig' moet word en tussen die ngaka se bene moet deurkruip om sodoende 'agtervolgende toordery' af te skud met die gerusstellende woorde van die ngaka: "Hy wat my soek, ek soek hom! Laat ons mekaar ontmoet!" Teenspoed van mense, diere, landerye en besittings word op 'n verskeidenheid van maniere voorkom. Amulette wat bestaan uit 'n stukkie waterlikkewaanel met grafgrond in moet om die nek gedra word deur persone wat deur die badimo (afgestorwenes) gepla word. Selfs getroue Christene dra nog 'n stukkie vel van 'n offerdier om die pols, of van die Mmawa-plant om teen weerlig beskerm te word. Heel dikwels word 'n kind aangetref met 'n wildekat- of muishondvel om die nek gebind, sodat die kind as ondieer nie deur die badimo herken en weggeraap sal word om vir hulle te kom werk nie.

Tokkelossie kom ook by die Kgatla voor as 'n kort harige sterk mannetjie wat veral vrouens geslagtelik lastig val. Die dingaka kan hom nie net verdryf nie maar na bewering ook doodmaak o.a. deur koeke van Khupamarama: groot bitterappel (Solanum incanum) vir hom te maak om te eet, of die giftige Moilanong: gifboom (Synadenium cupulare) in te gee.

Voorspoed kan verseker word deur 'n leswalo (voorspoedsalf) vir kliënte te berei wat hul werk sal besorg in Blanke stede, die werk sal beveilig, polisie sal afweer, en seëninge sal bring wat van die badimo gevra word deur 'n 'rookgebed'. Die plant Makgonatsotlhe: 'die-alles-regkry' (Sphedamnocarpus pruriens) vorm die grondbestanddeel van die leswalo waarin bergvliegies, grasdraermiere, luislangvet en ander dipheko (kragmiddele) kom.